



GESLAGSOPVOEDING VAN DIE KLEURLINGKIND

deur

JOSEPHINE THERESE DE KLERK
B.A., B.ED., U.O.D.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
DEPARTEMENT VAN PSIGO- EN SOSIOPEDAGOGIEK

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

LEIER: PROF. J.W.M. PRETORIUS

PRETORIA
1983

(ii)

AAN:

TONIE

ANTONIE

THERESE

(iii)

DANKBETUIGING

Met opregte waardering wil ek graag my dank uitspreek teenoor

- * prof. J.W.M. Pretorius, wat op bekwame, doelgerigte en vriendelike wyse die leiding gegee het tydens my studie;
- * mnr. Jan Nieuwenhuis vir sy geduldige ondersteuning en belangstelling;
- * mnr. J.B. Haasbroek en kollegas vir hulle belangstelling;
- * die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat my die geleentheid gebied het om navorsing in die onderhawige studieterrein te onderneem en die empiriese gegewens vir die verhandeling te gebruik;
- * die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge vir toestemming verleen om gegewens wat op hulle versoek versamel is, te gebruik in die verhandeling;
- * mev. E. Hilliard vir proeflees en versorging.
- * mev. Rona Schoeman vir die deeglike wyse waarop sy die tikwerk behartig het;
- * my man en kinders vir hulle belangstelling, geduld en opofferings wat hulle moes maak.

PRETORIA
OKTOBER 1983

INHOUDSOPGawe

Bladsy

HOOFSTUK 1: TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING	1
1.2 TEMA-ANALISE	5
1.2.1 Geslagsopvoeding	5
1.2.2 'n Sosiopedagogiese perspektief	12
1.2.3 Die Kleurlingkind	22
1.3 PROBLEEMSTELLING	24
1.4 HIPOTESEVORMING	27
1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING	28
1.5.1 Literatuurstudie	28
1.5.2 Meningspeiling	29
1.6 PROGRAM VAN STUDIE	29
HOOFSTUK 2: GESLAGSOPVOEDING IN PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF	30
2.1 INLEIDING	30
2.2 GESLAGSOPVOEDING AS BESONDERE WYSE VAN OPVOEDING	31
2.2.1 Enkele kenmerke van die opvoedingsverskynsel	32
2.2.2 Wesenskenmerke van opvoeding vanuit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou	33
2.3 GESLAGSOPVOEDING	36
2.3.1 Enkele wesenskenmerke van geslagsopvoeding	36
2.3.2 Die funksie van geslagsopvoeding	41
2.3.3 Die doel met geslagsopvoeding	42
2.4 DIE KIND SE AANDEEL IN GESLAGSOPVOEDING	47
2.5 SINTESE	51

HOOFSTUK 3: GESLAGSOPVOEDING IN SOSIOPEDAGOGIESE PERSPEKTIEF	54
3.1 INLEIDING	54
3.2 GESLAGSOPVOEDING EN SOSIOPEDAGOGIESE ESEN=SENSIES	54
3.2.1 Opvoeding in saamlewe	54
3.2.2 Opvoeding tot saamlewe	55
3.2.3 Opvoeding as ontvouende intermenslike kommunikasie	57
3.2.4 Wisselwerking tussen opvoeding en samelewing	59
3.2.5 Opvoeding as sosiaal-maatskaplike oriëntering	60
3.2.6 Opvoeding as begeleiding met identiteitsverwerwing	61
3.3 MANIFESTASIES VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKHEID	62
3.4 MOONTLIKE VEROORSAKENDE FAKTORE VIR PROBLEME TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKE GEDRAG	63
3.4.1 Faktore in die gesin	64
3.4.2 Faktore in die samelewing	66
3.5 DIE TAAK VAN DIE OUERS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING	69
3.6 DIE TAAK VAN DIE SKOOL	73
3.7 SLOTOPMERKING	75
HOOFSTUK 4: 'N MENINGSPEILING: KLEURLINGOUERS EN -ONDERWYSERS SE MENINGS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING	76
4.1 DIE ONDERSOEKGROEP	76
4.1.1 Die steekproewe	78
4.1.2 Die ondersoekgroep in terme van enkele verdellers	80

4.2 FAKTORE IN DIE GESIN WAT OP GESLAGSOPVOEDING BETREKKING HET	87
4.2.1 Respondente se bron van inligting rakende geslagsaangeleenthede	87
4.2.2 Bron van inligting waar kinders hulle geslagskennis opdoen	92
4.2.3 Kinders se kennis aangaande geslagsaangeleenthede	95
4.2.4 Kinderbegeleiding deur ouers ten opsigte van geslagsopvoeding	96
4.2.5 Faktore in die gesin wat 'n nadelige invloed op die geslagsopvoeding van kinders kan uitoefen	99
4.2.6 Gevolgtrekking aangaande huidige stand van geslagsopvoeding in gesinsverband	104
4.3 FAKTORE IN DIE SAMELEWING WAT 'N INVLOED OP GESLAGSOPVOEDING KAN UITOEUFEN	106
4.3.1 Invloede vanuit die samelewing wat moontlik 'n nadelige invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen	106
4.4 MENINGS VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL	111
4.4.1 Deskundige advies en hulp aan ouers met betrekking tot geslagsopvoeding van kinders	111
4.4.2 Geslagsopvoeding op skool	113
4.5 MENINGS VAN DIE ONDERWYSKORPS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL	117
4.5.1 Meningspeiling ten aansien van die noodsaaklikheid van geslagsopvoeding	117

4.5.2 Persone wat verantwoordelikheid vir geslagsopvoeding moet aanvaar	118
4.5.3 Meningspeiling insake onderskeie aspekte van geslagsopvoeding op skool	119
4.6 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN RESPONDENTE SE MENINGS OOR GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL	127
HOOFSTUK 5: DIE OPVOEDINGSOPGawe TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKHEID	129
5.1 INLEIDING	129
5.2 DIE DOEL MET GESLAGSOPVOEDING	129
5.3 DIE AARD VAN GESLAGSOPVOEDING	131
5.4 OPVOEDERS WAT VERANTWOORDELIKHEID MOET AANVAAR VIR GESLAGSOPVOEDING	132
5.4.1 Die taak van die ouers ten opsigte van geslagsopvoeding	132
5.4.2 Die skool se taak ten opsigte van geslagsopvoeding	133
5.4.3 Probleme rondom die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram op skool	134
5.5 FAKTORE WAT GESLAGSOPVOEDING BELEMMER	138
5.5.1 Faktore in die gesin	138
5.5.2 Faktore in die samelewing	139
5.6 MOONTLIKE GEVOLGE VAN ONTOEREIKENDE GESLAGSOPVOEDING	140
5.7 GEVOLGTREKKING	141
5.8 SLOTOPMERKINGS	142
SAMEVATTING	144
SUMMARY	147
BRONNELYS	150

(viii)

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL NOMMER</u>		<u>Bladsy</u>
4.1	KATEGORIEË ONDERWYSPERSONEEL: UNIVERSUM EN STEEKPROEF	78
4.2	ONDERWYSKORPS: GESLAG EN INSTANSIE WAARAAN VERBONDE	81
4.3	ONDERWYSKORPS: OUERDOMSVERSPREI= DING VAN RESPONDENTE	82
4.4	ONDERWYSKORPS: KWALIFIKASIES	82
4.5	OUERS: WIE HET DIE VRAE LYS INGEVUL,	83
4.6	OUERS: HUWELIKSTATUS	83
4.7	OUERS: OUERDOMSGROEPE	84
4.8	OUERS: KWALIFIKASIES	85
4.9	OUERS: GROEPERING VAN RESPONDENTE IN KERKVERBAND	86
4.10	MENINGSPEILING: BESKIK KINDERS OOR VOLDOENDE EN BEHOORLIKE KENNIS RAKENDE GESLAGSAANGELENTHEDE?	96
4.11	MENINGSPEILING: BIED OUERS GENOEG= SAME LEIDING MET BETREKKING TOT GESLAGSAANGELENTHEDE AAN HUL KIN=	96
4.12	DERS, REDES HOEKOM OUERS NIE GENOEG LEI=	97
	DING GEE NIE	

(ix)

TABEL NOMMER

Bladsy

4.13	MENINGSPEILING: WIE MOET VERANTWOORDELIKHEID AANVAAR VIR GESLAGSOPVOEDING	98
4.14	MENINGSPEILING: NADELIGE INVLOEDE VANUIT DIE GESIN OP GESLAGSOPVOEDING	100
4.15	MENINGSPEILING: INVLOEDE VANUIT DIE SAMELEWING WAT 'N NADELIGE UITWERKING OP GESLAGSOPVOEDING KAN UITOEUFEN	107
4.16	MENINGSPEILING: VERSKAFFING VAN DESKUNDIGE ADVIES EN HULP AAN OUERS	112
4.17	MENINGSPEILING: OUERS TEN GUNSTE VAN OF TEEN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL	113
4.18	REDES WAAROM OUERS NIE TEN GUNSTE IS VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL NIE	114
4.19	MENINGSPEILING (OUERS): DIE GE=SKIKSTE PERSOON OM GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL AAN TE BIED	115
4.20	MENINGSPEILING (OUERS): MOET LEER=LINGE VERPLIG WORD OM GESLAGSOP=VOEDINGSLESSE BY TE WOON?	116
4.21	MENINGSPEILING (OUERS): MOET SEUNS EN DOGTERS SAAM OF APART GESLAGSOPVOEDING ONTVANG?	117

TABEL NOMMER

Bladsy

4.22	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : IS GESLAGSOPVOEDING ENIGSINS NODIG?	118
4.23	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : WIE SE TAAK IS GESLAGSOPVOEDING?	118
4.24	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : TEN GUNSTE VAN OF TEEN GESLAGSOP= VOEDING OP SKOOL	119
4.25	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : MOET KINDERS VERPLIG WORD OM GE= SLAGSOPVOEDINGSLESSÉE BY TE WOON?	120
4.26	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : MOET SEUNS EN DOGTTERS SAAM IN DIESELFDE KLAS GESLAGSOPVOEDING ONTVANG?	121
4.27	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : KAN TOEREIKENDE GESLAGSOPVOEDING TOT 'N VERMINDERING VAN GESLAGS= PROBLEME AANLEIDING GEE?	122
4.28	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : MOET GESLAGSOPVOEDING AS APARTE VAK AANGEBIED WORD?	123
4.29	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : BY WATTER VAKKE KAN GESLAGSOPVOEDING GE'INTEGREER WORD?	124
4.30	MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS) : EVALUERING VAN GESLAGSOPVOEDINGS=KENNIS	125

TABEL NOMMER

Bladsy

4.31 MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS):
 MOET LEERKRAGTE SPESIALE OPLEI=
 DING IN GESLAGSOPVOEDING ONTVANG? 127

LYS VAN FIGURE

<u>FIGUUR NOMMER</u>		<u>Bladsy</u>
2.1	SINSAMEHANGE TUSSEN DIE VER= SKILLENDÉ KOMPONENTE VAN GE= SLAGSOPVOEDING	52
2.2	GESLAGSOPVOEDING IN PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF	53
4.1	BRON VAN INLIGTING RAKENDE GE= SLAGSAANGELEENTHEDE (OUERS)	88
4.2	BRON VAN INLIGTING RAKENDE GE= SLAGSAANGELEENTHEDE (ONDERWYS= KORPS)	90
4.3a	BRON VAN INLIGTING WAAR KINDERS HUL KENNIS RAKENDE GESLAGSAAN= GELEENTHEDE OPDOEN (OUERS SE MENING)	93
4.3b	BRON VAN INLIGTING WAAR KINDERS HUL KENNIS RAKENDE GESLAGSAAN= GELEENTHEDE OPDOEN (ONDERWYS= KORPS SE MENING)	94
4.4	RESPONDENTE WAT INVLOEDE AS STERK NADELIG BESKRYF HET	102
4.5	RESPONDENTE WAT INVLOEDE VANUIT SAMELEWING AS STERK NADELIG VIR GESLAGSOPVOEDING BESKRYF	108

HOOFTUK 1

TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In 'n deurskouing van geslagsopvoeding as wyse van opvoeding word die navorsers onmiddellik gekonfronteer met enkele probleme en vrae ten opsigte van dié studierein. By die bestudering van die tersaaklike literatuur word 'n mens daarvan bewus dat daar uiteenlopende teorieë oor die aard, doel en inhoud van geslagsopvoeding bestaan. Daarbenewens bestaan daar ook uiteenlopende menings oor wie verantwoordelikheid moet aanvaar vir die geslagsopvoeding van kinders. Twyfel bestaan selfs of dit hoegenaamd nodig is om kinders ten opsigte van geslagsaangeleenthede op te voed. Die ondersteuners van dié houding gaan van die standpunt uit dat geslagtelikhed 'n "natuurlike" aangeleentheid is ten opsigte waarvan die kind wel op die regte tyd self die nodige sal leer (Bruess en Greenberg 1981).

Die rede waarom geslagsopvoeding as problematies ervaar word, is geleë in die hoogs persoonlike en intieme aard van bepaalde inhouds, daarvan, veral dit wat betrekking het op die erotika, die sensuele en geslagsgemeenskap. Gepaardgaande met dié hoogs sensitiewe inhouds word die probleem geïntensiever deurdat norme en waardes, wat 'n deurslaggewende rol in geslagsopvoeding speel, in die eietydse samelewing verbaag het of verwarring skep. Aangesien navorsers, wat hulle met dié studierein bemoei, die verskynsel vanuit verskillende mensbeskouinge, persoonlike lewensopvatting en verskillende vakdissiplines benader, bestaan daar wyd uiteenlopende teorieë en houdinge ten opsigte van geslagsopvoeding.

In die onderhawige studie word geslagsopvoeding vanuit 'n opvoedkundige perspektief benader, met 'n antropologies-personologiese mensbeskouing as grondslag.

By 'n bestudering van geslagsopvoedingsprogramme in enkele oorsese lande, soos deur Bongers en De Klerk (1980) beskryf, is onder andere die volgende bevind:

- * Slegs in Swede word alle skole verplig om geslagsopvoedingsprogramme aan te bied.
- * In ander lande, waar geslagsopvoeding wel in skole aangebied word, is daar min eenvormigheid ten opsigte van die doel, aard en inhoud van sodanige programme.
- * Norme en waardes mag oor die algemeen slegs "neutraal" voorgehou word, aangesien "moralisering" volgens verskeie onderwysowerhede nie binne die bestek van die skool tuishoort nie.
- * Ouers word primêr as die geskikste persone beskou om die geslagsopvoeding van hulle kinders waar te neem. Baie ouers is egter huiwerig en toon 'n gebrek aan openhartigheid om intieme sake met hulle kinders te bespreek.

Gordon (1977) beweer byvoorbeeld dat slegs 20 % van die ouers in die VSA daarin slaag om hulle kinders toereikend ten opsigte van geslagsaangeleenthede op te voed. Davies, soos aangehaal deur Schornack (1982), beweer dat die meeste probleme wat jeugdiges ten opsigte van geslagsaangeleenthede ondervind deur sogenaamde "parental abdication" veroorsaak word, met ander woorde, ouers wat nie ten volle hul opvoedingsverantwoordelikheid wil aanvaar nie.

- * In 'n poging om ouers, wat probleme met die geslagsopvoeding van hulle kinders ondervind, tegemoet te kom, het verskeie onderwysowerhede 'n geslagsopvoedingsprogram in skole ingestel. Dié programme is egter nie daargestel om slegs die ouers in hul taak te ondersteun nie, maar ook om die kinders van kennis en leiding ten opsigte van

geslagsaangeleenthede te voorsien.

- * Kinders is geneig om inligting ten opsigte van geslagsaangeleenthede eerder by maats as by ouers of onderwysers in te win. Die kwaliteit van die inligting wat kinders "op straat" kry word deur verskeie skrywers (onder andere Rogers 1974, Bruess en Greenberg 1981 en Schornack 1982) bevraagteken.
- * Geslagsopvoeding word oor die algemeen nie as 'n aparte vak aangebied nie, buiten in skole waar dit onder "Health Education" of "Family Life Education" ressorteer.
- * In enkele lande, soos byvoorbeeld die VSA en Verenigde Koninkryk, is daar skoolrade wat ten gunste is van geslagsopvoeding op skool, terwyl ander skoolrade dit afkeur.
- * Navorsingsbevindinge oor die kwaliteit van geslagsopvoeding en die uiteindelike bereiking van gestelde doelwitte van geslagsopvoedingsprogramme in skole, bestaan feitlik nie (Rogers 1974, Bruess en Greenberg 1981). Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat die uitkoms van geslagsopvoeding nie empiries geëvalueer kan word nie.

Die redes wat aangevoer kan word vir die belangstelling in 'n opvoedingsfaset wat inherent problematies is, moet enersyds gesoek word in aktuele maatskaplike probleme soos buite-egtelikheid en die probleme wat daarmee gepaard gaan en andersyds in die persoonlike probleme wat die individu ten opsigte van sy eie geslagtelikheid mag ondervind.

Die onderhawige probleemgebied kan vanuit verskillende perspektiewe bestudeer word, soos onder andere uit sielkundige, sosiologiese en selfs mediese perspektiewe. Die

doel van hierdie werk is nie om oplossings aan te bied vir probleme ten opsigte van geslagtelikheid in die samelewing nie, maar wel om geslagsopvoeding as OPVOEDINGSAANGELEENTHEID te deurskou. Die studie is daarop gerig om die raakvlakte tussen geslagsopvoeding en enkele pedagogiese perspektiewe te beskryf, om sodoende 'n teoretiese begronding daar te stel van die aard en doel van geslagsopvoeding. Geslagsopvoedingsinhoude en die operasionalisering van geslagsopvoeding in die skoolsituasie val nie binne die bestek van die onderhawige studie nie. Dit is inderdaad 'n terrein wat aparte navorsing verg.

Aangesien opvoeding altyd tussen mense en teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond plaasvind en aangesien een van die wesenskenmerke van geslagsopvoeding op verhoudinge tussen mense dui, sal die sosio-pedagogiese inspraak ten opsigte van geslagsopvoeding veral beklemtoon word.

Ouers en onderwysers word as die vernaamste opvoeders beskou. Daar is gevolglik besluit om die menings van 'n groep Kleurlingouers en -onderwysers ten opsigte van geslagsopvoeding te peil. Die doel met die meningspeiling was eerstens om enkele teoretiese uitsprake ten opsigte van geslagsopvoeding in die praktyk te verifieer. Tweedens is houdinge jeens die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in die skool gepeil.

Die Kleurlinggemeenskap van die Kaapse Skiereiland is as teikengroep vir die ondersoek gekies. Die rede vir dié keuse is geleë in sekere aktuele maatskaplike probleme soos byvoorbeeld die relatief hoë buite-egtelike geboortesyfer wat in die Kleurlinggemeenskap voorkom.

Klem word egter gelê op die feit dat persoonlike en maatskaplike probleme ten opsigte van geslagsaangeleenthede dwarsdeur die Westerse Wêreld te voorskyn tree (Bongers en De Klerk 1980).

1.2 TEMA-ANALISE

Die mens eksisteer vanuit die sentrum van sy menswees wat nie anders kan as om in sy liggaam gesetel te wees nie. Hy tree dus die wêreld tegemoet as manlik/vroulik wat modi is van menslike eksistensie in Dasein en as sodanig 'n opvoedingstaak postuleer. Mentz (1979: 142) verklaar in hierdie verband: *Om man en vrou te wees, is nie slegs 'n liggaamlike verskil met verskil in geslagsfunksie nie. Dit het 'n indringende invloed op die hele persoonswording en bestaanswyses.*

In dié tema-analise gaan dit onder ander om 'n uiteensetting van geslagtelikheid en 'n deurskouing van die opvoedingsver-skynsel vanuit enkele pedagogiese perspektiewe, waarvan die Sosiopedagogiek besondere aandag sal geniet.

1.2.1 Geslagsopvoeding

a) Etimologiese verklaring van "geslag"

Etimologies is die begrip "geslag" afkomstig van die Germaanse begrip "slax" wat slaan beteken. Wanneer hierdie begrip met 'n "t"-verbuiging gebruik word soos in Oud-Saksies (slaht) en in Hoog-Duits en Oud-Fries (slahta) dra dit wesentlik die betekenis van "soort". In Middel-Nederlands word die begrip "gheslachte" of "gheslechte" en in Oudhoog-Duits "gismahti" aangetref, wat in wese beteken eienskap, afkoms, geboorte of soort (vgl. Van Wijk 1980). Volgens voorgenomde etimologiese verklaring staan "geslag" dus in verband met soort, eienskap of afkoms en blyk dit dat "geslag" bloot 'n onderskeiding tussen manlik en vroulik aantoon.

Die Handboek van die Afrikaanse Taal (1975: 277) gee die volgende verklaring van geslag: *Gesamentlike wesens wat van nature tot dieselfde geslag behoort. Gesamentlike kenmerke wat bepaal of 'n mens of dier manlik of vroulik is.*

Die Engelse vertaling van geslag is "gender" (Tweetalige Woordeboek 1967) wat volgens Webster's Third New Interna-

tional Dictionary (1961: 944) "birth, race, kind, class, sex" beteken. Die Concise Oxford Dictionary (1976: 441) verklaar "gender" as the grammatical classification of objects roughly corresponding to the two sexes. Die woord "gender" is afgelei van die Latynse werkwoord "generare" wat "to breed or procreate" beteken (Kidd 1972).

Geslag staan dus ook in noue verband met seks en die seksuele. "Seks" as sodanig is afgelei van die Latynse stamwoord "sexus" wat geslag beteken en waarskynlik verband hou met "secare" wat wesentlik beteken om te sny (skei) of te verdeel (vgl. Babock 1961 en Kidd 1972). Met ander woorde in sy engere sin beteken seks 'n verdeling tussen manlik en vroulik by die menslike spesie.

'n Ander betekenis word ook aan die begrip "seks" geheg naamlik die sfeer van interpersoonlike gedrag tussen 'n man en 'n vrou wat direk in verband gebring of geassosieer kan word met die geslagsdaad (Babock 1961).

Samevattend kan dit dus gestel word dat daar nie wesentlik 'n verskil bestaan tussen die twee begrippe "geslag" en "seks" nie. Beide staan in verband met die verdeling van 'n spesie (in hierdie geval die menslike spesie) in manlike en vroulike groepe. Hierdie verdeling is gegrond op bepaalde eienskappe wat hulle identifiseer as behorende tot een van die twee groepe naamlik manlik of vroulik. Dié eienskappe wat die manlike en vroulike groepe kenmerk is met mens-wees gegee. Dié kenmerke verwys ook na die moontlikheid van die twee groepe (geslagte) om die (menslike) spesie voort te plant.

Die algemene gebruik van die begrip "seks" word dikwels in verband gebring met die geslagsdaad wat uiteraard meebring dat "seks" en "die seksuele" 'n "negatiewe" konnotasie dra (vgl. Babock 1961).

Vir die doel van dié studie word eerder voorkeur gegee aan die begrip "geslag" wat 'n minder negatiewe konnotasie dra.

b) Wesenskenmerke van man-wees en vrou-wees

In aansluiting by die etimologiese verklaring van die woord "geslag", waaruit geblyk het dat die betekenis op die skeiding en groepering van die menslike spesie in manlike en vroulike groepe dui, word die wesenskenmerke van man-wees en vrou-wees, soos toegelig deur Bongers (1980), vervolgens uiteengesit:

(i) Enersheid

Man-wees en vrou-wees is die verskyningsvorme van menslike geslagtelikheid en kan nie polêr teenoor mekaar gestel word nie, aangesien mens-wees onderliggend is aan beide. Die man en vrou is slegs as mens in sy/haar mens-wees te definieer vanuit sy/haar moontlikhede en selfgekose eksistensie (vgl. Mentz 1979). Geslagtelikheid is ook egte menslike moontlikheid wat appèl rig tot selfverwerkliking binne die menswêreld en as sodanig val dit onder die vraende self-refleksie en vrye self-bestemming van die mens. Die mens het sekere moontlikhede wat hy moet verwerklik maar terselfdertyd is hy vry om te kies hoe hy dit gaan doen. Man en vrou, hoewel nie dieselfde nie, eksisteer as mense en beide het algemeen-menslike moontlikhede (Bongers 1980).

Daar is in die mens geen essensiële gepredetermineerdheid aanwesig behalwe vir sy liggaam nie en selfs dit verkry sy eie verwerklikingswyse deur die persoonlike eksistensiële ontwerp. Raphael (1967: 43) stel in die verband van die enersheid van die mens hierdie geleentheid soos volg: *Women being equal with men, carry no unequal functions in society aside from that of childbearing.* Die verskille in menslike eienskappe is, volgens Terman en Miles, soos aangehaal deur Bräutigam (1963), slegs in 'n geringe mate geslagsbepaald. Hier moet dit egter gestel word dat "gering" geensins "van mindere belang" hoef te beteken nie. Die gemeenskaplike van man en vrou lê in hul antropologiese kenmerke, in die gemeenskaplike regophouding en die vermoë tot ontmoeting wat daardeur uitgedruk word. Daar-

by is die mens as man en vrou steeds vry om aan sy/haar liggaam 'n eie gekose betekenis te gee (Bongers 1980).

Dit is op grond van die feit van die enersheid van man en vrou dan ook nie vreemd dat die vrou haar in die manlike wêreld sinvol kan tuismaak nie en andersom. In die verwerkliking van haar moontlikhede beklee die geëmansipeerde vrouw byvoorbeeld in toenemende mate gelykwaardige betrekkings met die man in die moderne samelewing. *Zij zijn beide mogelijkheden van het menselijke, begrepen uit het bewustzijn dat noodzakelijk intentioneerel en even noodzakelijk een 'Zijn-met' is* (Buitendijk 1967: 238).

(ii) Andersheid

Die mens is as man en vrou verskillend geskape. Menslike geslagtelikheid as wyse van bestaan is begrond in fisiese verskille en word onderskei as 'n geslagsdimorfisme (dubbelvormigheid) wat die mens se totale ontwikkeling, wording en handeling medebepaal. Die konstateerbare liggaamlike verskille is tweeledig van aard. Eerstens is die man en vrou anatomies/fisiologies anders. So byvoorbeeld is die vrou die moontlikheid gegee om kinders te baar. Tweedens is die liggaamsbou van die man oor die algemeen sterker, stewiger en vaster as dié van die vrou.

Van kindsbeen af ervaar en beleef die mens sy liggaam ... als het voorlopige schets van zijn bestaan en als het middel waardoor hij zich tot de wereld verhoudt (Beets 1969: 17). Die geslagtelike verskille as gevewene lei tot verskillende ontmoetinge met die wêreld en die medemens. Manlike en vroulike bestaan is met ander woorde verskillende wyses of modi van liggaamlikbepaalde menslike in-die-wêreld-wees, anderse wyses van beweeg en handel, van dink en voel (vgl. Mentz 1979).

Jeanniére, soos aangehaal deur Mentz (1979: 144), weer in hierdie verband: Die verskil tussen man en vrou is spesifiek menslik en word as 'n ontmoeting beleef: dit is relasioneel. Dit is 'n sosiale verskynsel wat in kultuur beleef word deur middel van taaltradisies in 'n wêreld van kommunikasie (eie onderstreping).

Die gegewe verskille word in die kultuur deur opvoeding versterk sodat die bestaanwyse medebepaal word ooreenkomstig sowel die persoonsmoontlikhede as die tradisionele opvatting ten opsigte van manlikheid en vroulikheid in 'n bepaalde kultuur (vgl. Bongers 1980 en Ausubel 1958). Chafetz (1974) stem saam met Borwick en Freud dat sodanige inherente verskille in die meeste kulture deur opvoeding verder gevorm en bevestig word. 'n Gevolg van die andersoortige opvoeding wat 'n seun en dogter ontvang, tree te voorskyn in 'n eiesoortige wyse van gedraginge, uittrede tot die werklikheid en wyse van arbeidverrigting van die man en vrou. Die onderskeibare manlike en vroulike rolle wat op andersheid dui, word gevolglik hoofsaaklik deur fisiologiese (liggaamlike) verskille bepaal. Sodanige liggaamlik-bepaalde verskille word dan verder versterk deur 'n andersoortige opvoeding van 'n seun en dogter wat grootliks kultuur- en tradisiegebonden is (Ausubel 1958).

Menz (1979: 145) noem navorsers soos Sarason, Wigney, Waetjen, Gramps, Scheinfield en Deutsch wat 'n oortuingende saak daarvoor uitmaak dat dogter-wees en seun-wees 'n veel dieperliggende betekenis het as wat metingstegnieke en waarneming openbaar. In die moderne samelewing bestaan daar egter 'n tendens om die anderse bestaanwyse van die man en vrou te nivelleer.

In die stryd van die vrou om haar bestaansreg as MENS in eie reg langs die bestaanwyse van die man te verkry, het die tradisionele rol van die vrou vervaag. In die moderne lewe beteken vrou-wees 'n veelsydiger leefwyse



en eisestellender kultuurtaak as dié van man-wees
aldus Mentz (1979). Juis om dié rede is dit noodsaaklik dat 'n kind opgevoed moet word tot insig in die kompleksiteit en verantwoordelikheid van man-wees en vrou-wees.

(iii) Mede-betrokkenheid

Vrou-wees en man-wees as modi van mens-wees is elk ek-sistensie in eie reg. Elk het 'n komplementerende bestaanswyse, 'n eie lewenstaak en bestemming as bondgenoot, lotgenoot en medeganger. Mense leef in afhanklikheid van mekaar as medebetrokkenheid wat beteken dat met die eise van medemenslikheid rekening gehou moet word (vgl. Pretorius 1979 en Botha 1977).

Aangesien die mens totaliteit-in-funksie is, sal die manlike bestaanswyse as totale synswyse verskil van die vroulike en behalwe dat die mens hom in sy geslagsrol vind en tuismaak, word dit ook van hom verwag om vir die ander geslag 'n plek in sy wêreld in te ruim. Die plekmaak vir die ander geskied deur die ander te aanvaar as volwaardige deelgenoot aan die menslike bestaan en deur 'n positiewe verhouding met die ander geslag te stig (Bongers 1980).

Man en vrou in hul gemeenskaplike fundamentele menslikheid is van mekaar afhanklik en toon hulle weder-sydse verpligtinge wat ook in die opvoedingsituasie duidelik na vore tree. Die moeder en vader as vrou en man onderskeidelik openbaar elk eie besondere wesens-trekke wat aanvullend en versterkend op die kind in-werk (Zeldenrust-Noordanus). Ook binne die huwelik en op ander lewensterreine, soos byvoorbeeld die be-roepswêreld, moet elk die ander se wyse van in-die-wêreld-wees as spesifieke en anderse bestaanswyse wat die eie aanvul, erken. Die tradisionele siening, waar vrou-wees as minderwaardige leefwyse teenoor manlike leefwyse bejeën is, is haas uitgedien. In die plek daarvan staan man en vrou eerder as vennote teenoor

mekaar met die besef dat die een nie sonder die ondersteuning en hulp van die ander sy opgaaf as man-wees of vrou-wees kan vervul nie (vgl. Mentz 1979). Kohnstamm, soos aangehaal deur Nel (1968: 207), beweer in dié verband ..., dat nog die man nog die vrou is 'n geheel op sigself daarom word hulle deur die oerkrag in hul wese na mekaar gebring.

Die rol wat liefde en vriendskap in die medebetrokkenheid van die man en vrou speel, is van wesentlike belang in die geslagsopvoeding van die kind. In die geslagsopvoeding van die seun en dogter behoort die komplementerende aard van hul mens-wees as man/vrou met eenandersheid maar ook as andersheid en bowenal as medebetrokkenes (veral ten opsigte van "liefdesverhoudings" tussen die geslagte) duidelik sigbaar gemaak te word.

c) Geslagsaangeleenthede

Geslagsopvoeding impliseer opvoeding ten aansien van geslagsaangeleenthede. In die voorgaande paragrawe is 'n uiteenstelling gegee van wat onder "geslag" verstaan word en is essensies van man-wees en vrou-wees aangetoon. In aansluiting by dié deurskouing word die geslagsaangeleenthede ten opsigte waarvan die kind opgevoed moet word soos volg uiteengesit:

- * Enige liggaamlike aspekte wat betrekking het op geslagtelikheid, insluitend die anatomiese en fisiologiese, asook hormonale funksionering wat 'n uitwerking op die mens se temperament mag uitoefen (vgl. Ausubel 1958 en Mentz 1979).
- * Enige psigiese (affektiewe en kognitiewe) aspekte wat betrekking het op geslagtelikheid.
- * Norme en waardes ten aansien van geslagtelikheid.
- * Interpersoonlike verhoudinge waar geslagtelikheid 'n rol speel.
- * Gedrag, houdinge, optredes en handelinge soos dit beïnvloed

word deur singewing aan geslagtelikheid deur die individu.

Geslagsaangeleenthede omvat dus alle aspekte wat 'n invloed op die mens se geslagtelikheid uitoefen.

1.2.2 'n Sosiopedagogiese perspektief

a) Die funksie van die Sosiopedagogiek

In die Pedagogiek as wetenskap gaan dit om die bestudering van die opvoedingswerklikheid. Die Sosiopedagogiek as deelperspektief van die Pedagogiek het as studieterrein die verband tussen opvoeding en samelewning (Pretorius 1979). Die mens is 'n wese wat opvoed en op opvoeding aangewese is. Hierdie opvoeding geskied altyd teen 'n maatskaplike agtergrond wat die opvoeding beïnvloed (Botha 1977).

Van den Berg, soos aangehaal deur Du Plessis (1974: 3), vra na die problematiese samelewing waarin die kind in die Westerse wêreld moet grootword - 'n wêreld van verandering waarin probleme soos veranderende verhoudinge tussen man en vrou, toenemende egskeidings, die "bykans onvoorstelbare vloed" van seksologiese lektuur en die problematiese verhoudinge tussen die ouer en jonger geslag, waar die greep van die ouer op die kind 'n "aarselende bewende" greep is, slegs enkele fasette van die problematiese opvoedingsmilieu uitmaak. Die kind is 'n sosiale wese wat slegs kan bestaan deur deelgenoot te wees van die samelewing (Pretorius 1979). Ausubel (1958: 458) verklaar in hierdie verband: *As a social being man cannot fully experience, develop, or express his own individuality or enjoy a biosocial status except through a system of relationship to constituted groups.*

Die kind word hulpeloos en steunbehoewend gebore en is op opvoeding aangewese om 'n menswaardige lewe binne die samelewing te kan voer. Uit 'n sosiopedagogiese perspektief beskou, het die opvoeder die verantwoordelikheid om die kind tot gesosialiseerdheid op te voed sodat hy as volwassene

- * 'n sinvolle deelgenootskap aan (die) samelewing sal werklik,
- * beweeglik sal wees in (die) samelewing, en
- * veranderinge in (die) samelewing sal kan verwerk (vgl. Kirstein 1977 en Nieuwenhuis 1980).

Uit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou, het die sosiopedagogiese kategorieë segwaarde ten opsigte van die toereikende opvoeding van die kind tot man-wees en vrou-wees. Die raakvlakte tussen die sosiopedagogiese essensies en geslagsopvoeding sal telkens toegelig word in die bespreking wat volg.

b) Sosiopedagogiese kategorieë

Die sosiopedagogiese kategorieë, soos deur Pretorius (1979) belig en beskryf, is die volgende:

- * opvoeding in saamlewe
- * opvoeding tot saamlewe
- * opvoeding as ontvouende intermenslike kommunikasie
- * wisselwerking opvoeding/samelewing
- * opvoeding as sosiaal-maatskaplike oriëntering
- * opvoeding as begeleiding met identiteitsverwerwing.

(i) Opvoeding in saamlewe

Opvoeding vind altyd plaas in 'n samelewing en teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond. Die samelewing het 'n invloed op die leefmilieu en opvoedingsmilieu van die kind maar is nie uiteraard op sy opvoeding gerig nie (Pretorius 1979). Hedendaagse samelewingsfaktore maak trouens die geslagsopvoeding van die kind in baie opsigte problematies (Pistorius 1971). Die rede hiervoor is geleë in die feit dat geslagsopvoeding wesentlik begrond is in norme en waardes (Van Zyl 1973). As gevolg van verskeie dinamiese kenmerke van die eietydse samelewing soos byvoorbeeld kontakinflasie, verstedeliking, onvoerspelbaarheid, groter bevolkingsbeweeglikheid en oorbevolking is daar 'n "nuwe" mens met "nuwe" norme (Pretorius

1979). Dié veranderinge van die sedelik-morele norme het 'n direkte invloed op die geslagsopvoeding van die kind, soos in latere hoofstukke aangetoon sal word.

Die gesin vorm die oorspronklike saamleefstruktuur en opvoedingstruktuur vir die kind. Dit is ook in die gesin dat die kind die eerste keer in aanraking kom met norme, waardes en houdinge jeens geslagsaangeleenthede. Die verhoudinge tussen ouers (huweliksverhouding), tussen ouers en kinders en tussen kinders onderling is die kind se eerste ervaring en belewing van liefdevolle verbondenheid of die afwesigheid daarvan (Gresse 1973). Die ervaring en belewing van liefdevolle geborgenheid deur die kind binne 'n gesinsituasie is 'n voorvereiste vir toereikende geslagsopvoeding (Van Zyl 1973, Schornack 1982). Indien hierdie geborgenheid afwesig is, kan probleme ten opsigte van toereikende geslagsopvoeding ontstaan.

Die skool verwerklik 'n brugfunksie (Langeveld) tussen die intiem-persoonlike saamleefsituasie van die gesin en die formeel-saaklike groeperinge van die breë samelewings. Die skool is 'n samelewingsinstituut van 'n bepaalde kultuur en dit het dan onder ander die taak om die kind in 'n bepaalde kultuur in te lei (Van Zyl 1973). Alhoewel die skool nie die ouer se taak mag oorneem nie, moet dit die ouer ondersteun en help in sy opvoedingstaak, onder ander deur die wek van eerbied vir waardes (Louw 1982). Die taak van die ouers en die skool ten opsigte van geslagsopvoeding word in Hoofstuk 3 bespreek.

Twee kriteria geld ten opsigte van alle opvoedingssituasies, te wete:

- * Hoe toereikend word opvoeding in hierdie situasie voltrek (opvoedingsverhoudinge)?
- * Hoe toereikend is die saamleefverhoudinge in hierdie situasie (huweliksverhouding, ouer-kind-verhoudinge, kind-kind-verhoudinge)? (Pretorius 1979).

(ii) Opvoeding tot saamlewe

Dié kategorie beskryf die opvoeding van die kind tot die vermoë om in alle sosiale verbande toereikend met sy medemens saam te leef. Waar dit in geslagsopvoeding onder meer gaan om die stig van verhoudinge tussen die twee geslagte, is hierdie kategorie van besondere belang. Pretorius (1979) konstateer dat sosiale opvoeding die volgende impliseer:

- * Die inlei van die kind in die samelewing.
- * Die wek van positiewe houdinge teenoor die medemens, byvoorbeeld deur die positiewe voorbeeld van die opvoeder
- * Die wek van verantwoordelikhedsbesef (sosiale gewete) (eie onderstreping).

Die opvoeder het in dié opsig die volgende opgawe:

- * Hy moet samelewingsinvloede kontroleer deur byvoorbeeld toe te laat/te verbied en deur goed te keur en af te keur.
- * Die opvoeder moet die opvoedeling daartoe begelei om samelewingsinvloede te kan verwerk en in perspektief te kan stel. Die kind word nie in isolasie groot nie maar kom voortdurend in aanraking met ander mense en met die inhoud van byvoorbeeld boeke, tydskrifte, rolprente en televisieprogramme. Die kind moet mettertyd leer hoe om goeie invloede en inhoud van die ongewenste en onaanvaarbare te skei (vgl. Du Plessis 1974 en Botha 1977).

Verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede is een van die wesenskenmerke van geslagsopvoeding. Verantwoordelikheid kan slegs verwerf word indien die kind die norme en waardes van sy bepaalde kultuur van kleins af leer en dit as waardevol vir homself aanvaar (vgl. Van Zyl 1973, Schornack 1982).

Dié aanvaarding en nalewing van bepaalde norme en waardes is onder anderdeel van die geslagsopvoedings-taak en word beskryf as sosialisering. Deur sosialisering verwerf die kind geleidelik met die hulp van sy opvoeders die vermoë om met mense saam te leef, asook bepaalde houdinge, lewensbeskouinge en sosiale vaardighede (Pretorius 1979).

Sosialisering is meer as net opvoeding in dié sin dat opvoeding by die bereiking van volwassenheid ophou maar sosialisering voortgaan. Opvoeding is egter meer as net sosialisering in dié opsig dat sosialisering slegs deel is van opvoeding naas ander onderskeibare fasette soos verstandelike opvoeding en liggaamlike opvoeding (Pretorius 1979).

(iii) Opvoeding as ontvouende intermenslike kommunikasie

Kirstein (1977) konstateer dat kommunikasie 'n sleutelbegrip ten opsigte van opvoedingsverhoudinge is. Indien kommunikasie tussen opvoeder en opvoedeling dus toereikend is, is die opvoedingsverhoudinge toereikend. Faktore wat egter 'n belemmerende invloed op kommunikasie uitoefen het 'n negatiewe uitwerking op die opvoedingsverhouding (Nieuwenhuis 1980). Kommunikasie dui op wat Traas (1974: 76) beskryf as ... *wezenlik intermenselelk contact, de relatie die mensen hebben die elkaar ten diepste als mens willen kennen en ontmoeten.* Met ander woorde kommunikasie dui op die vermoë van die mens om hom te kan inlewe in die lewe en situasie van 'n ander. Kirstein (1977) het die volgende essensies van die intermenslike kommunikasiegebeure uitgelig:

- * Die emosie-moment (positiewe of negatiewe gevoelens).
- * Die magsmoment (vestiging van aandag op die self met die intensie om te kontroleer).
- * Die buigsaamheidsmoment (die vermoë om 'n verskei-

denheid van handelinge, gevoelens en idees te verwerklik).

- * Die moment van die erkenning van die ander, wat dui op die erkenning van die ander se menswaardigheid. Hierdie moment het besondere betekenis in geslagsopvoeding.
- * Die ontmoetingsmoment, wat dui op die gewilligheid van diemens om met die ander te wil kommunikeer soos hy in wese is.
- * Die gespreksmoment, met ander woorde kommunikasie dui op dialoog waaraan beide persone deelneem en waardeur wedersydse beïnvloeding en persoonsvorming geskied.
- * Die waarde-oordragmoment beteken dat kommunikasie nie net 'n uiterlike aktiwiteit is nie maar dat daar innerlike (rasionele en emosionele) momente by die kommunikasie-gebeure betrokke is. By toereikende kommunikasie is daar sinvolle interaksie.

Die mens (kind) kan hom egter isoleer en afsluit in sy eie besondere belang en nie wil of kan inlewe in die lewe van ander nie. By sodanige isolasie kan toereikende kommunikasie nie plaasvind nie (vgl. Nieuwenhuis 1980 en Kirstein 1977). Die opvoeder het 'n tweeledige taak ten opsigte van kommunikasie. Ten eerste moet daar toereikende kommunikasie tussen opvoeder en kind wees en tweedens moet die opvoeder die opvoedeling daartoe begelei om met sy medemens te kán kommunikeer.

(iv) Wisselwerking opvoeding/samelewing

Die opvoeding beïnvloed die samelewing deur die wyse waarop die toekomstige burgers van 'n bepaalde kultuur opgevoed word. Die samelewing het egter weer 'n invloed op die opvoeding van 'n kind binne die samelewing.

Die volgende stelling van Traas (1974: 71) illustreer dié wisselwerking:

Dit opvoeden heeft op minstens twee punten iets met die maatschappij te maken: die voorwaarden die in deze maatschappij aanwesig moeten zijn om die opvoeding met enige kans op het beoogde resultaat mogelijk te maken, én die wijze waarop die opvoeding kan bijdragen tot een betere samenleving waarin meer ruimte is voor rechtvaardigheid en menselijk welzijn. Alleen als de samenleving gericht is op - zich verantwoordelik voelt voor de opvoeding, kan opvoeding gericht zijn - op zich verantwoordelik voelen voor de samenleving.

Hierdie wisselwerking is ook van besondere belang vanuit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou. Die persoon wat toereikend verantwoordelik leef ten opsigte van geslagsaangeleenthede het 'n positiewe invloed op die geslagsopvoeding van kinders asook op die gemeenskap waarin hy beweeg.

(v) Opvoeding as sosiaal-maatskaplike oriëntering

Dié kategorie het veral betrekking op die jeugdige (puber en adolescent). Soos Perquin (1966) dit stel, is dit vir die jeugdige van besondere betekenis om deur die samelewing aanvaar te word en ook om die samelewing te aanvaar. Aangesien die jeugfase onder meer gekenmerk word deur ontwakende geslagtelikhed (liggaamsverandering, ontluikende belangstelling in die sensuele en die teenoorgestelde geslag) het hierdie kategorie besondere betekenis ten opsigte van geslagsopvoeding.

Pretorius verwys na die volgende gebeure as belangrik in die volwassewording van veral die jeugdige:

- * Sosiale posisie-kies (sosiale rol)

- * Sosiale emansipasie, wat dui op die selfstandigwording en vrywording wat met grootwording gepaard gaan.
- * Sosiale eksplorasie: die jeugdige verken, probeer en eksperimenteer met sosiale regte, pligte en verhoudinge (vergelyk die eerste "liefdesverhoudinge" van pubers).
- * Sosiale evaluering op grond van norme en waardes wat gedurende sosiale ervaring verwerv is. Hierdie eie evaluering van norme en waardes is wesentlik aan geslagsopvoeding aangesien geslagsopvoeding begrond is in normatiewe opvoeding (vgl. Van Zyl 1973, Pistorius 1977, Louw 1982, Schornack 1982).

Botha (1977) konstateer dat relatief konstante religieuze norme veral in gesinsverband die kind se eie plekbepaling rig. Die kind wil weet wat sy plek in die samelewning is, want toereikende verhoudinge is slegs moontlik as hy sy eie sosiaal-maatskaplike posisie kan bepaal en handhaaf, aldus Pretorius.

Faktore wat die kwaliteit van die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering (ook vanuit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou) bepaal, is onder meer

- (i) die kind se gegewe persoonstruktuur (persoonsmoontlikhede soos byvoorbeeld intelligentie, liggaam, temperament);
- (ii) die kwaliteit van die opvoeding wat die kind ontvang; en
- (iii) ruimte en tyd tot beskikking van die kind, sodat hy die sosiale werklikheid kan verken, soos byvoorbeeld om met die teenoorgestelde geslag maats te maak (Botha 1977).

In die eertydse samelewing word die jeugdige se sosiaal-maatskaplike oriëntering egter 'n moeilike en soms problematiese opgawe as gevolg van lewe-in-meervoud, sosiale labilititeit en kontakinflasie (vgl. Gresse 1973 en Botha 1977). As gevolg van genoemde verskynsels vind die jeugdige dit soms moeilik, nie alleen om sy eie plek in die samelewing te bepaal nie, maar ook om ware, diepmenslike en verrykende verhoudinge te stig, insluitende verhoudinge met die teenoorgestelde geslag.

Ouers moet self georiënteerd wees ten opsigte van hulle eie posisie as man en vrou in die sosiaal-maatskaplike lewe (in gesinsverband én in 'n breër samelewingskonteks) anders kan die kind ook sy eie oriëntering as seun/dogter in die samelewing as 'n probleem ervaar (Van Zyl 1973).

(vi) Opvoeding as begeleiding met identiteitsverwerwing

Identiteit dui op die uniekheid en eenmaligheid van elke mens. Identiteit dui onder andere op die vrae:

- * Wie is ek?
- * Waarheen is ek op pad?
- * Wat is die sin van my lewe?
- * Wie is ek in die oë van ander? (Pretorius 1979)

Die opvoeder het 'n besondere opgawe om die kind te begelei met die verwerwing van sy eie identiteit. Identifikasie is nou gemoeid met die verwerwing van 'n eie identiteit. Identifikasie is egter, volgens Botha (1977: 25) ...*'n gekompliseerde pedagogiese probleem omdat dit op verskillende wyses en met verskillende mense en groepe voltrek word.* Ouers, die portuurgroep en die kultuurgroep is onder meer van die mense en groepe waarmee die kind hom identifiseer. Beets, soos aangehaal deur Pretorius (1979: 28), stel die saak soos volg: *Die soek na 'n eie identiteit is 'n poging om jou eie gesig te vind deur na die gesigte van ander te kyk.*

Na aanleiding van Senekal (1978) se uiteensetting van die begeleidingstaak van die opvoeder ten opsigte van identiteitsverwerwing word dié saak uit 'n geslagsopvoedingsperspektief soos volg gestel:

- * Die oordra van norme en waardes ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- * Bewusmaking van die kind van sy aangesprokenheid as man of vrou.
- * Gewetensvorming ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- * Verantwoordelikheidsvorming ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- * Hulp met die interpretasie van die sin van die lewe as manlik of vroulik en veral die rol wat liefde in die singewing aan die lewe speel.
- * Die betekenis van godsdiensoopvoeding in voornoemde verband is van besondere belang.

Menz verklaar in dié verband dat die skoolmilieu 'n geleentheid vir seuns en dogters bied om stelling in te neem teenoor 'n eie identiteit as seun en dogter, elk met 'n eie kultuurtaak en wêreldkonstituering.

c) Sintese

Die doel van opvoeding is onder andere om die kind te sosialiseer, met ander woorde om die kind te begelei tot 'n vermoë om uiteenlopende sosiale situasies te kan hanteer, aldus Kirstein (1977). Uit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou, ontstaan die vraag nou hoe die kind opgevoed moet word om dié sosiale situasies waar geslagtelikhed ter sprake kom, te kan hanteer.

Opvoeding geskied altyd in 'n saamleefstruktuur wat die intiem persoonlike gesinsopvoedingsmilieu en die minder intieme opvoedingsmilieu van die skool insluit. Die gesin en skool is ingebed in 'n breër samelewing van 'n bepaalde kultuur of heterokultuurvorme (soos byvoorbeeld in die RSA). Die vrae wat hier ter sprake kom, is die volgende:

- * In watter mate word die geslagsopvoeding van kinders belemmer deur die ontoereikende verwerkliking van een of meer van die sosiopedagogiese essensies?
- * Hoe beïnvloed bepaalde samelewingsvorme (gesin, skool, gemeenskap en breë maatskappy) die geslagsopvoeding van die kind?

Voorgenooemde vrae en die taak van die ouers en die skool in die geslagsopvoeding van die kind word in hoofstuk 3 bespreek.

1.2.3 Die Kleurlingkind

Die onderhawige studie neem die geslagsopvoeding van die Kleurlingkind in oënskou. Die motivering vir die uitsondering van die Kleurlingkind vir die doel van dié studie is geleë in die volgende beweegredes:

In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep¹⁾ (1976) word verwys na die besonder hoë buite-egtelike geboortesyfer by die Kleurlinge. Daar is ook in dié verslag besonder klem gelê op die noodsaaklikheid van gesinsbeplanning. In dié verband stel die verslag die saak soos volg:

*In memoranda en getuienis voor die Kommissie,
asook uit die resultate van navorsingsprojekte,
was dit opvallend in watter mate onkunde, gebrekke
kennis en wanopvattinge met betrekking*

1) Erika Theron-verslag

tot kontrasepsie en die reproduktiewe prosesse nog 'n rol speel. Ook by die ongetroude jeug is dit as een van die vernamaanste struikelblokke genoem. Navorsers bevind egter deurgaans dat algehele onkunde selde voorkom. Kennis is dikwels te oppervlakkig om vertroue en die aanvaarding en aanwending van gesinsbeplanning te verseker. In dié verband speel vrese oor die vermeende en werklike neue-effekte van middelle ook 'n rol. Eweseer lê ook algehele onkunde, bygeloof, en wanopvattingen in verband met die bevruggingsproses en kinders ten grondslag aan die totale afwesigheid van gesinsbeplanning, veral by diegene uit die minder ontwikkelde strata. Ook is gevind dat die gebrek aan kommunikasie tussen man en vrou oor die hele aangeleentheid van gesinsbeplanning ook daar toe bydra dat dit nie aanvaar en toegepas word nie. Wanneer albei egliese oor 'n grondige kennis van gesinsbeplanning beskik, spreek dit vanself dat gunstiger omstandighede vir onderlinge bespreking en gevolglik ook aanvaarding daarvan geskep word.

en

Die noodsaaklikheid van opvoeding en voorligting aan die jeug, ook op die skoolvlak, is sterk beklemtoon. Dit word derhalwe as 'n ernstige leemte gesien dat daar geen vaste basis bestaan waarvolgens hierdie voorligting reeds in skole verskaf kan word nie.

Die tekort aan opgeleide voorligters wat met behulp van audiovisuele hulpmiddele alle bevolkingsgroepes op 'n vroeë stadium kan bereik, is ook in dié verband genoem. (pp.253-4). (Eie onderstreping)

De Kock (1980) het in 'n ondersoek na die faktore wat funksioneel is vir die hoë buite-egtelikhedsyfer by Kleurlinge (496 per 1 000 in 1975) ook bevind dat afgesien van sosio-ekonomiese faktore soos armoede, onvoldoende behuising en lae onderwyspeil, 'n gebrek aan kennis ten opsigte van geslagsaangeleenthede (soos onder andere wanneer konsepsie plaasvind) funksioneel is vir 'n hoë buite-egtelikhedsyfer. In aansluiting met die bevinding word in die verslag ook

daarop gewys dat slegs 16,6 % van die ondersoekgroep aange-
toon het dat hulle moeders hul oor geslagsaangeleenthede in=
gelig het.

In die lig van bostaande blyk dit wenslik te wees om navor=
sing te onderneem ten opsigte van die geslagsopvoeding van
die Kleurlingkind. Daar word egter op gewys dat geslagsop=
voeding nie slegs 'n problematiese opvoedingsopgawe vir die
Kleurlingouer is nie, maar dat probleme in dié verband wêreld=
wyd onder alle bevolkingsgroepe voorkom (vgl. Bongers en
De Klerk 1980, Schornack 1982, Bruess en Greenberg 1981,
Rogers 1974, Gordon 1975 en Rienzo 1981).

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die mens as liggaamlik-psigies-geestelike totaliteit-in-funksie
eksisteer vanuit sy deurleefde lyflikheid (Van Zyl 1977). As
'n persoon volwaardig volwasse is, dan impliseer dit ook dat
hy volwaardig liggaamlik, psigies en geestelik volwasse sal
wees.

Van Zyl (1977) konstateer verder in dié verband dat indien 'n
bepaalde verskynsel tot die wese van die mens behoort en
voorwaarde is vir menslike Dasein, dan hoef daar nie verder
na die pedagogiese konsekwensies gesoek te word nie. Die
feit dat dit wesentlik van mens-in-die-wêreld is, stel alreeds
'n pedagogiese taak.

Geslagtelikheid is 'n wesenskenmerk van die mens, dus stel dit
'n pedagogiese taak. Geslagtelikheid as 'n pedagogiese opgawe
is egter 'n moeilike begrip om te definieer. Die rede hiervoor
is daarin geleë dat geslagtelikheid uit verskeie komponente
bestaan wat ineenvloei en mekaar wedersyds beïnvloed. Kort=
liks kan dit gestel word dat geslagtelikheid enersyds biolo=
gies gedetermineer word deur die geslag (man/vrou) van die mens,
hormoonsamestelling (byvoorbeeld androgene, estrogene en pro=
laktin) en die persoonsmoontlikhede (insluitend die affek=
tiewe en die kognitiewe) van die individu. Andersyds word die
geneties bepaalde komponente van geslagtelikheid versterk of
verswak deur opvoeding, die kultuur (samelewing) ten opsigte

van die manlike en vroulike rol, die in-funksie-tree van geslagsmoontlikhede, die norme en waardes wat geldend is ten opsigte van geslagsaangeleenthede wat in 'n bepaalde kultuur voorkom (vgl. in dié verband Bruess en Greenberg 1981, Mentz 1979, Ausubel 1958, Rogers 1974, Schornack 1982).

Ausubel (1958: 443) beweer dat die klein kindjie a-geslagtelik is, maar dat die besondere sosiale betekenis wat van geboorte af aan sy status as seuntjie of dogtertjie geheg word, die basis vorm vir die gedifferensieerde strukturering van rol- en statusgedrag. As dit nie vir die sosiale gedrag van volwassenes ten opsigte van geslagtelikhed was nie, sou hy (die jong kind) relatief ongeïnteresseerd gewees het in die anatomiese verskille tussen 'n man en vrou. Aansluitend by die uitspraak dat die jong kind a-geslagtelik is en slegs mettertyd die biologies-gegewe andersheid van sy medemens erken, beleef en ervaar, is daar die volgende uitsprake van Bull en De Bruyne, soos aangehaal deur Van Zyl (1973: 252):
By geboorte is die kleintjie a-sedelik en Bull onderskei tussen anomie (daar is nog geen onderskeiding nie en dus geen gesagsgehoorsaming nie); heteronomie (daar is sprake van gesag wat in 'n ander persoon (persone) geleë is, die ander skryf die norme voor); sisionomie (die gesag berus by die portuurgroep of maats wat die eise vir gedrag stel) en outonomie (die persoon kies self die gesag).

Die voorgaande paragrawe kan in die volgende drie uitsprake samevattend gestel word:

- * Geslagtelikhed behoort tot die faktisiteit van die mens waaraan hy nie kan ontkom nie (Van Zyl 1973).
- * Die kindjie word a-geslagtelik en a-sedelik gebore en leer mettertyd deur kultuurbepaalde norme en invloede die verskil tussen manlikheid en vroulikheid aan (Ausubel 1958 en Van Zyl 1973).
- * Volwassewording impliseer die oriëntering van seun/dogter in 'n bepaalde geslagsrol (Mentz 1979).

In die lig van die voorgaande fundamentele uitsprake wat wetenskaplik algemeen-geldend is, word vervolgens 'n probleemstelling ten opsigte van geslagsopvoeding geformuleer:

WAT IS DIE BESONDERE OPGawe WAT DIE GESLAGTELIKHEID VAN DIE MENS (KIND) AAN DIE OPVOEDER STEL?

Ander verbandhoudende vrae, wat uit hierdie primêre probleemstelling voortvloeи en waarop die onderzoeker sal poog om 'n antwoord te vind, is die volgende:

- (i) Wat is die doel met geslagsopvoeding?
- (ii) Wat is die aard van geslagsopvoeding?
- (iii) Wie is verantwoordelik vir die geslagsopvoeding van die kind?
- (iv) Watter faktore gee aanleiding tot die ontoereikende verwerkliking van geslagsopvoeding?
- (v) Wat is moontlike gevolge van ontoereikende geslagsopvoeding vir die kind?

Die onderhawige studie het egter veral betrekking op die Kleurlingkind en daarom is die menings van 'n groep Kleurlingouers en -onderwysers ten opsigte van geslagsopvoeding vir die Kleurlingkind ingewin. 'n Partikuliere probleemstelling ten opsigte van die eksemplaries-empiriese ontleding van die meningspeiling word dus volg geformuleer:

BESTAAN DAAR TANS 'N BEHOEFTÉ BY DIE KLEURLINGGEMEENSKAP AAN DIE INSTELLING VAN 'N GESLAGSOPVOEDINGSPROGRAM IN SKOLE?

In aansluiting by hierdie probleemstelling is die menings van 'n groep Kleurlingouers en -onderwysers ten opsigte van die volgende in ag geneem:

- (i) Die toereikendheid van die geslagsopvoeding wat Kleurlingkinders huidiglik in gesinsverband ontvang.
- (ii) Faktore in die gesin (soos byvoorbeeld werkende moeders, onsedelikheid, onpersoonlike atmosfeer in die huis)

wat die geslagsopvoeding van die Kleurlingkind nadelig kan beïnvloed.

- (iii) Faktore vanuit die samelewing (soos byvoorbeeld swak behuising, werkloosheid en die massamedia) wat 'n nadelige invloed kan uitoefen op die geslagsopvoeding van die kleurlingkind.
- (iv) Wie moet verantwoordelikheid aanvaar vir die geslagsopvoeding van die Kleurlingkind?
- (v) Is dit wenslik dat 'n geslagsopvoedingsprogram in die skole ingestel word?

1.4 HIPOTESEVORMING

Die volgende hipoteses word vir die doel van die onderhawige studie ten opsigte van geslagsopvoeding vir die Kleurlingkind geformuleer:

- (i) Geslagsopvoeding het 'n unieke aard, doel en inhoud wat 'n besondere opvoedingsopgawe aan die opvoeder stel.
- (ii) Baie ouers is huiwerig om intieme inhoud te bespreek. Die rede hieroor is daarin geleë dat sommige ouers self nie oor die nodige en korrekte geslagskennis beskik nie en/of te beskroomd is om sake soos menstruasie, konsepsie, geboortebeperking en dies meer met hulle kinders te bespreek. Owers is egter traag om te erken dat hulle die geslagsopvoeding van hul kinders verwaarloos.
- (iii) Die skool as sekondêre opvoedingsituasie het 'n verantwoordelikheid om in die ingewikkeld moderne samelewing 'n meer daadwerklike rol in die geslagsopvoeding van kinders te speel. By implikasie beteken voorgenoemde dat 'n geslagsopvoedingsprogram in Kleurlingskole ingestel behoort te word om sodoende veral die ouers

wat nie toereikende geslagsopvoeding aan hulle kinders kan of wil bied nie, in dié opsig te help en te ondersteun.

- (iv) Die doel met 'n geslagsopvoedingsprogram in die skool is nie om maatskaplike probleme ten opsigte van geslagsaangeleenthede soos byvoorbeeld buite-egtelikheid op te los nie. Die voorkoming van sodanige probleme kan moontlik 'n newe-uitkoms van 'n positiewe en goed deurdagte geslagsopvoedingsprogram wees. Die ouers van die toekoms wat die hedendaagse leerling is, mag moontlik beter daartoe in staat wees om toereikende geslagsopvoeding aan hulle kinders te bied. Geslagsopvoeding in die gesin en in die skool is 'n langtermyn-onderneming en bied geen kitsoplossings vir maatskaplike probleme nie.
- (v) Faktore in die samelewing (soos byvoorbeeld armoede en behuisingstekort) en faktore in die gesin (soos byvoorbeeld swak voorbeeld van ouers, uithuisigheid van ouers, dronkenskap en gebruik van verdowingsmiddels) gee aanleiding tot die ontoereikende verwerkliking van geslagsopvoeding.

1.5 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.5.1 Literatuurstudie

Literatuurstudie is onderneem met die doel om 'n teoretiese begronding van geslagsopvoeding daar te stel. Die studie sluit in beskouinge aangaande menslike geslagtelikheid as vorm en wyse van bestaan, die verwerkliking van geslagtelikhed in die lig van 'n personologies-antropologiese mensbeeskouing, geslagsopvoeding as wyse van opvoeding, die doel en aard van geslagsopvoeding en die betekenisvolle rol wat die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies in die toereikende geslagsopvoeding van die kind speel.

1.5.2 Meningspeiling



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in die skool is 'n sensitiewe en kontensieuse saak wat soms hewige publieke kommentaar en debattering ontlok. Daarbenewens word geslagsopvoeding oor die algemeen (veral in die RSA) as die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ouers beskou. Voordat enige uitsprake in verband met die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in Kleurlingskole gelewer kan word, is dit nodig om die menings van Kleurlingouers en persone verbonde aan Kleurlingonderwys oor geslagsopvoeding van die Kleurlingkind in te win.

Ten einde dié gegewens in te win is die Kleurlinggemeenskap van die Kaapse Skiereiland as eksemplaar geneem. Vraelyste is aan Kleurlingouers en persone verbonde aan onderwys vir Kleurlinge gestuur. Die data wat deur middel van vraelyste verkry is, is deur die Dataverwerkingsentrum van die RGN verwerk. Volle besonderhede ten opsigte van die metode wat gevollg is en die ondersoekgroep word in hoofstuk 4 weergegee.

1.6 PROGRAM VAN STUDIE

Die verdere verloop van die studie sien soos volg daar uit:

Hoofstuk 2 word gewy aan 'n opvoedkundige fundering van geslagsopvoeding aan die hand van enkele wesenskenmerke van opvoeding.

In hoofstuk 3 word geslagsopvoeding vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief deurskou met besondere verwysing na die taak van die opvoeder en na faktore in die samelewing wat 'n invloed op die verwerkliking van geslagsopvoeding het.

Die empiriese gegewens wat deur middel van die meningspeiling ten opsigte van die geslagsopvoeding van die Kleurlingkind ingewin is, word in hoofstuk 4 bespreek.

Die gevolgtrekkings ten opsigte van die studie word in hoofstuk 5 gemaak.

HOOFSTUK 2

GESLAGSOPVOEDING IN PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Oberholzer (1968: 314) sluit aan by Langeveld se uitspraak, dat die mens 'n wese is wat opvoed en op opvoeding aangewese is deur sy antropologiese trits, wat soos volg lui:

- (i) *Die kind is volledig 'mens en daarmee is hy as persoon iemand wat self iemand wil word.*
- (ii) *Dieselfde kind verkeer in eksistensiële nood aan 'n volwassene: hy kan nie daardie iemand word wat hy wil en behoort te word indien hy nie deur 'n volwassene gesteun word nie.*
- (iii) *Daar is 'n volwassene as sedelik-selfstandige, verantwoordelike en verantwoordelikheiddraende wat die noodroep van die kind beantwoord.*

Van Zyl (1977: 216) konstateer dat 'n vierde stelling by die trits van Oberholzer gevoeg moet word, naamlik: *Die noodhebbende kind moet oorgaan tot die aanvaarding van die volwassene se steun (die kind se eie aandeel in die opvoedingsgebeure).*

In aansluiting by voorgenoomde fundamentele stellinge ten opsigte van opvoeding word die vyf opvoedingsmomente van Langeveld, soos deur Du Plessis (1974) bespreek, weergegee:
Die ouer moet —

- * voorsien in die biologiese behoeftes van sy kind,
- * steungee aan sy hulpeloosheid,
- * sy veiligheid en geborgenheid bewaar sodat hy tot eksplorasie van sy omwêrelde kan oorgaan,

- * toelaat dat die kind kan emansipeer sodat hy toenemend sonder die steungewing van sy ouers kan klaarkom, en
- * besef dat kinders nie-volwassenes is maar op pad is om volwassenes te word.

Langeveld, soos aangehaal deur Gunter (1977: 77), noem drie faktore wat opvoeding noodsaaklik maak, te wete

- * die kind se hulpeloosheid, afhanklikheid en onselfstandigheid,
- * die noodsaaklikheid van taakvervulling en arbeid, en
- * die eis om die oordrag van kultuurgoedere.

Voorts noem hy ook drie faktore wat opvoeding moontlik maak, naamlik

- * die mens (ook die kind) is 'n sosiale wese,
- * die mens is 'n sedelike wese wat tot kennis van die sedelike, voorts tot 'n sedelike besluit en dan tot handeling en gedragswysiging in ooreenstemming met sy kennis en besluit in staat is, en
- * die mens is 'n wese wat oor 'n eie individualiteit beskik met 'n eie waarde in soverre hy in die individualiteit "persoon" is. (Eie onderstrepding)

Vervolgens word enkele kenmerke van opvoeding kortliks bespreek as agtergrond vir die fundering van geslagsopvoeding.

2.2 GESLAGSOPVOEDING AS 'N BESONDERE WYSE VAN OPVOEDING

Opvoeding geskied altyd in bepaalde sosiale situasies en teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond (Pretorius 1979: 11). Dit vereis 'n opvoeder en 'n opvoedeling wat in 'n bepaalde verhouding

tot mekaar staan en waar bepaalde inhoud (normatief) ontsluit word met 'n bepaalde doel voor oë. Hierdie opvoedingsituasie vind altyd binne 'n bepaalde tyd-ruimtelike begrensing plaas (Van Zyl 1973).

Die oorkoepelende doel met opvoeding is dat die kind toenemend op eie, unieke wyse uitdrukking moet gee aan menslikheid, sodat hy verantwoordelikheid vir sy tuismaking in 'n medemenslike wêreld (as manlik en vroulik) selfstandig kan aanvaar (vgl. Gunter 1977, Van Zyl 1973 en Landman 1975).

2.2.1 Enkele kenmerke van die opvoedingsverskynsel

Vervolgens word enkele kenmerke van die opvoedingsverskynsel, wat ook geldend is vir geslagsopvoeding, kortliks beskryf:

- (i) Opvoeding word op 'n partikuliere wyse in 'n partikuliere kultuurmilieu voltrek (vgl. Van Zyl 1973 en Gunter 1977).

Die kind word ingelei in 'n samelewingsstruktuur wat op 'n partikuliere wyse gestalte gee aan waardes, aldus Van Zyl (1973).

- (ii) Opvoeding geskied nie aaneenlopend nie, maar openbaar 'n omgangstruktuur en 'n bemoeienisstruktuur (Landman 1975). Perquin, soos aangehaal deur Van Zyl (1973), praat van "intensionele" opvoeding en "funksionele" opvoeding. In die alledaagse lewe verkeer volwassenes en kinders in 'n omgangsituasie. Wanneer die opvoeder opsetlik iets onder die aandag van die kind bring met 'n spesifieke doel voor oë word die omgangsituasie 'n opvoedingsbemoeienissituasie (intensionele opvoeding) (Van Zyl 1973). In die omgangsituasie leef die kind in 'n volwassewêreld waar die voortreflike voorbeeld van volwassenes 'n invloed uitoefen op die vorming van die kind (funksionele opvoeding) (Gunter 1977). Die teendeel is dat waar die volwassenes 'n swak voorbeeld stel, die kind ten kwade gevorm word - en dit is geen opvoeding nie.

Die doel met opsetlike ingryping kry eers vir die kind sin wanneer hy dit sigbaar vergestalt sien in die gedrag (voorlewing) van die opvoeder en dus in die regte perspektief kan interpreteer (Gunter 1977).

- (iii) Die opvoedingstruktuur word gekenmerk deur 'n begrypingsverhouding, 'n vertrouensverhouding en 'n gesagsverhouding (Landman 1975).
- (iv) Die opvoedingsbemoeienis toon 'n sekere verloop. Na aanleiding van Landmán (1979: 3) se uiteensettinge word die verloopstrukture soos volg weergegee:
- * Omgangstruktuur (die algemene leefwêreld),
 - * ontmoetingstruktuur,
 - * opneemstruktuur (Engagement),
 - * bemoeienisstruktuur
 - ingryping
 - instemming,
 - * terugkeerstruktuur (terugkeer na omgang),
 - * (periodieke) verlatingstruktuur.

2.2.2 Wesenskenmerke van opvoeding vanuit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou

Vervolgens word enkele wesenskenmerke van opvoeding soos deur Van Zyl (1973) uiteengesit, vanuit 'n geslagsopvoedingsperspektief bespreek. Daar moet op gelet word dat die kenmerke in samehang as eenheidsverskynsel sigbaar word:

- (i) Geslagsopvoeding is 'n menslike verskynsel.
- (ii) Wedersydse aanvaarding en begryping tussen opvoeder en opvoedeling is noodsaaklik vir toereikende geslagsopvoeding.
- (iii) 'n Geslagsopvoedingsituasie moet veiligheid en geborgenheid aan die kind bied.

- (iv) Geslagsopvoeding is 'n wyse waarop die kind in die kultuurwêreld as wêreld van betekenisse ingelei word. Geslagsopvoeding is hulp met die stigting van 'n eie wêreld en 'n eie toekoms as man of vrou aan die hand van norme en waardes.
- (v) Die ideaal van die behoorlike moet in die lig van die moontlike gesien word.
- (vi) Geslagsopvoeding kan nie plaasvind sonder onderrig en leer (onderwys) nie.
- (vii) Om 'n menslike greep op die betekeniswêreld te kry, met ander woorde om menslik te kan lewe as man en vrou in verhouding tot mekaar, vereis geslagsopvoeding volgens die behoorlikheidseise (norme) wat geld ten opsigte van geslagtelikheid. Die kind moet leer om norme ten opsigte van geslagtelikheid te aanvaar as waarde-vir-my sodat sy lewenstyl as man/vrou 'n uitdrukkingswyse kan wees van die waardevolle.
- (viii) Geslagsopvoeding geskied altyd binne 'n partikuliere kultuurgemeenskap met sy eie norme, gebruiks en lewenstyl.
- (ix) Die opvoedeling inisieer die opvoedingsituasie deur sy hulpeloosheid en nood aan begeleiding ten opsigte van geslagtelikheid. Die opvoeder moet verantwoordelikheid vir geslagsopvoeding aanvaar en moet toesien dat die steunbehoewendheid van die kind nie geskend word nie. Die opvoeder moet realistiese eise aan die kind stel wat die kind in staat sal stel om selfstandig 'n partikuliere normatiewe lewenswyse as man/vrou te verwerklik.
- (x) Geslagsopvoeding word gekenmerk deur simpatieke geslagsleiding deur die opvoeder.
- (xi) Die kern van geslagsopvoeding is geleë in die wek van sedelike bewussyn. Gewetensbeslissings (keuses)

ten opsigte van geslagtelikheid is nou gebonde aan verantwoordelikheidsaanvaarding van eie keuses (vgl. Louw 1982).

- (xii) Die kind moet opgevoed word tot aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy eie vryheid van keuses ten opsigte van geslagsaangeleenthede.
- (xiii) Geslagsopvoeding is 'n geloofsdaad wat in liefde voltrek moet word. Die voltrekking van geslagsopvoeding is onvoorspelbaar. Die kind kan steeds sy eie keuses fel ten opsigte van die geslagsopvoeding wat hy ontvang (vgl. ook Gunter 1977 en Landman 1975 ten opsigte van voorgenoemde wesenskenmerke).

Om toenemend volwasse as man/vrou te kan leef het die kind 'n kennisgreep (kognitief), 'n vaardigheidsgreep (bekwaamhede) 'n waarderingsgreep (kennis en aanvaarding van norme) en 'n geloofsgreep (geloofsoortuiging en lewensopvatting) nodig om hom in staat te stel om in sy partikuliere leefwêreld volwaardig menslik te kan lewe (Van Zyl 1973).

Uit 'n geslagsopvoedingsperspektief beskou, dui voorgenoemde daarop dat die kind 'n kennisgreep ten opsigte van geslagtelikheid moet verwerf; dat hy 'n vaardigheidsgreep moet verwerf wat hom/haar in staat sal stel om sy emosies en geslagsdrange te kan beheer asook om sy/haar rol as man/vrou toereikend te kan vervul, 'n waarderingsgreep sodat hy waardering sal hê vir geldende norme ten opsigte van geslagtelikheid en dit as waardevol vir homself sal aanvaar; 'n geloofsgreep sodat sy lewenswyse as man/vrou 'n voorbeeld sal wees van sy persoonlike oortuigings ten opsigte van die lewenswaardevolle en lewensvereisende betreffende geslagtelikheid.

As geslagsopvoeding aan universele opvoedingsdoelstellings moet beantwoord, moet die teorie en praktyk daarvan aan die hand van erkende pedagogiese kriteria geëvalueer word.

Engelbrecht (1982: 4) stel drie behoorlikheidsvrae wat die opvoeder homself voortdurend moet afvra:

Wat moet uiteindelik van die kind word?

Wat kan uiteindelik van die kind word,

Wat behoort uiteindelik van die kind te word?

Die opvoeder moet vir homself duidelikheid verkry oor wat wenslik, moontlik en behoorlik is aangaande die wording van 'n besondere kind teen die agtergrond van sy besondere behoeftes, moontlike en begrensde binne sy bepaalde kultuurmilieu. Die kind se menswaardigheid durf nie weens suiwer pragmatiese oorweginge (soos byvoorbeeld die blote voorkoming van maatskaplike probleme of die blote verskafing van biologiese inligting ten opsigte van geslagtelikheid) deur geslagsopvoeding geskaad word nie.

2.3 GESLAGSOPVOEDING

2.3.1 Enkele wesenskenmerke van geslagsopvoeding

Enkele wesenskenmerke van geslagsopvoeding, wat in sinsamehang gesien moet word, kan onderskei word. Dié kenmerke sluit die volgende in:

a) Ontsluiting van feitelikhede

Toereikende geslagsopvoeding kan nie sonder korrekte en relevante kennis en begrip van geslagsaangeleenthede verwesenlik word nie. Die kennis moet op die korrekte tyd (leeftydfase) en op die korrekte wyse (normatief) ontsluit word. Kennis en begrip ten opsigte van die volgende aspekte is nodig vir toereikende geslagsopvoeding:

(i) Fisiologiese aspekte van geslagtelikheid, insluitend

- algemene kennis van die liggaam (anatomies en

- fisiologies)
- higiëne
- veranderinge wat plaasvind in die liggaaam (puberteit) veral verklaring vir die veranderinge
- voortplanting by die mens
- geslagsiektes
- geboortes/borsvoeding/aborsies
- gesinsbeplanning.

(ii) Verhoudinge, insluitend verhoudinge met

- ouers
- broers en susters
- vriende van dieselfde geslag
- vriende van die teenoorgestelde geslag
- intieme verhoudinge met die teenoorgestelde geslag voor die huwelik
- huweliksverhouding tussen man en vrou
- liefdesverhouding tussen man(seun) en vrou(dogter).

(iii) Emosies - kennis ten opsigte van die verskillende emosies wat verband hou met geslagtelikheid, soos byvoorbeeld verskillende tipes liefde (moederliefde, verliefdheid, liefde tussen man en vrou), vriendskap, jaloesie, haat.

(iv) Norme - kennis rakende norme wat deur die opvoeders (en betrokke kultuurgemeenskap) aanvaar word as behoorlik en waardevol.

(v) Manlikheid en vroulikheid - in 'n veranderende wêreld, waar die tradisionele en sigbare rolle wat man en vrou te vertolk het al hoe meer "onsigbaar" word, is dit nodig dat die seun en dogter kennis en begrip sal verwerf ten opsigte van die rolle wat hul in die samelewing moet vervul (vgl. paragraaf 1.2.1(b)(ii)).

- (vi) Faktore vanuit die samelewing - kennis en begrip van die faktore uit die samelewing wat 'n nadelige invloed op die positiewe verwerkliking van die geslagtelikheid van die volwassewordende kind kan uitoefen soos byvoorbeeld druk van die portuurgroep, massamedia, die vervlakking van die begrip "liefde", egskeiding en vereensaming van die "massamens".
- (vii) Geslagtelikheid - kennis en insig ten opsigte van die positiewe geestelike waarde van geslagtelikhed en die rol wat die positiewe verwerkliking van die persoon se geslagtelikheid kan speel om sin aan die lewe te gee (vergelyk Frankl (1955) se uitspraak oor die sin van die liefde in hierdie verband).
- (viii) Verantwoordelikhede - kennis en insig ten opsigte van verantwoordelikhede wat gepaard gaan met enige verhouding met die teenoorgestelde geslag. Die verantwoordelikhede van 'n huwelik en 'n gesin word hereby ingesluit.
- (ix) Selfdissipline - kennis en insig ten opsigte van die waarde van selfdissipline by die verwerkliking van geslagtelikheid.
- b) Sosialisering
- Sosialisering impliseer dat die kind met die begeleiding van die opvoeder in die samelewing ingelei moet word (as seun en dogter), die wek van positiewe houdinge en gesindhede teenoor die medemens, en die wek van 'n verantwoordelikhedsbesef (Pretorius 1979). Samelewingsinvloede mag nie toegelaat word om die opvoedingsituasie te oorstroom nie. Die opvoeder moet die faktore wat geslagsopvoeding mag beïnvloed, selekteer. Die kind moet ook leer om faktore wat nie uit die samelewing geweer kan word nie te verwerk, aldus Botha (1977). Sosialisering

dui verder op die gebeure waarby die waardes, sosio-morele norme (leefreeëls), houdinge, lewensbeskouing, sosiale vaardighede, kennis en kultuur van sosiale groepe op die individu oorgedra word, en deur hom verwerv en nagelewe word, sodat hy daardeur hom op 'n sosiaal aanvaarbare wyse leer gedra (leer saamlewe), en op grond daarvan toereikend sosiaal funksioneer (Pretorius 1979: 14).

- c) Die kind moet die geleenthede gebied word om self ooreenkomsdig norme te handel

Die sosialisering van die opvoeding impliseer verder dat die kind en veral die adolescent nie toereikend opgevoed kan word om verantwoordelik ten opsigte van norme wat betrekking het op geslagtelikheid op te tree nie. 'n Voorbeeld van wat met voorgenoomde bedoel word, is die geval van die klein seuntjie wat leer dat hy vir ma en pa soengroet as hulle uitgaan. Hy moet metertyd leer om self uit sy eie te handel, met ander woorde hy soengroet hulle uit sy eie. As hy ongeveer 12, 13 jaar oud is, kan hy egter skaam en verleë word om sy pa voor sy maats te soengroet en moet dan die geleentheid gegun word om sy pa met die hand te groet. 'n Jeugdige (tienderjarige) moet byvoorbeeld toegelaat word om 'n maat van die teenoorgestelde geslag volgens eie keuse vir hom/haar te kies.

Landman (1970: 97) stel in dié verband die saak soos volg: *In 'n toenemende mate moet selfverantwoordelikhed en selfhandeling toegelaat word. Indien die voorvolwassene nie tot self-verantwoordelike self-handeling kan kom nie, sal hy ook nie by magte wees om hom ten opsigte van ontmoetinge met ander mense te verantwoord nie en dit beteken dat hy nie in staat sal wees tot outentieke vriendskap en personale liefde nie.*

Voorgenoomde dui op die kind se aandeel in die opvoeding. Hy moet wil deelneem en antwoord op sy opvoeder se bemoeienis deur uit eie keuse te wil handel volgens die

norme wat hy geleer het. Deur te handel leer hy wat vir hom as individu waardevol is (vgl. Louw 1982).

Ten einde hierdie wesenskenmerke in die geslagsopvoeding-situasie te verwerklik, is dit nodig dat opvoedingsverhoudinge gekenmerk sal word deur:

- (i) Wedersydse aanvaarding tussen opvoeder en opvoedeling.
- (ii) Wedersydse vertroue tussen opvoeder en opvoedeling.
- (iii) Wedersydse begryping tussen opvoeder en opvoedeling.
- (iv) Gesagsverhouding: Die kind moet die gesag van sy opvoeder aanvaar, maar die opvoeder mag nie sy gesag misbruik of té veel vryheid toelaat nie. Hierdie aspek sluit nou aan by die handeling van die kind.
- (v) Dialogiese verhouding: Die opvoeder moet nie alleen praat nie (voorsê). Die kind moet vry voel om deel te neem deur sy eie vrae te stel en sake met sy opvoeder te bespreek. Op hierdie wyse neem beide kreatief deel aan die opvoeding.
- (vi) Veranderende verhouding: Namate die kind meer volwasse word, moet die verhouding tussen opvoeder en kind verander in die sin dat die verhouding op 'n hoërvlak verwerklik word. Die klein kindjie dink en verstaan anders as die adolescent. Die klein kindjie aanvaar byvoorbeeld die norme van sy opvoeders sonder om daaroor te redeneer. Die adolescent daarenteen is krities ingestel. Hy is sinsoekend en wil weet waarom hy volgens die norme, wat hom voorgehou word, moet handel. Die wyse waarop die opvoeder dus die voorskoolse kind, die laerskoolkind en die tienderjarige sal benader en behandel, sal verskil.

Ten slotte kan dit gestel word dat die korrekte VOORLEWING van die ouers en ander opvoeders ten opsigte van geslagtelikhed van wesensbelang vir toereikende geslagsopvoeding is.

In hierdie verband verklaar Van Praag, soos aangehaal deur Gunter (1977: 134) soos volg: *Woorden wekken, maar voor-beelden strekken ... niet de rol die wij spelen, niet het masker dat wij dragen, maar de mens die wij zijn, heeft opvoedende kracht.*

2.3.2 Die funksie van geslagsopvoeding

In 'n studie van tersaaklike literatuur oor geslagsopvoedingsprogramme in enkele oorsese lande (insluitend die VSA, die Verenigde Koninkryk van Brittanje, Nederland, Swede en Australië) het skryfster bevind dat die volgende motiveringe vir die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in die skool aangevoer word:

- (i) Maatskaplike probleme ten opsigte van geslagtelikheid, soos byvoorbeeld buite-egtelike geboortes, promiskuit-teit, veneriese siektes en pornografie, neem toe. Kinders moet gevolelik geslagsopvoeding op skool ontvang om dié probleme te bekamp.

Baie min navorsingsbevindinge wat voorgaande bevestig, is egter beskikbaar. (Haims 1973 en Bruess en Greenberg 1981). Die moontlike rede vir dié gebrek aan navorsingsbevindinge is daarin geleë dat die uitkoms van 'n geslagsopvoedingsprogram op skool kwalik empiries geëvalueer kan word.

- (ii) Geslagsopvoeding moet die kind in staat stel om as volwassene sy geslagtelikheid (hier veral die erotiese en sensuele aspekte daarvan) te verwerklik (geniet). Met ander woorde die kind moet sy eie geslagtelikheid kan ervaar en beleef sonder die beperkings van "outydse" reëls, regulasies en taboos ten opsigte van geslagtelikheid wat lei tot gewetenswroeging, angs en neurose (Bongers en De Klerk 1980).

In die onderhawige studie word van die standpunt uitgegaan dat geslagtelikheid wesentlik van menswees is. As sodanig het dit onvermydelik opvoedingsimplikasies wat nie deur die

opvoeder (ouer of onderwyser) geïgnoreer of ontwyk mag word nie.

Landman (1970: 83) konstateer in dié verband dat dit 'n opvoedingsopgawe is om die positiewe moontlikheid van vryheid in die ryk van die geslagtelikheid aan te toon. Hy stel dit verder dat die vervulling van die opgawe wat die geslagtelikhed aan die mens stel, slegs moontlik is as die volwasse=wordende kind toenemend kan begryp dat geslagtelikhed positiwe moontlikheid tot personale vervulling is; ... dat dit moontlikheid as opgawe tot ontwerp van die geslagtelike moontlikheid is as moontlikheid waaraan 'n bepaalde waarde toegeken moet word. (Eie onderstrepding)

Die kind moet gevolglik deur die opvoeder begelei word tot die erkenning, belewing en ervaring van die positiewe waarde wat sy geslagtelikheid hom bied asook die verantwoordelikheid wat die positiewe verwerkliking van sy geslagtelikheid van hom vereis. Met ander woorde die kind moet weerbaar wees teen die destruktiewe faktore wat waardes en norme ondernemyn (De Klerk 1966). De Klerk (1966: 93) gaan voort met die volgende stelling in dié verband: ... met weerbaarheid in het onderhavige geval niets anders - maar ook niets minder - is bedoeld dan de mogelijkheid en de bereidheid om de beslissing, hoe men zich in een gegeven situatie zal gedragen, te nemen op grond van wat volgens de levens- en wereldbeschouwing prescriptief is.

2.3.3 Die doel met geslagsopvoeding

In die lig van die teoretiese begronding van geslagsopvoeding kan die volgende doelstelling met geslagsopvoeding gepostuleer word:

Met geslagsopvoeding word die normgerigte begeleiding van die kind deur die opvoeder tot kennis, insig en waardering van sy eie en ander se geslagtelikheid beoog. Hierdie kennis en begrip van die appèl wat die geslagtelikheid van die mens tot hom rig, moet toenemend in die sosiaal-aanvaarbare en genormeerde gedrag, houdinge en gesindhede van die kind ten opsigte

van geslagtelikheid vergestalting vind.

Vervolgens word dié doelstelling in meer besonderhede uiteengesit en bespreek na aanleiding van die wesenskenmerke van volwassenheid soos deur Landman (1975) gepostuleer:

(i) Sinvolheid van bestaan

Die kind vind hom by geboorte as manlik of vroulik in die wêreld waarin hy eendag as volwassene sy lewentaak as man of vrou moet vervul. Hy is egter nie van die begin af bewus van sy lewenstaak nie, maar is wel moontlikheid, met ander woorde hy kan leer, is bin=vloedbaar en opvoedbaar. Geleidelik, deur die behoorlike begeleiding van die opvoeder, kan die kind sin aan sy bestaan as seun (man) of meisie (vrouw) begin gee. Dié stelling impliseer dat die kind geleidelik moet sin gee (met ander woorde ook begrip en insig verwerv) aan sy bestaan en dus ook aan sy lyflikheid. Hy is byvoorbeeld 'n seun met 'n spesifieke liggaamsbou en die liggaam het sekere anatomiese kenmerke en fisiologiese funksies asook sekere moontlikhede. Hy het egter ook gevoelens en 'n kennende bewussyn wat die gevoelens moet interpreteer en kontroleer. In sy wordingsgang na volwassenheid vind sekere veranderinge in sy liggaam en gevoelens plaas wat dui op ontluikende geslagtelikhed. Deur toereikende geslagsopvoeding behoort hy toenemend in staat daartoe te wees om kognitief sy deurleefde lyflikheid te begryp en te beheer en gevoglik sin aan sy bestaan as seun en later as man te gee. Voorgenoemde geld natuurlik ook vir die dogter.

Om egter werklik die sinvolheid van sy/haar bestaan as seun (man) en dogter (vrouw) te beleef moet die seun/dogter ook insig verwerf in die enersheid, andersheid en medebetrokkenheid van die twee geslagte. Die sin en betekenis van oregte liefde tussen individue van die teenoorgestelde geslag asook die sin wat sodanige liefde aan sy/haar bestaan gee, is betekenisvol vir dié waardemoontlikheid van volwassenheid.

(ii) Selfbeoordeling en selfbegrip

'n Volwasse persoon is in staat tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling ten opsigte van alle aspekte rakende sy geslagtelikheid. Hy kan sy keuses, handelinge, houdinge en gesindhede ten opsigte van geslagtelikheid aan die hand van behoorlikheidseise beoordeel. Hy is in staat om die appēl wat sy eie geslagtelikheid tot hom rig (byvoorbeeld die geslagsdrang en die behoefté aan 'n heteroseksuele liefdesverhouding) te begryp.

(iii) Menswaardigheid

Aanvaarding van volwassenheid impliseer aanvaarding van die medemens as lotgenoot en bondgenoot. Dit sluit die erkenning en aanvaarding van die andersheid van die medemens in. Implisiet beteken dit die erkenning en aanvaarding van die menswaardige vroulike bestaanswyse deur die man en andersom. Indien die menswaardigheid van die ander ontken word, word die KERN van sy menswees aangetas. Agting vir die menswaardigheid van die ander geslag dui op selfrespek.

(iv) Sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling

Die mens lewe in 'n wêreld van norme en waardes. Die opvoeding is gerig op normidentifikasie. Toenemend moet op grond van die eie aanvaarding van norme en waardes gekies, besluit en gehandel word.

Van Zyl (1973) maak die stelling dat selfstandige besluitvorming by die mens in opvoedingsverband deur drie fases gekenmerk word. Eerstens kies die ouer vir die kind, later is dit 'n geleide keuse saam met kind totdat die jeugdige selfstandige keuses kan maak. Die mens kies ook nie uitsluitlik soos ander aan hom voorskryf nie maar grond sy besluit op 'n persoonlike beslissing van wat behoort te wees. Dit beteken dat hy nie altyd voorspelbaar sal kies wat die norm bepaal nie want die mens bly onvoltooid. Op

sedelik-selfstandige gebied weet hy altyd van 'n nog-nie en 'n behoort-nog (Van Zyl 1973). Sy eie persoonlike keuse (ten spyte van beïnvloeding van ander) en handeling is sy verantwoordelikheid en kan nie aan ander toerekenbaar gemaak word nie. Ten opsigte van geslagsopvoeding staan hierdie wesenskenmerk van sedelik-selfstandige volwassenheid voorop. Die mens is nie uitgelewer aan sy drifte en drange nie. Die mens is in staat daar toe om teen sy biologies-gegewe drifte te kies en te handel volgens behoorlikheidseise wat vir hom sinvol is, met ander woorde, hy kán selfdissipline toepas. Besluite wat hy neem ten opsigte van sy geslagtelikheid en sy houding en optredes wat voortvloeи uit dié besluitneming weerspieël die mate waarin hy sedelik-selfstandige (geslags)volwassenheid bereik het.

(v) Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid hang ten nouste saam met vryheid (vryheid om eie keuses te kan maak), besluitneming en handeling (Gunter 1977). Die volwasse persoon dra persoonlike verantwoordelikheid vir sy beslissings en gedrag. Sy ingesteldheid teenoor die lewe getuig daarvan dat hy bewus is dat sy besluite geneem is uit 'n diepe oortuiging dat dit so moet wees omdat dit so behoort te wees. Wie agter ander probeer skuil vir sy keuses of die blaam op ander wil plaas indien sy keuse verkeerd blyk te wees, probeer eie verantwoordelikheid ontduiк (Van Zyl 1973).

(vi) Normidentifikasie

Die norm is dit wat die behoorlike aandui. Die volwas sene is 'n persoon wat volgens die norm leef nie omdat ander dit van hom verwag nie maar ter wille van die behoorlike self (Landman 1975), met ander woorde hy het die norm "as-waarde-vir-my" aanvaar. Geslagsopvoeding is begrond in sin en betekenisgiving aan norme wat ten opsigte van geslagtelikheid geld. Indien die kind nie van kleintyd leer om toenemend sin en betekenis

te heg aan sy geslagtelikheid aan die hand van die behoorlikheidseise nie (normidentifikasie) is die moontlikheid van verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede skraal.

(vii) Lewensopvatting

Die lewensopvatting is groepspartikulier en veranker in 'n tradisie (Van Zyl 1973). Dit is uitdrukking van wat uit 'n lang geskiedenis as waardevol behou is. Die lewensopvatting dui egter nie op 'n slaafse inskakeling by groepdenke nie maar moet deur elke individu wat dit leef, verwerf word. Dit is 'n persoonlike oortuiging dat behoorlikheidseise, onder ander ten opsigte van geslagtelikheid, deur hom as individu aanvaar word en blyk uit sy keuses en gedraginge ook ten opsigte van geslagsaangeleenthede.

In aansluiting by bogenoemde uiteensetting van die oorkoeplende doel van geslagsopvoeding word die volgende verbesonderde doelstellings weergegee:

- (i) Die opvoeder moet die feitelikhede ten opsigte van geslagtelikheid op 'n sinvolle wyse en op die korrekte leeftydfase vir die kind ontsluit.
- (ii) Die opvoeder moet die kind begelei om sy geslagtelikheid sinvol in sy selfbeeld te integreer sodat hy die positiewe waarde van sy geslagtelikheid kan ervaar en beleef (liggaamlik én geestelik as twee-eenheidsdagte (Nel 1968: 208)).
- (iii) Die opvoeder moet die kind begelei om uit eie keuse gesonde en heteroseksuele verhoudinge wat op wedersydse vertroue gebaseer is, aan te knoop.
- (iv) Die opvoeder moet die kind help om faktore vanuit die samelewning, wat 'n invloed op die verwerkliking van sy geslagtelikheid kan uitoefen, te kan uitken. Die ken-

nis en insig van sodanige faktore moet die kind in staat stel om positiewe invloede te aanvaar en te verwerk maar om negatiewe faktore as nie-betekenisvol-vir-my te ervaar. Met ander woorde, die kind moet leer om faktore wat 'n invloed op geslagsaangeleenthede uitoefen, te interpreteer en in perspektief te stel ter wille van die sinvolle verwerkliking van sy eie geslagtelikheid.

- (v) Die opvoeder moet die kind begelei tot kennis en insig van die rol wat man én vrou moet vervul in die toenemende eietydse samelewing. Hierdie aspek het veral betrekking op die veranderende rol wat man en vrou in die gesin moet vertolk.
- (vi) Die kennis en insig wat die kind toenemend ten opsigte van geslagtelikheid verwerf, moet die kind in staat stel om verkeerde inligting ten opsigte van geslagsaangeleenthede te identifiseer, asook om verdraaide inligting te korrigieer.
- (vii) Die kind moet die norme wat betrekking het op geslagtelikheid leer ken, begryp, aanvaar en waardeer sodat hy toenemend op eie verantwoordelikheid selfstandig in enige gegewe situasie tussen die behoorlike en onbehoorlike kan kies.

2.4 DIE KIND SE AANDEEL IN GESLAGSOPVOEDING

Kind-wees, net soos volwasse-wees, is 'n volwaardige modus van mens-wees. Menslike moontlikhede is met geboorte gegee sodat daar nie van 'n mindere mens-wees sprake is nie.

Die kind se kinderlike wyse van lewe verskil egter grootliks van dié van die volwassene. Hy is afhanglik van die begeleiding van 'n volwassene vir sy bestaan en volwassewording. Die kind kan en mag egter nie kind bly nie aangesien daar sekere faktore is wat 'n anders wording as volwassewording van hom ver-

eis. Garbers (1972) beskryf hierdie faktore as "trek"- en "stoot"-faktore.

Enersyds word die kind "getrek" na volwassenheid deur die appèl wat die opvoeding tot die kind rig en hom roep na volwassenheid. Die volwassenheidsbeeld self "trek" die kind na volwassenheid as dit wat hy kan en behoort te word.

Andersyds word die kind ook deur sy eie liggaamlike groei en rypwording "gestoot" na volwassenheid. Ook 'n maatskaplike instelling soos die skoolstelsel met sy bevorderingsvlakke (standerds) "stoot" die kind na volwassenheid.

Die kind is egter nie uitgelewer aan bogenoemde faktore nie al sou volwassewording 'n noodwendige uitkoms van die wisselwerkning tussen omgewing en aangebore eienskappe (W. Stern se konvergensieteorie) beteken. Sodanige implikasie sou uiteraard inhoud dat daar vir die opvoeder niks meer oorbly as om ideale groeikondisies te skep nie (Nel 1968). Juis is die kind vanaf geboorte toegerus met al die menslike moontlikhede wat hom in staat stel om self persoon te word deur self 'n aktiewe aandeel in sy volwassewording te neem.

Van sy eerste bestaansemoment is die kind openheid en gerig op die wêreld om sy gegewe moontlikhede te verwerklik (Sonnekus 1979). Die kind moet en behoort te verander en hierdie verandering impliseer word en leer. Die essensies van word en leer is: ervaar, belewe, wil, ken en gedra (Sonnekus 1979).

Van meet af aan is die kind affektief-kennend op die wêreld gerig en is hy aangewese op 'n volwassene om hom op behoorlike (normatiewe) wyse te steun en te lei na dit wat hy behoort te word. Hy is dus aangewese op die opvoeder om in die kultuur van die samelewing waarin hy grootword ingelei te word.

Hierdie grootwording as volwassewording maak sig kenbaar as 'n vordering deur bepaalde leeftydstadiums wat volgens Perquin (1962) nie anders as fases beskryf kan word nie. Vir die doel van geslagsopvoeding in skoolverband is veral die volgende fases belangrik: die tydperk voor die puberteit (laerskool-

kind), puberteit en adolessensie.

Die kind se eie aandeel in sy persoonswording (volwassewording) word veral sigbaar in die aktualisering van sy gegewe persoonsmoontlikhede. Die totale kosmos (dinge, medemens, self en Skepper) rig 'n appèl tot die kind om sy gegewe moontlikhede te aktualiseer. Hierdie aktualisering van persoonsmoontlikhede geskied op affektiewe, kognitiewe en normatiewe niveau. Die wyse waarop die kind in elke leeftydsfase affektief-kennend wittree na die werklikheid en sin en betekenis aan norme in sy ervaringsveld verleen, moet begryp en verstaan word alvorens opvoeding respektiewelik as geslagsopvoeding sinvol by die leefwêreldbosit van die kind kan aansluiting vind.

In sy volwassewording gee die kind toenemend sin en betekenis aan dit wat hy leer en vestig hy 'n verwysingsraamwerk van dit wat hy deur belewing en ervaring opgebou het. Die verwysingsraamwerk word opgebou deur spontane ervarings asook ervarings wat doelgerig deur die opvoeder daargestel word (Garbers 1972). Hierdie doelbewuste blootstelling aan bepaalde ervarings sluit onder meer in bekendstelling van die kind aan die norme en waardes van die samelewning, mense wat sy lewe beïnvloed, die gevoelsmatige wat deur liefdevolle ondersteuning van die opvoeder aangewakker word en die vorming van die ken-lewe deur intellektuele stimulering tuis en op skool. Deur hierdie eie individueel-verworwe verwysingsraamwerk van die kind kan hy toenemend selekterend en kiesend sy omgewing en ervarings interpreteer en binne sy verwysingsraamwerk akkommodeer, met ander woorde sy eie sin en betekenis daarvan heg (Garbers 1972). Die sin en betekenis wat hy aan sy ervarings heg (ervaringsbesit), word in sy gedrag gereflekteer.

Die kind se gedrag weerspieël die mate waarin hy sy persoonsmoontlikhede verwerklik asook die volwassewordingsvlak wat hy al bereik het. Voorgenoemde het definitiewe implikasie vir geslagsopvoeding. Die kind se ervaringsbesit begin met geboorte en brei uit namate hy homself en die wêreld om hom ontdek en sin en betekenis daarvan heg. Daar moet op gelet word

dat die gegewe persoonsmoontlikhede van die individuele kind (persoon) meespreek ten aansien van die wyse waarop hy sin en betekenis aan sy ervarings heg. 'n Ingewikkeld wisselwerking tussen die wyse van opvoeding, opvoedingsinhoud, persoonlikhede, karakters en gedrag van opvoeders self, opvoedingsmilieu en samelewingsfaktore het 'n medebepalende invloed op die wyse waarop die kind sy eie liggaamlikheid en sy eie leefwêreld leer ken, ervaar en beleef.

Alhoewel geslagsopvoeding belangrik is gedurende die totale wordingsgang van die kind, is die fases van puberteit en adolesensie veral relevant vir sover dit die skool se taak ten aansien van geslagsopvoeding raak. Om die kind se aan-deel en kindheidsbeeld gedurende die fases in perspektief te stel, word eksemplaries verwys na die puberteitsfase. Geen volledige bespreking word beoog nie maar slegs 'n bondige samenvatting om ter illustrasie te dien.


Puberteit word deur Bigot (1967) beskryf as 'n "tweede geboorte", 'n stroomversnellingstydperk waar die seun/dogter toenemend deur sy ontluikende seksualiteit ontdek dat hy besig is om MAN te word en sy ontdek dat sy besig is om VROU te word. Dit is 'n tydperk in 'n kind se lewe waartydens radikale liggaamlike, psigiese en geestelike veranderinge plaasvind. Die puberteit en daaropvolgende adolesente fase in die kind se wordingsgang het spesifieke implikasies vir opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede.

Alhoewel die puber en adolescent vanaf sy geboorte al lerende sy liggaam en gevoelens toenemend "ontdek" het, kan hy nie op 'n verantwoordelike wyse die nuwe veranderinge in sy deurleefde lyflikheid begryp, sin daaraan gee of hanteer (beheer) indien hy nie op 'n behoorlike wyse volgens sy individuele persoonsmoontlikhede daarop voorberei word nie. Hierdie stelling impliseer dat die kind (jeugdige) in sy persoonswording erken en begryp sal word.

2.5 SINTESE


Geslagsopvoeding is 'n wyse van opvoeding. Dit word gekenmerk deur die intieme en persoonlike aard van die inhoud daarvan. Om komplekse sinsamehang tussen die verskillende komponente van geslagsopvoeding aan te dui, word dié komponente in figuur 2.1 skematies voorgestel. Geslagsopvoeding in pedagogiese perspektief word in figuur 2.2 skematies uitgebeeld. Die twee skematiese voorstellinge dien as sintese van die onderhawige hoofstuk.

FIGUUR 2.1
SINSAMEHANGE TUSSEN DIE VERSKILLENDÉ KOMPONENTE VAN GESLAGSOPVOEDING



FIGUUR 2.2

GESLAGSOPVOEDING IN PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF



HOOFSTUK 3

GESLAGSOPVOEDING IN SOSIOPEDAGOGIESE PERSPEKTIEF

3.1 INLEIDING

Die kind se geslagsopvoeding, volwassewording en sosialisering word binne die totale sosiale werklikheid voltrek.

(Geslags)opvoeding en volwassewording vind gevvolglik nie in isolasie plaas nie maar in 'n bepaalde samelewings. Faktore vanuit die samelewings, het noodwendig 'n invloed op die (geslags)opvoeding van die kind (Pretorius 1979). Die opvoeder het dus onder andere die opgawe om sodanige faktore wat die geslagsopvoeding van die kind kan belemmer, te kontroleer. Daarbenewens moet die opvoeder die kind ondersteun om die nadelige faktore en die invloed wat dit op hom mag uitoefen, te interpreteer, te verwerk en in juiste perspektief te stel.

Die toereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies is noodsaaklik vir toereikende geslagsopvoeding. Die sosiopedagogiese essensies word dus in die hieropvolgende para-grawe in geslagsopvoedingsperspektief deurskou.

3.2 GESLAGSOPVOEDING EN SOSIOPEDAGOGIESE ESSENSIES

3.2.1 Opvoeding in saamlewe (samelewings)

Die (geslags)opvoeding van die kind word altyd in 'n bepaalde sosiale situasies en teen 'n bepaalde maatskaplike agtergrond voltrek (Pretorius 1979). Die kind word beïnvloed deur sy lewe in opvoedingsituasies en deur sy lewe in saamleefsituasies (Pretorius 1979: 11). (Geslags)opvoedingsituasies is altyd in die sosiale werklikheid ingebed (Gresse 1971). Faktore uit die sosiale werklikheid kan dus 'n belemmerende of bevorderende invloed op geslagsopvoeding uitoefen.

Geslagsopvoeding vind hoofsaaklik in gesinsamelewings plaas.

Dit is in die gesin dat die kind vir die eerste keer leer wat in sosiale opsig goedkeurenswaardig en afkeurenswaardig ten opsigte van geslagtelikheid is. Die liefdesverhouding of die gebrek aan liefde in die verhouding tussen die ouers oefen 'n invloed uit op die kind se ervaring en belewing van 'n huweliksverhouding. Die ouers se saamleef-voorbeeld is van die uiterste belang, want daardeur dra hulle bewus of onbewus hulle voorkeure en afkeure, opvattinge en sosiale houdinge ten opsigte van geslagtelikheid aan hulle kinders oor (vgl. Pretorius 1979).

Ten opsigte van 'n (geslags)opvoedingsituasie wat ook 'n saamleefsituasie is (in dié opsig veral die gesinsituasie) geld die vraag na die toereikendheid van die geslagsopvoeding in sodanige situasie enersyds en na die toereikendheid van die saamlewe (verhoudinge in die gesin) andersyds.

Die gesin is die primêre opvoedingsituasie en saamleef-situasie, waar die kind van kleins af norme aangaande geslagtelikheid in sosiale verband leer. Indien die opvoeders (ouers) deur verantwoordelike voorlewing en opsetlike ingryping die kind in die intieme opvoedingsituasie van die gesin verantwoordelik opvoed ten opsigte van geslagsaangeleenthede, is die fondament vir latere verantwoordelike (geslagtelike) gedrag reeds gelê.

3.2.2 Opvoeding tot saamlewe (samelewing)

Die doel met opvoeding tot saamlewe is om die kind te begelei tot toereikende saamleef met ander. Opvoeding tot saamlewe impliseer

- * die inlei van die kind in die samelewing,
- * die wek van positiewe houdinge teenoor die medemens, en
- * die wek van 'n verantwoordelikhedsbesef (sosiale gewete) (Pretorius 1979).

Die breë samelewing waarin die kind woon en saam met ander leef is nie altyd gunstig vir toereikende sosialisering nie. Talle faktore in die eietydse samelewing bemoeilik die ouers

se taak ten opsigte van geslagsopvoeding. Die kind moet egter leer om ten spyte van ongunstige faktore vanuit die samelewing toereikend met sy medemens saam te leef en om uiteenlopende sosiale situasies te hanteer.

Die opvoeder het die taak om samelewingsinvloede te selekteer en te kontroleer (deur dit toe te laat of te verbied; deur dit goed te keur of af te keur). In dié verband moet die opvoeder die kind help om samelewingsinvloede ten opsigte van geslagtelikheid te interpreteer en in perspektief te stel. Indien die opvoeder en kind byvoorbeeld saam na 'n TV-program kyk waar egbreuk of verkragting gebeeldsaai word, kan die opvoeder aan die kind die moontlike redes beskryf vir sodanige dade en waarom dit as verkeerd (onverantwoordelik) beskou word, asook die gevolge wat sulke dade meebring. Om slegs te sê dit is verkeerd beteken vir die kind en jeugdige niks. Hy wil weet waarom dit verkeerd is.

Die kind moet gehelp word om die werklikheid te interpreteer sodat hy nie nadelig daardeur beïnvloed word nie. Terselfdertyd moet hy onderrig word oor hoe om hom ten opsigte van geslagsaangeleenthede te gedra sodat hy nie ander ten kwade sal beïnvloed nie. Die kind moet opgevoed word om in sy verhoudinge met ander (in geslagsopvoeding veral ten opsigte van seun-dogter-verhoudinge en later huweliksverhoudinge) die ander se "andersheid" te erken en te verstaan, met ander woorde om die ander se menswaardigheid nie te skend nie. Volgens Traas (1974: 80) is daar twee wyses waarop 'n mens met 'n ander in verhouding kan tree, naamlik

- * 'n "ek-dit"-verhouding, waar die eie realiteit en identiteit van die ander ontken word, en hy slegs as objek in sy "gebruikswaarde" beskou word, en
- * 'n "ek-jy"-verhouding, waar 'n mens deur middel van egte kommunikasie met die ander self verryk en self meer mens word.

Maar juist in menselike relaties is toch die ik-jij relatie datgene wat die mens werkelijk tot mens maakt. In deze relatie ziet die mens die ander niet als object in zijn 'ge-

bruikswaarde', maar hij heeft hem lief, aldus Traas (1974: 80). Frankl (1955) sluit by Traas aan waar hy in sy beskrywing van die sin van die liefde beweer dat opregte liefde daardeur gekenmerk word dat jy die persoon wat is liefhet en nie dit wat die persoon het nie.

Landman (1970: 79) verwys soos volg na hierdie aangeleenthed:
... omdat mense persone is, beskik hulle oor geslagtelikheid as wyse van persoonlike verwerkliking, as 'n wyse van 'n tot-die-ande aangetrokke word en deur-die-ande aangetrek word (Bräutigam), dus as brug van 'n ek na 'n jy, as besondere wyse van eenwording met die ander persoon.

Die kind moet dus deur geslagsopvoeding leer om 'n ek-jy-verhouding met die teenoorgestelde geslag op te bou. Ter selfdertyd moet hy samelewingsinvloede ten opsigte van geslagsaangeleenthede kan interpreteer en in perspektief stel sodat hy die behoorlike van die onbehoorlike kan onderskei.

3.2.3 Opvoeding as ontvouende intermenslike kommunikasie

Opvoeding kan nie plaasvind sonder kommunikasie nie. Kommunikasie word deur die hedendaagse menswetenskappe as uiters belangrik beskou want slegs daardeur kan die mens

- * bestaan,
- * sy moontlikhede verwerklik, en
- * homself leer ken ('n eie identiteit verwerf) (Pretorius 1979).

Dit gaan nie hier om massakommunikasie of die oppervlakkige uitruiling van gemeenplase nie, maar wél om die moontlikheid van diepe menslike kontak en mededeling. Sonder opvoedingskommunikasie kan die kind "wat self-iemand-wil-wees" (Langenveld) nie 'n eie identiteit verwerf nie.

Ontoereikende kommunikasie tussen die kind en sy ouers, gesinslede, portuurgroepelde en onderwysers kan betekenis dat die kind probleme sal ondervind om sy eie identiteit

te verwerf. 'n Kind wat sodanige probleme met identiteitsverwerwing ondervind, kan homself identifiseer met 'n onpersoonlike, ongedifferensieerde massa, met ander woorde, hy kan 'n massamens word. So 'n massamens kan nie in vryheid en op eie verantwoordelikheid besluite neem nie. By 'n massamens bestaan daar ook 'n gebrek aan bindinge, geestelike waardes en godsdiensdeelname (vgl. Botha 1977). Sodanige mens het gewoonlik nooit die geborgenheid van 'n tuiste of ware ouerliefde geken nie. Hy soek intimiteit en eg menslike kontak deur werklike kommunikasie met die medemens (vgl. Botha 1977). Pretorius (1979: 154) stel dit dat die jeugdige intieme kommunikasie met ander soek, want intimiteit bied

- * geborgenheid ,
- * die geleentheid om sin te ontdek ,
- * iemand wat vir jou iets beteken , en
- * voldoening aan die mens se basiese nood (medemenslikheid) .

Hulpverlening aan die jeugdige met betrekking tot hierdie soeke na kommunikasie en intimiteit om vereensaming op te hef, is 'n fundamentele faset van geslagsopvoeding. Pretorius konstateer (en hierdie standpunt word ondersteun deur die meeste navorsers op die gebied van geslagtelikheid) dat jeugdiges (en volwassenes) in 'n desperate soeke na intimiteit hul wend na oppervlakkige seksuele verbintenis in die waan dat seksuele omgang die intiemste vorm van kontak is.

Kitsintimiteit (byvoorbeeld by seksuele kontak) beteken dat werklike kommunikasie nie verwerklik word nie. In vele gevalle word kitsintimiteit gesoek omrede

- * dit 'n mindere mate van kontak is (talle mense vrees egte, intieme geestelike kontak),
- * dit kortstondige genot gebied ,
- * dit 'n illusie van sekuriteit en liefde meebring , en
- * dit sosiale erkenning en aanvaarding van leeftydgenote kan meebring (Pretorius 1979: 155).

Die jeugdige wat te vroeg in sy lewe by seksuele verhoudinge betrokke raak en die seksuele "gebruik", doen dit volgens

Dreyfus (1972: 34)

- * ter wille van fisiese genot,
- * as 'n wyse van kommunikasie,
- * as 'n soeke na nuwe ervaringe,
- * as 'n bewys van "rypheid",
- * om met die leeftydsgroep te konformeer,
- * om die ouers uit te daag
- * om die samelewing uit te daag
- * om eensaamheid te ontvlug
- * om psigiese spanning te verlig,
- * as beloning of straf.

Traas (1974: 64) verklaar die volgende ten opsigte van jeugdiges wat oppervlakkige seksuele verhoudinge aanknoop:

... ontdekken de jonge mensen vrij spoedig dat sex, ontdaan van werkelijke menselike communicatie, ook niet alles is en snel vervelend wordt.

Toffler (1970: 375) plaas die blaam vir dié soeke na intimititeit op die kortstondigheidsfaktor in die samelewing:

Once the transience factor is recognized as a cause of alienation, some of the superficially puzzling behaviour of young people becomes comprehensible. Many of them, for example, regard sex as a quick way to 'get to know someone'. Instead of viewing sexual intercourse as something that follows a long process of relationship-building, they see it, rightly or not, as a shortcut to deeper human understanding.

3.2.4 Wisselwerking tussen opvoeding en samelewing

Soos reeds op gewys is, bestaan daar 'n wisselwerkingsverband tussen opvoeding en samelewing, met ander woorde die opvoeding beïnvloed die samelewing en die samelewing beïnvloed die opvoeding. Dié uitspraak kan kortliks soos volg toegelig word.

(i) Indien die kind volwasse word met 'n gebalanseerde en

verantwoordelike houding jeens geslagtelikheid, sal die wyse waarop hy sy eie en ander se geslagtelikheid begryp en hanteer 'n positiewe invloed uitoefen op ander persone. Hy sal faktore ten aansien van geslagtelikheid wat in die breë maatskappy voorkom in perspektief kan stel en vir homself kan besluit wat om te negeer en wat om as positief te aanvaar. Die persoon wat egter 'n losbandige, onverantwoordelike leweli, kan die samelewing (en die geslagsopvoeding van die kind in die betrokke samelewing) negatief beïnvloed.

- (iii) Die samelewing bestaan uit mense en word tot stand gebring deur mense. Gevolglik is dit dinamies en onderworpe aan verandering. Die invloede wat voortvloeи uit die samelewing is afkomstig van die mense wat 'n bepaalde samelewing vorm. Die norme rakende geslagsaangeleenthede wat deur 'n spesifieke samelewing as behoorlikheidseise aanvaar word, sal 'n invloed uitoefen op die geslagsopvoeding van die kind. Indien dié norme egter vervaag, verduister, gemoniciseer en genihileer word, veroorsaak dit verwarring by beide opvoeder en kind. Hierdie gebrek aan singewing aan die norm as gevolg van onkunde of verwarring word gevolelik deel van die kind se volwassenheidsbeeld. As lid van 'n samelewing kan 'n persoon wat "normloos" leef en handel ten opsigte van geslagsaangeleenthede ander en veral die kind nadelig beïnvloed. So ontstaan 'n kringloop wat al wyer kan uitkering. Positiewe geslagsopvoeding en die opsetlike bemoeienis van verantwoordelike opvoeders kan egter hierdie bose sirkelgang breeк en kinders kan tot verantwoordelike volwassenes ten opsigte van geslagtelikheid opgevoed word wat weer mettertyd die samelewing ten goede kan beïnvloed.

3.2.5 Opvoeding as sosiaal-maatskaplike oriëntering

Die jeugdige se volwassewording is nog nie voltooi nie, al-

hoewel hy al seksuele rypheid bereik het. Die psigiese, persoonlike en kulturele funksionering van sy seksualiteit het egter nog nie ten volle ontplooи nie. Hy word byvoorbbeeld volwasse in arbeidstegnieke voordat hy die psigiese krag verwerf het om 'n liefdesgemeenskap uit te bou of op sy eie verantwoordelikheid beslissinge te neem (Seidmann 1967).

In sy tussenstadium tussen kindheid en volwassenheid soek die jeugdige nog na 'n eie identiteit, maar hy wil ook deur ander aanvaar word. As gevolg van onsekerheid oor sy eie staanplek in die samelewing is hy geneig om ander se voorbeeld te volg (Pretorius 1979).

Onverantwoordelike geslagtelike gedrag op hierdie stadium hang ten nouste saam met nie-aanvaarding of onsekerheid ten opsigte van geslagsnorme, persoonkwaliteite, soeke na intimititeit en 'n soeke na aanvaarding deur sy leeftydgenote. Geslagsopvoeding is dus vir die jeugdige van besondere belang aangesien hy gesteun moet word om sy plek as man of haar plek as vrou in die samelewing te vind. Die jeugdige moet dus op 'n intensiever wyse as die jong kind onderrig word ten opsigte van die komplekse inhoud wat betrekking het op geslagsaangeleenthede (insluitend feite, gevolge van geslagtelike optredes en die norme wat verantwoordelike gedrag bepaal).

Die jeugdige as nie-volwassene soek steeds die ondersteuning van 'n verantwoordelike volwassene om die verwarringe emosies wat hy beleef, die liggaamsveranderinge wat hy ondergaan, sy onsekerheid ten opsigte van hetero-seksuele verhoudinge en die soms verwarringe invloede ten opsigte van geslagtelikhed vanuit die samelewing te kan verwerk, sin daaraan te gee en op 'n verantwoordelike wyse te kan hanteer.

3.2.6 Opvoeding as begeleiding met identiteitsverwerwing

Elke kind wil sy eie identiteit verwerf, hy wil graag "iemand"

wees. Die verwerwing van 'n eie identiteit word gekoppel aan individualiteit, selfrespek, persoonlikheid, opneem van verantwoordelikheid, selfstandige keusevorming, sinvolheid van bestaan, 'n positiewe selfbeeld en gesonde selfvertroue (Gunter 1977).

Ten opsigte van geslagsopvoeding is begeleiding met identiteitsverwerwing van die uiterste belang, want 'n persoon wat verseker is van sy eie identiteit sal nie so maklik blootgestel wees aan vereensaming en 'n soeke na intimiteit deur middel van oppervlakkige seksuele verhoudinge nie. Deur kommunikasie met ander leer die opvoedeling homself ken en verwerf hy toenemend 'n eie selfbeeld (identiteit), ook ten opsigte van die eie identiteit as man of vrou met die geslagtelikhedsaspekte wat man- of vrouwees behels (geslagsidentiteit).

Om 'n eie identiteit te verwerf het die opvoedeling 'n volwasse persoon van sy eie geslag nodig waarmee hy hom kan identifiseer, wat dus 'n voorbeeld is na wie hy sy eie volwassewording kan rig. Die volwassene moet die behoorlikeidseise ten opsigte van geslagtelikheid vir die kind voorleef. In sy inherente wens om soos die volwassene te wees, sal die kind neig om die gedrag van die identifikasiefiguur na te volg (funksionele geslagsopvoeding).

Op sy wordingsweg na volwassenheid moet die kind hom gaandeweg van die opvoeder distansieer en tussen die persoon en norm (wat eers vir hom één was) onderskei. Hy moet dus, indien hy sy eie identiteit wil verwerf, selfstandig die norme en waardes ten opsigte van geslagtelikheid kies waarmee hy hom wil identifiseer. Sodanige persoon sal dus by die bereiking van volwassenheid onder die gesag van die norm leef as selfgekose behoorlikeidseis wat in sy waardelewe vergestalt (vgl. Louw 1982).

3.3 MANIFESTASIES VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKHEID

Ontoereikende geslagsopvoeding kan moontlik in die volgende

maatskaplike probleme manifesteer:

- * Buite-egtelike geboortes en gepaardgaande probleme vir die moeder, vader en kind
- * Prostitusie
- * Veneriese siektes
- * Aborsies
- * Saamby van man en vrou sonder om te trou
- * Seksuele kindermolestering
- * Die "gebruik" van die seksualiteit om bepaalde voordele te bekom (prostitusie uitgesluit)
- * Pornografie
- * Bloedskande
- * Homoseksualisme
- * Om buite die huweliksverbintenis die geslagsdaad te pleeg (egbreuk)
- * Verkragting en ander seksuele molestering
- * Verabsolutering van die liggaamlike ten koste van die geestelike, veral in die advertensiewese, rolprente, boeke en tydskrifte.
- * Vervlakking van die liefdesverhouding tot 'n suiwer seksuele verhouding, wat onder andere aanleiding gee tot 'n toename in egskeidings. Mense trou dikwels met verkeerde motiewe (vgl. Pistorius 1976).

3.4 MOONTLIKE VEROORSAKENDE FAKTORE VIR PROBLEME TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKE GEDRAG

Geslagsopvoeding is gebaseer op lewensopvatlike norme, liefdevolle geborgenheid in gesinsverband, sosialisering en korrekte kennis en insig ten opsigte van geslagtelikhed. Verskeie faktore in die gesin en in die breë maatskappy kan egter aanleiding gee tot probleme ten opsigte van geslagtelike gedrag. Vervolgens word 'n aantal faktore wat 'n negatiewe invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen kortlik bespreek.

3.4.1 Faktore in die gesin (vgl Pretorius 1979, Pistorius 1976, Traas 1974, Gresse 1973 en De Kock 1980).

a) Die kind se eie aandeel

Die kind beskik steeds oor die inisiatief om teen die opvoeding van sy ouers te kies en sodanige keuses kan byvoorbeeld onverantwoordelik wees, ook ten opsigte van geslagsaangeleenthede.

b) Ontoereikende opvoeding in die gesin

(i) Affektiewe verwaarlosing

Indien die kind te min liefde van sy ouers ontvang, ontstaan die moontlikheid dat hy buite die huisgesin na intimiteit sal gaan soek. So kan die kind in sy soeke na intimiteit byvoorbeeld doelbewus intieme geslagtelike verhoudinge stig. Ander vorme van affektiewe verwaarlosing wat aanleiding kan gee tot seksueel-losbandige gedrag is onder meer afwysing of verwering deur een of beide ouers, ambivalente gevoelsverhoudinge tussen ouer en kind, onaywrigge mededinging tussen die kinders onderling, gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind en disharmoniese huweliksverhoudinge.

(ii) Onjuiste opvoedingshouding van die ouers

In baie huisgesinne word ontoereikende opvoedingsbemoeienis met die kind gemaak wat betref behoorlikheidseise wat aan die kind gestel word. Sodoende leer die kind nie om aan onder meer die behoorlikheidseise ten aansien van geslagtelikheid wat in sy kultuurgroep aan hom gestel word, te voldoen nie.

Ander vorme van verkeerde opvoedingshoudinge van die ouer is toegeeflikheid en verwenning, veeleisende en té strenge opvoeding, oorbesorgdheid, oormatige beskerming, teenstrydigheid, onsekerheid en onstabiliteit - elk kan moontlik veroorsakend wees met betrekking tot onbehoorlike geslagtelike gedrag by die kind.

Hoewel dit algemeen aanvaar word dat die ouers primêr verantwoordelik is vir die geslagsopvoeding van hulle kinders, is dit so dat hulle dit in baie gevalle nie self kan of wil behartig nie en dat die kinders dan geen of gebrekkige leiding van hulle ouers in hierdie verband ontvang. Veroorsakende faktore hiervoor is onder meer gebrekkige kennis by ouers in verband met geslags-aangeleenthede; 'n onvermoë om toereikend met hulle kinders te kommunikeer; dat hulle geslagsopvoeding as die taak van die skool en/of die kerk beskou; vrees vir negatiewe uitkomste indien hulle wel met bemoeienis sou misluk, inhibisies, selfbewustheid, of bloot 'n negatiewe houding ten opsigte van geslagsopvoeding.

(iii) Swak voorbeeld van ouers

Waar ouers swak sedelike gedrag openbaar, ontstaan die moontlikheid dat die geslagsopvoeding van die kind nie toereikend verwerklik sal word nie.

Een gevolg van voorgenoemde is dat by die jeug gebrek-kige betekenisgewing en wantroue jeens die huwelik as instelling gewek word. Brindley (1976: 49) verklaar in dié verband die volgende: *Marital disruption is so real and so unresolved in the Township that the young people are rapidly losing faith in marriage as an institution specifically, and in human relations generally. Furthermore its value as a positive nurturing ground for the young is being seriously threatened, and they are receiving inadequate alternative security and affection.*

c) Uitgestelde adolessensie

Kinders word hedendaags biologies vroeër volwasse as 'n paar dekades gelede (Chamberlain 1981). Die jeugdige is dus op 'n relatief vroeë ouerdom liggaamlik in staat tot seksuele verhoudinge. As gevolg van veelvuldige faktore soos byvoorbbeeld lang studiejare en ekonomiese faktore kan die jeugdige



nie op 'n vroeë leeftyd trou en 'n gesin onderhou nie. Van die ongetroude jeugdige word egter seksuele onthouding verwag, terwyl hy steeds toenemend blootgestel word aan die subtiele en soms ooglopende opwekking van seksualiteit (vgl. Pistorius 1976).

d) Te vroeë huwelike

Baie paartjies tree in die huwelik voordat hulle volwasse genoeg is om die verantwoordelikhede, wat 'n huwelik en 'n gesin meebring, te aanvaar.

3.4.2 Faktore in die samelewing (vgl. Pretorius 1979,
Du Plessis 1974, Schornack 1982, Pistorius 1977)

Negatiewe of ongewenste faktore vanuit die samelewing het uiteraard 'n invloed op die opvoedingsituasie. Indien die samelewing byvoorbeeld sodanige eise aan die ouers stel dat hulle baie uithuisig is, sal dit die opvoeding van die kinders raak. Van die belangrikste faktore in die samelewing wat as moontlike oorsake van onverantwoordelike geslagtelike gedrag beskou kan word, word vervolgens kortlik bespreek:

a) Tydgees

Een van die belangrikste kenmerke van die moderne samelewing is verandering, veral ten opsigte van voortdurend veranderende sosiaal-maatskaplike norme in vergelyking met die meer konstante religieuse normstruktuur. Dit het veral aanleiding gegee tot verwarring en onsekerheid in die opvoeding (vgl. Botha 1977 en Du Plessis 1974). Terselfdertyd is daar ook 'n afname van die invloed van die kerke en van religieuse beginsels met 'n gevolglike gees van vryheid van verantwoordelikheid by die jeug. Dié afname in moraliteit en minimalisering van norme gee onder andere aanleiding tot permissiewe geslagtelike gedrag (vgl. Pistorius 1977 en De Klerk 1966).

De Klerk (1966: 94) verklaar in hierdie verband: *En het witte bruidskleed is in veel gevallen niet meer het symbool van*

onschuld en reinheid maar een simpel confectie-stuk van die moderne tyd.

b) Gebrek aan georganiseerde ontspanning

Jeugdiges, veral in stede, het nie altyd die geleenthede om deel te neem aan georganiseerde ontspanning (sport, klubs) nie. Gebrek aan ontspanningsruimte en finansies is onder ander verantwoordelik vir die gebrek aan ontspanningsfasiliteite. Die gevolg is dat die jeugdige wat nie die geleenthede gebied word om sy vrye tyd konstruktief te benut nie sy tyd "op straat" verspeel. Sodanige leeglêery kan daartoe aanleiding gee dat die jeugdige meer geredelik in 'n situasie beland waarin hy by ongewenste seksuele verhoudinge betrokke raak as dié jeugdige wat sy vrye tyd konstruktief benut.

c) Massamedia

Een van die kenmerke van massakommunikasie is dat dit eenrigtingkommunikasie is. Die menings, suggesties en oortuiginge wat die radio, televisie, koerante en tydskrifte oordra, is nie geredelik aan terugvoering, dialoog en bevraagtekening onderhewig nie. Die kind wat nog nie daartoe in staat is om die subtile onderskeid te maak tussen die "regte" en "verkeerde" nie kan daardeur nadelig beïnvloed word (Botha 1977). Die kind kan ook verwarr word indien die norme wat deur die massamedia aan hom voorgehou word met dié van sy ouers bots. Films en televisieprogramme beeld soms geslagtelikheid op so 'n wyse uit dat liggaamlike en seksuele aantreklikheid in heteroseksuele verhoudinge verabsouteer word. Die geestelike waardes ten opsigte van heteroseksuele verhouding word hierdeur verskraal en soms totaal geïgnoreer (vgl. Pistorius 1971). Die kind kan dus 'n skewe beeld van heteroseksuele verhoudinge opbou.

d) Nivellering van norme

Die eietydse samelewing word gekenmerk deur 'n polivalensie en uiteenlopendheid van lewensnorme as gevolg van onder

meer botsende kultuurnorme (Du Plessis 1974). Die jeugdige merk die skynheiligkeit en oppervlakkigheid van die ouer generasie ten opsigte van geslagtelikheid en bevraagteken dus die norme wat die ouer geslag as die behoorlike aan hom voorhou. Indien die volwassenes met wie die kind (jeugdige) identifiseer nie volgens behoorlikheidseise ten opsigte van geslagtelikheid leef nie, sal hy probleme ondervind om dié norme as sinvol te ervaar.

De Klerk (1966: 94) beweer ten opsigte van geslagsopvoeding dat jongmense ...zich vooral op het gebied van de moraal onzeker voelen en dat een gebrek aan waarden daarvan de voornaamste oorzaak is.

e) Vereensaming

In die eietydse samelewing en veral in die stede leef baie mense in eensaamheid. As enkeling in die massa gebeur dit dat die individu seksuele verhoudinge aanknoop bloot om van sye eie eensaamheid te ontvlug. In sy soek na sin en intimititeit maak die jeugdige hom dus skuldig aan promiskue gedrag (vgl. De Kock 1980).

f) Sosio-ekonomiese faktore

Armoede, hoëdigtheidsbehuising, werkloosheid, milieu-gestremdhed, ensovoorts is slegs enkele van die sosio-ekonomiese faktore wat 'n besliste nadelige invloed op die geslagsopvoeding van die kind uitoefen (vgl. De Kock 1980).

g) Portuurgroep

Adolescente identifiseer met hul maats en wil nie graag "uit" wees nie en konformeer dus met dit wat maats as die "in-ding" ten opsigte van geslagtelike gedrag beskou (vgl. Pretorius 1979). Onder druk van die portuurgroep kan 'n jeugdige hom dus skuldig maak aan ongewenste gedrag ten opsigte van geslagtelikheid.

h) Vervlakking in die man-vrou-verhouding

In die eertydse samelewing word die geestelike in die man-vrou-verhouding dikwels ontken. Klem word eerder op die sensasionele en erotiese gelêterwyl die werklike sin en waarde van liefde daardeur verskraal word (Pistorius 1977).

(i) Onvoldoende onderwys

De Kock (1980) wys daarop dat onvoldoende onderwys (vroeë skoolverlating) funksioneel kan wees vir buite-egtelikheid. In 'n ondersoek na buite-egtelikheid by Kleurlinge het hy bevind dat daar 'n verband tussen vroeë skoolverlating, gevolglike lae onderwyspeil en buite-egtelikheid bestaan.

3.5 DIE TAAK VAN DIE OUERS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING

Gesinsopvoeding is die basis van alle latere opvoeding. Die kind word in die gesin voorberei vir sy lewe in die samelewing. Zeldenrust-Noordanus (p.8) verklaar in dié verband:

Bovendien zijn de relaties met de gezinsleden de eerste relaties die het kind beleeft, een ervaring die van grote invloed blijkt te zijn voor het latere leven.

Gresse (1971: 54) konstateer in dié verband soos volg: *Deur die huwelik bereik man en vrou eers hulle volle menslikheid deur die skep van 'n ons-ruimte ... In die gesinsituasie beleef die kind die fundamentele mede-menslikheid (ons-heid) vir die eerste keer en dié ervaring is die uitgangspunt vir latere gemeenskapsbelewing en maatskappy-ervaring.*

Die gesin leef egter nie in afsondering nie, maar word beïnvloed deur die gemeenskap waarvan dit deel vorm. Die ouers se taak ten opsigte van geslagsopvoeding behels kortliks die volgende:

a) Geborgenheid

Die ouers moet 'n veilige "ons-ruimte" vir die kind skep waarin die huweliksverhouding en opvoedingsverhoudinge van liefde spreek. Die kind moet in die huis leer wat liefde vir die medemens beteken.

Die ouers se taak sluit onder meer in om toe te sien dat hul eie verhouding tot mekaar van so 'n aard is dat dit 'n voorbeeld vir die kind kan wees. Om te verwag dat dit voortdurend van liefde sonder konflik moet spreek, is ooridealities en onrealisties. Die moeder en vader behoort egter altyd menswaardig teenoor mekaar op te tree, selfs te midde van konflik. Die kind moet alreeds in die gesin leer wat liefde, vriendskap, offervaardigheid, getrouwheid, verantwoordelikheid en verdraagsaamheid is maar hy moet ook leer hoe om aggressie, isolasie, teensin, konflik en wrywing in verhoudinge te hanteer (Pretorius 1979).

Die ouers het derhalwe as taak om die kind te begelei ten opsigte van geslagtelike houdinge, gedrag en opvatting tot dat hy in dié opsigte selfstandigheid bereik het.

b) Opvoedingsverhoudinge

Daar moet sprake wees van 'n gesags-, begrypings- en vertrouensverhouding tussen ouer en kind.

c) Verantwoordelikheid

Die kind moet in die gesinsituasie leer wat verantwoordelikhed beteken, sodat hy as jeugdige toenemend selfstandig en verantwoordelik sy eie keuses en beslissinge ten opsigte van geslagsaangeleenthede kan maak.

d) Normatiewe opvoeding

Geslagsopvoeding moet aan die hand van geldende norme voltrek word. 'n Kind kan nie sonder kennis en die voorlewning van (geslags)norme opgevoed word nie. Die verwerwing van kennis

ten opsigte van (geslags)norme en die geleentheid om selfstandig volgens dié norme op te tree, is 'n voorvereiste vir toereikende geslagsopvoeding. Kennis van (geslags)norme behoort in gesinsverband deur die kind verwerf te word.

Kuisheid is 'n ideaal wat deur die jeugdige nagestreef behoort te word. In die moderne samelewing is morele kuisheid egter 'n besondere ingewikkeld saak vir die jeugdige om te begryp. Die ouers het 'n onvermydelike taak om die kind te begelei om selfstandig ten gunste van kuisheid te kies. Baie ouers is egter huiwerig om enige aangeleentheid ten opsigte van geslagtelikheid met hulle kinders te bespreek. Louw (1982: 43) verklaar in hierdie verband:

Kuis ouers is nie bereid om te verduidelik hoekom seksuele gedrag ontoelaatbaar is nie - intendeel, dit word selfs nie as opgevoed beskou om die onderwerp te bespreek nie. Indien hulle dan in so 'n gesprek gedwing word, antwoord hulle deur te verduidelik dat dit beter is om die sosiale gevolge van sodanige gedrag te vermy. As die jeugdige die gesprek verder dwing deur 'n antwoord te eis op die vraag hoekom die sosiale gevolge so drasties is, word die ouers dikwels ongestel en word die gesprek sonder 'n bevredigende oplossing afgesny.

Die jeugdige moet die geleentheid gegun word om norme ten opsigte van geslagtelikheid kritis te deurskou. Louw (1982: 43) maak die volgende stelling in dié verband:

Ondersoek van, refleksie oor en kennis van norme hou altyd gevaar in ... Daar is egter geen manier om die gevare te vermy nie indien ons mense en nie gedresseerde diere wil opvoed nie,

en:

Daar bestaan egter die moontlikheid dat indien die jeugdige verder en dieper in die wete van die self delf, hy die nor-

matiewe en morele, die estetiese en religieuse betekenis van die seksuele daad vir sy menswees sal ontdek.

e) Dissipline

Tot tyd en wyl die jeugdige vir homself die waarde van kuishheid ontdek, sal die ouers op individueel-bepaalde wyses die kind moet dissiplineer. Groot omsigtigheid is egter nodig met sodanige dissipline. Outoritêre dissipline kan moontlik juis aanleiding gee tot 'n ontvlugting in die tipe geslagtelike gedrag wat die ouers probeer vermy. Sodanige disspline kan moontlik ook die jeugdige se vermoë om selfstandig ten gunste van kuishuid te kies, benadeel.

f) Dialoogvoering

Die ouers moet in dialoog tree met hul kinders ten opsigte van geslagsaangeleenthede. Dit beteken dat hulle alle vrae na die beste van hul vermoë moet beantwoord en indien bespreking nodig is, moet hulle toelaat dat die kinders hul probleme met hulle bespreek. Van Zyl (1973) beweer dat indien 'n 10-jarige kind nog nie die normale vrae ten opsigte van die herkoms van babas gevra het nie, daar iets in die opvoedingsverhouding skort. Kennis ten opsigte van geslagtelikheid mag egter nie versaklik word na blote biologiese feite ten koste van die geestelike (liefde) nie.

'n Fyn balans moet gehandhaaf word, sodat die kind nie onnodige of onverwerkbare inligting bekom nie. Dit is die ouers se plig om aangeleenthede ten opsigte van geslagtelikheid vir die kind in die regte perspektief te plaas. Ouers moet derhalwe self oor die korrekte kennis beskik om hul kinders toereikend te kan begelei.

g) Voorlewning

Die ouers moet self verantwoordelike houdinge en gedrag ten opsigte van geslagtelikheid openbaar. Skynheiligeid en ander onaanvaarbare gedrag ten opsigte van geslagtelikheid

belemmer die kind se geslagsopvoeding. In dié verband beweer Ross (1952: 169) dat daar geen ander weg is waardeur dissipline en die regte sin vir waardes oorgedra kan word ... *as from the living, through the living, to the living nie.*

h) Oriëntering ten opsigte van toekomstige geslagsrolle

Ouers moet hul seun of dogter sodanig opvoed dat hul in die veranderende eietydse samelewing hul kan tuismaak in hul rol as man of vrou.

Ten slotte word die uitspraak van Kriekemans (1959) weergegee, naamlik dat LIEFDE die beginsel, die middel, die betekenis en die doel van die gesinslewe is.

3.6 DIE TAAK VAN DIE SKOOL

In die gekompliseerde moderne lewe het die ouer nog die tyd nog die kennis en bekwaamheid om die kind in al die fasette wat hy nodig het om 'n greep op sy wêreld te verkry, te lei. Die skool is gevolegtlik daargestel om die ouer te help en te ondersteun in dié taak en wel op 'n formeel wyse. Deur die eeue heen het die skool meer bepaald 'n onderwysende taak verkry (waar 'n vak of vaardigheid spesifiek onderrig word sodat die kind kan leer). Opvoeding en onderwys kan egter nie van mekaar geskei word nie. Vergelyk in dié opsig die volgende uitspraak van Waterink: *Wie onderwijs voedt op, en wie opvoedt, kan dat alleen, als hy ook onderwijs* (Van Zyl 1973: 322).

Langeveld beskryf die skool as 'n brug tussen die intiem-persoonlike gesinsituasie en die breë, formeel-saaklike samelewing. Die skool het dus meer as net 'n onderwysende taak - dit het ook 'n opvoedingstaak.

Verder is die skool ook 'n "oefenveld" vir die kind wat sy inskakeling in die samelewing betref. Die skool bied ook byvoorbeeld vir die kind geleentheid om verantwoordelik-



Die ouers én die skool het beide dieselfde breë opvoedingsdoel voor oë, naamlik die sedelik-selfstandige volwassenheid van die kind. Die skool kan dus nie slegs op enkele opvoedingsaspekte fokus nie (byvoorbeeld liggaamlike en verstandelike vorming), maar moet net soos die ouers die totale kind (liggaam, psige, gees) opvoed.

Lichtenstein, soos aangehaal deur Pretorius (1979: 68) bied die volgende taakanalise van die skool:

- * Dit is 'n middel tot oordrag van norme en lewensbeskouing.
- * Dit is 'n middel tot vrye selfontplooing.
- * Dit moet rekening hou met die werklike behoeftes van die samelewing.

In die lig van voorgenoemde kan gestel word dat waar geslagsopvoeding 'n besondere wyse van OPVOEDING is, die skool as sekondêre opvoedingsituasie ook 'n taak in dié verband het.

In die onderwys in die RSA vervul die skool reeds bepaalde geslagsopvoedingsfunksies. So byvoorbeeld is dit algemeen aanvaarde praktyk dat onderwysers kinders sal wys op die korrekte wyse om in verhouding te tree met die medemens en op die waarde van norme. Verder word enkele feite rakende geslagtelikhed in sekere sillabusse ingesluit (vergelyk voortplanting by diere in Biologie en moederkunde in Huis-houdkunde). Die vraag ontstaan egter of die skool se taak ten opsigte van geslagsopvoeding nie uitgebrei moet word nie, veral omdat ouers nie altyd al die aspekte rakende geslags-aangeleenthede aan hulle kinders oordra nie.

3.7 SLOTOPMERKINGS

Uit die voorgaande analyse en beskrywing blyk dat geslagsopvoeding veel meer behels as blote "seksvoorligting"; dit omsluit die opvoeding van die totale subjek-liggaam wat die kind IS.

Geslagsopvoeding is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie; daarbenewens is bepaalde geslagsopvoedingsinhoude van 'n persoonlike en intieme aard, wat op die korrekte wyse en op die korrekte leeftydfase vir die kind ontsluit moet word. Die ouer is dus die aangewese persoon om die geslagsopvoeding van die kind waar te neem.

Probleme ontstaan egter as die ouers self onkundig is ten opsigte van die korrekte inligting, of te skaam is, of nie bereid is om oor geslagsaangeleenthede te praat nie. Die gevolge hiervan is dat kinders inligting "op straat" (by maats en die massamedia) verkry wat nie noodwendig korrek is nie. Owers moet gevvolglik in dié opsig in hulle opvoedingstaak tegemoetgekom word. Geslagsaangeleenthede betrek egter veel meer as feite ten opsigte van die liggaam, voorbehoedmiddels en veneriese siektes. Dit sluit die allerbelangrike verhoudinge tussen die geslagte in, die gevolge van seks buite die huwelik, die verantwoordelikhede wat 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag inhoud wat dan ook die huwelik (en latere gesin) insluit, asook die veranderende konnotasie wat aan manlikheid en vroulikheid geheg word, dit wil sê geslagsopvoeding moet normatief van aard wees. Die veranderende "rol" wat die man en vrou in die samelewing vervul, verdien ook aandag. Met dié stelling word bedoel dat die tradisionele siening dat die man "buite" die huis werk en die vrou "binne" die huis, haas uitgedien is (vgl. Traas 1974 en Mentz 1979). Huidig moet die vrou in toenemende mate self tot die beroepslewe toetree ten einde die man in sy taak as broodwinner te help terwyl sy steeds ook verantwoordelik is om haar versorgende gesinsrol te vervul. Hierin kan die man haar egter ook tegemoetkom. Die taakverdeling is egter 'n gesinsaangeleentheid wat deur die lede van

die gesin bepaal moet word. Die kind moet vir dié veranderinge rol opgevoed word. Die vrou is egter toegerus om kinders te baar en teenoor dié kinders het sy 'n onafwendbare verpligting om hulle te versorg. Daarom moet die dogter veral voorberei word vir haar dubbele rol as medebroodwinner en moeder. Die seun aan die ander kant moet ook opgevoed word om sy taak as broodwinner en vader op verantwoordelike wyse te vervul.

HOOFSTUK 4

'N MENINGSPEILING: KLEURLINGOUERS EN -ONDERWYSERS SE MENINGS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING

4.1 DIE ONDERSOEKGROEP

'n Meningspeiling om die houding van ouers en die onderwyskorps jeens geslagsopvoeding en die instelling van 'n geslagsvoorlichtingsprogram op skool vas te stel, is geloods. Die metode wat gevolg is, is deur verskeie faktore bepaal.

Dié faktore word vervolgens kortliks bespreek:

- (a) Die aanname is gemaak dat ouers en die onderwyskorps moontlik geslagsopvoeding uit verskillende oogpunte sou bejeën en daar is besluit om die ondersoekgroep in twee te verdeel. Twee vraelyste is opgestel; een aan ouers en die ander aan die onderwyskorps. Die vrae in die onderskeie vraelyste kom hoofsaaklik ooreen alhoewel 'n paar vrae van dié aan ouers wel van dié van die onderwyskorps verskil.
- (b) Aangesien koste wat aangegaan kon word, beperk was, is besluit om -
 - (i) die ondersoek te beperk tot die Kaapse Skiereiland waar die grootste konsentrasie van die Kleurlingbevolking aangetref word, en
 - (ii) 'n universum van die onderwyskorps in die Kaapse Skiereiland vas te stel en 'n ewekansige steekproef van 5% daaruit te trek. Min of meer dieselfde getal vraelyste sou dan aan ouers gerig word.
- (c) Die respondentie is slegs verteenwoordigend van Kleurlinge in die Kaapse Skiereiland.

4.1.1.1 Die steekproewe

Vir die doel van die ondersoek is twee afsonderlike steekproewe getrek, naamlik vir die onderwyskorps en die ouers.

a) Die onderwyskorps

Wat betref die bepaling van die respondentie wat in die ondersoekgroep opgeneem sou word, is die volgende reëlings getref:

- (i) Die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge het 'n universumlys opgestel van die betrokke onderwyskorps in die Kaapse Skiereiland en aan elk 'n nommer toegeken.

Die universumlys is in verskillende kategorieë ingedeel en 'n ewekansige steekproef van 5 % is getrek. Die kategorieë onderwyspersoneel volgens die universum en steekproef word in tabel 4.1 weerspieël.

TABEL 4.1

KATEGORIEË ONDERWYSPERSONEEL: UNIVERSUM EN STEEKPROEF

Persone ingesluit by bepaling van universum	Universum	Steekproef
Primêreskoolonderwysers	5 559	277
Skoolhoofde, primêre skole	229	12
Sekondêreskoolonderwysers	1 656	83
Skoolhoofde, sêkondere skole	59	3
Dosente (opvoedkunde) verbonde aan tersiêre inrigtings	167	8
Rektore van tersiêre inrigtings	7	1
Vakkundiges verbonde aan die Afdeling vir Kleurlingonderwys	50	3
TOTAAL	7 727	387

(ii) Vir elk onderwyspersoneel is 'n naamlys waarop nommers vir elke naam toegeken is deur die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge opgestel. Die lys van nommers, sonder die name, is deur die RGN gebruik om 'n ewekansige steekproef te trek uit elke kategorie. Die lys van nommers uit elke kategorie is aan die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge gestuur met die versoek dat die Direktoraat die toepaslike respondentie sou identifiseer en vraelyste aan diogene sou stuur.

In gevalle waar respondentie nie geïdentifiseer kon word nie (byvoorbeeld in gevalle waar hulle die diens verlaat het), is addisionele nommers verskaf.

Met die hulp van voorgenoemde metode is 387 vraelyste aan die onderwyskorps gestuur.

Uit die 387 vraelyste is 275 terugontvang en 269 in die ondersoek opgeneem. Die ses vraelyste wat nie in die ondersoek opgeneem is nie, is uitgelaat omdat die vraelyste onvolledig voltooi is, of nie korrek voltooi is nie.

b) Ouers

Soos reeds vermeld, is die Kaapse Skiereiland uitgesonder vir die ondersoek en is ongeveer dieselfde hoeveelheid ouers as persone verteenwoordigend van die onderwyskorps as respondentie gebruik.

Die steekproef is soos volg met behulp van die Meningspeilingsentrum van die RGN en die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge getrek.

- (i) Opnemers-subdistrikte vir die betrokke bevolkingsgroep soos bepaal deur die Meningspeilingsentrum en strate met straatnommers van die woongebiede soos deur die Direktoraat: Onderwys vir Kleurlinge verskaf, is gebruik om 'n ewekansige steekproef van 400 te trek. Die opnemers-subdistrikte verteenwoordig al die Kleurlingewoongebiede van die Kaapse Skiereiland.
- (ii) Nege-en-dertig Kleurlingveldwerkers is deur die navorsers opgeleid om deur middel van persoonlike onderhoude met ouers die vraelyste in te vul. Elke veldwerker het 'n opnemers-subdistrik plus 'n lys van strate en straatnommers wat geïdentifiseer is, ontvang.
- (iii) Indien die inwoners van die betrokke huis nie kinders gehad het nie, is van alternatiewe straatnommers gebruik gemaak.
- (iv) Die navorsers verbonde aan die RGN-streekkantoor te Kaapstad het die vraelyste saam met die betrokke veldwerkers gekontroleer vir volledigheid.
- (v) As gevolg van voorgenoemde werkwyse kon 393 van die 400 vraelyste in die ondersoek opgeneem word. Dit verteenwoordig 98,3 % van die steekproef.

Vervolgens word die verteenwoordiging van die ondersoeksgroep (onderwyskorps en ouers) in terme van enkele verdelers bespreek.

4.1.2 Die ondersoeksgroep in terme van enkele verdelers

a) Onderwyskorps

(i) Geslag en onderwysinstansie waaraan respondentे verbonde is

In tabel 4.2 word 'n uiteensetting van die geslag van respondentе sowel as die inrigting waaraan hulle verbonde is, gegee.

Die oorgrote meerderheid respondentе (97,4 %) is aan 'n skool verbonde. Indien die grootte van die steekproef in aanmerking geneem word¹⁾ dan verteenwoordig die respondentе van die

1) Kyk tabel 4.1

TABEL 4.2

ONDERWYSKORPS: GESLAG EN INSTANSIE WAARAAN VERBONDE

Instansie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
'n Skool	108	40,2	154	57,2	262	97,4
Onderwysersopleidingskollege	4	1,5	3	1,1	7	2,6
Universiteit	0	0	0	0	0	0
Afdeling vir Kleurlingonderwys (onderwysvakkundiges)	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	112	41,7	157	58,3	269	100,0

Onderwyskorps 69,5 % van die oorspronklike steekproef.¹⁾

Die gegewens soos in tabel 4.2 weergegee toon ook dat die vroulike respondente in die meerderheid is (58,3 %).

(ii) Ouderdom en kwalifikasies van respondent

Met die opstel van die vraelys is van die veronderstelling uitgegaan dat ouerdom en kwalifikasies 'n invloed kan uitoefen op die meningspeiling. Met die verwerking van die gegewens het egter geblyk dat dit nie die meningspeiling beïnvloed het nie. Die gegewens ten opsigte van ouerdom en kwalifikasies word gevvolglik in tabelvorm vir kennisname aangedui en sal nie in die ondersoek as verdelers gebruik word nie. (Kyk tabelle 4.3 en 4.4).

1) Die gegewens word nie in tabelvorm aangetoon nie.

TABEL 4.3

ONDERWYSKORPS: OUDERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE

Ouderdomsgroep	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Onder 25 jaar	13	4,8	31	11,5	44	16,3
26 - 35 jaar	32	11,9	61	22,7	93	34,6
36 - 45 jaar	34	12,6	44	16,4	78	29,0
46 - 55 jaar	23	8,6	16	5,9	39	14,5
56 jaar en ouer	10	3,7	5	1,9	15	5,6
TOTAAL	112		157		269	100,0

TABEL 4.4

ONDERWYSKORPS: KWALIFIKASIES

	MANLIK		VROUWLIK		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
Tot en met st. 10	9	3,4	32	12,0	41	15,4
1 jaar onderwys=diploma	1	0,4	4	1,5	5	1,9
2 jaar onderwys=diploma	23	8,7	67	25,2	90	33,9
3 jaar onderwys=diploma	37	13,9	25	9,4	62	23,3
4 jaar onderwys=diploma	9	3,4	3	1,1	12	4,5
Net 'n B.-graad (bv. B.A.; B.Sc.)	5	1,9	3	1,1	8	3,0
'n B.-graad plus 'n onderwysdiploma	18	6,8	7	2,6	25	9,4
'n Honneursgraad of B.Ed.	5	1,9	2	0,8	7	2,7
'n M.-graad	2	0,7	0	0	2	0,7
'n D.-graad	0	0	0	0	0	0,0
Ander kwalifika=sies: spesifiseer	3	1,1	11	4,1	14	5,2
TOTAAL	112	42,2	154	57,8	266*	100,0

* Drie respondente het nie die vraag beantwoord nie

b) Ouers

(i) Ouer(s) met wie onderhoud gevoer is

TABEL 4.5

OUERS: WIE HET DIE VRAELYS INGEVUL?

Persoon wat die vraelys ingevul het	N	%
Moeder	286	72,8
Vader	28	7,1
Moeder en Vader	79	20,1
TOTAAL	393	100,0

Die meeste vraelyste (72,8 %) is deur die moeders ingevul. Indien die 20,1 % wat deur vader en moeder ingevul is, ook in aanmerking geneem word, kan die afleiding gemaak word dat die meningspeiling hoofsaaklik gegrond word op die houding van die moeders.

(ii) Huwelikstatus

TABEL 4.6

OUERS: HUWELIKSTATUS

Huwelikstatus	N	%
Getroud	315	80,2
Geskei en weer getroud	14	3,5
Ongetroud	21	5,3
Wewenaar	3	0,8
Weduwee	24	6,1
Geskei/vervreem	16	4,1
TOTAAL	393	100,0

Die gegewens soos aangedui in tabel 4.6 toon aan dat 80,2 % van die respondentे getroud is. Slegs 3,5 % van die respondentе was geskei en is weer getroud. Die res van die respondentе (16,3 %) kan as enkelouers beskryf word.

Die gegewens soos aangetoon in tabelle 4.5 en 4.6 is veral van belang ten opsigte van die inligting bekom in die verdere verloop van die vraelysopname. Veldwerkers het aangedui dat sommige respondentе nie altyd oor sekere persoonlike inligting beskik het ten opsigte van of die vader of die moeder van hulle kinders nie. In sodanige gevalle is die vraag nie beantwoord nie. Gevolglik is daar in die tabelle wat volg soms 'n redelike hoë getal verdelers wat as onbeantwoord aangedui sal word. Indien die getal moeders (72,8 &%) wat die vraelyste beantwoord het, in ag geneem word, is dit te verstane dat die vader se gegewens in meer gevalle nie altyd beskikbaar was nie. Waar dit die geval is, sal dit in die tabelle aangedui word.

(iii) Ouderdom

TABEL 4.7

OUERS: OUERDOMSGROEPE

Ouderdomsgroepe	Moeders		Vaders	
	N	%	N	%
16-25 jaar	29	7,8	10	5,7
26-35 jaar	110	29,7	41	23,4
36-45 jaar	135	36,4	67	38,2
46-55 jaar	65	17,5	42	24,0
56 en ouer	32	8,6	15	8,6
TOTAAL*	371	100,0	175	99,9
ONBEANTWOORD**	22		218	

* Die totaal verteenwoordig die getal respondentе wat die vraag beantwoord het en persentasies word apart vir moeders en vaders bereken.

** Onbeantwoorde vrae word nie in berekening gebring met die uitwerk van persentasies nie.

Die ouderdomsverspreiding van moeders, soos aangedui in tabel 4.7, toon die grootste insidensie in die klasinterval 36 en 45 jaar. Nagenoeg 80 % van die moeders se ouderdomme wissel tussen 26 en 55 jaar. Die vaders toon ongeveer dieselfde ouderdomsverspreiding as moeders maar met 'n neiging na 'n ietwat hoër ouderdom (vergelyk moeders en vaders in die onderskeie ouderdomsgroepe).

(iv) Kwalifikasies

TABEL 4.8

OUERS: KWALIFIKASIES

Kwalifikasie	Moeder		Vader	
	N	%	N	%
Geen skoolopleiding	10	2,6	4	1,3
Sub A tot st. 2	26	6,6	13	4,2
St. 3 tot st. 5	126	32,2	59	19,0
St. 6	87	22,3	61	19,7
St. 7 tot st. 8	107	27,4	97	31,3
St. 9	16	4,1	17	5,5
St. 10	9	2,3	31	10,0
St. 10 plus 1 tot 2 jaar	7	1,8	12	3,8
St. 10 plus 3 jaar en meer	3	7	16	5,2
Totaal	391	100,0	310	100,0
Onbeantwoord	2		83	

Die gegewens aangaande kwalifikasies, soos aangetoon in tabel 4.8 dui daarop dat 81,9 % van die moeders oor 'n standerd 3- tot 'n standerd 8-skoolkwalifikasie beskik waarvan die meerderheid (32,2 %) 'n standerd 3- tot standerd 5-kwalifikasie het. Die meerderheid vaders (70,0 %) beskik ook oor kwalifikasies tussen standerd 3 tot standerd 8. Die grootste persentasie van dié respondentie (31,3 %) het 'n standerd 7- of 8-kwalifikasie.

(v) Kerkverband

Vir doeleindes van die onderhawige ondersoek is van die voorveronderstelling uitgegaan dat kerkverband 'n moontlike invloed op menings van respondenten mag uitoefen. Gevolglik is gevra aan watter kerk respondent behoort. Kerke is vir die doel van verslagskrywing saamgroepeer, en in die volgende kategorieë verdeel:

Protestant, Rooms-Katolieke, Moslem/Hindu en "ander". In tabel 4.9 word die respondenten se geloofsverband weergegee.

TABEL 4.9

OUERS: GROEPERING VAN RESPONDENTE IN KERKVERBAND

Kerkverband	Moeder		Vader	
	N	%	N	%
Protestant	257	65,6	227	66,8
Rooms-Katolieke	45	11,5	30	8,8
Moslem/Hindu	53	13,5	50	14,7
Ander	37	9,4	31	9,1
Geen	0	0	2	0,6
Totaal	392	100,0	340	100,0
Onbeantwoord	1		53	

Die gegewens, soos uitgebeeld in tabel 4,9 toon dat die breë kerkverband van die meeste respondenten (moeders en vaders) protestantsgeoriënteerd is (onderskeidelik 65,6 % en 66,8 %). Die verteenwoordiging van die drie ander onderskeibare kerkverbande is kleiner.

In besprekings van temas wat volg, sal geloof, waar nodig blyk te wees, as verdeler gebruik word.

4.2 FAKTORE IN DIE GESIN WAT OP GESLAGSOPVOEDING BETREKKING HET

In hoofstuk 3 is verwys na die belangrike taak wat die ouers te vervul het ten opsigte van die geslagsopvoeding van hulle kinders. Verder is gewys op die invloed wat sekere situasies binne 'n gesin moontlik kan uitoefen op die geslagsopvoeding van die kinders. Aangesien die opvoeding van kinders nie buite 'n samelewing bedink kan word nie, moet aanvaar word dat die samelewing waarin die kind grootword ook 'n invloed op sy (geslags)opvoeding uitoefen.

Met hierdie siening as uitgangspunt is die menings van al die respondentе (ouers en onderwyskorps) ten opsigte van geslagsaangeleenthede binne die gesin asook hul menings ten opsigte van beïnvloeding vanuit die samelewing ingewin. Vervolgens word die data ten opsigte van geslagsaangeleenthede in die gesin bespreek.


4.2.1 Respondente se bron van inligting rakende geslagsaangeleenthede

Ouers word allerwee аs die aangewese persone beskou om geslagsopvoeding te behartig. Daar moet van die standpunt uitgegaan word dat ouers, om dit na behore te kan behartig, oor die nodige en korrekte feitlike kennis en insig ten aansien van geslagsaangeleenthede beskik. Verder word ook van die ouers verwag dat hulle oor die nodige verantwoordelikheidsin sal beskik om hulle kinders op 'n behoorlike wyse volgens geldende norme te onderrig (opsetlike opvoeding) asook deur verantwoordelike voorlewing van norme (onopsetlike opvoeding).

a) Ouers

Die ouers is gevra om aan te dui waar hulle kennis van geslagsaangeleenthede opgedoen het. 'n Lys van bronne is aan hulle verskaf waaruit hulle meer as een keuse kon maak. Dié gegewens word in figuur 4.1 uitgebeeld.

FIGUUR 4.1
BRON VAN INLIGTING RAKENDE GESLAGSAANGELEENTHEDE (OUERS)



Die gegewens soos gevind in figuur 4.1 dui duidelik daarop dat die mees algemene bronne van inligting raken= de geslagsaangeleenthede, eie ervaring (69,0 %), maats (61,1 %) en boeke (ongespesifiseerd) (57,8 %), insluit. In teenstelling hiermee figureer die ouers van hierdie respondentente swakker as bron van inligting. In dié verband het die respondentente aangedui dat 6,1 % by die vader, 24,9 % persent by die moeder en 21,6 % by beide ouers inligting rakende geslagsaangeleenthede ontvang het.

'n Belangrike aanduiding in die gegewens is dus dat inligtingsbronne buite gesinsverband deur meer respondentente aangewys is as bronne binne gesinsverband. Die gehalte van inligting word uiteraard nie deur dié gegewens aange= toon nie.

b) Onderwyskorps

Die onderwyskorps is gevra om aan te dui waar hulle hoof= saaklik hulle kennis ten opsigte van geslagsaangeleent= hede opgedoen het. Die bronne van inligting is beperk tot vier en die respondentente kon 'n multikeuse maak indien hulle dit sou verkies. By die bespreking van ouers se response waar die moeder soms vir die vader moes antwoord en andersom, kon manlik en vroulik nie betroubaar as ver= delers gebruik word nie. Dié verdeler word wel ten aan= sien van die respondentente van die onderwyskorps gebruik in figure 4.2(b) en (c). Figuur 4.2(a) geld ten aansien van die manlike en vroulike onderwyskorpsrespondente gesament= lik.


Die gegewens in figuur 4.2(a), waar inligting verskaf deur respondentente van die onderwyskorps as geheel aan= gedui word, toon 'n ooreenkoms met dié wat deur die ouers verskaf is, naamlik dat inligting eerder buite gesins= verband verkry is as binne gesinsverband. Die enigste verskil is dat ouers die klem meer op eie ervaring laat val as die onderwyskorps (69,0 % ouers teenoor 43,1 % onderwyers). Maats is die meeste deur die onderwyskorps




FIGUUR 4.2

BRON VAN INLIGTING RAKENDE GESLAGSAANGELEENTHEDE (ONDERWYSKORPS)


Figuur 4.2a
(Manlik en Vroulik)



Figuur 4.2b
(Manlik)



Figuur 4.2c
(Vroulik)



aangedui as inligtingsbron (63,5 %). Die persentasie kom ooreen met dié van die ouers waar 61,1 % maats as inligtingsbron aangetoon het.

Figure 4.2(b) (manlike respondent) en 4.2(c) (vroulike respondent) dui die verskil in frekwensies aan tussen die gegewens verskaf deur manlike en vroulike respondent. Die hoogste frekwensie by albei geslagte kom nog voor by maats as die hoofsaaklike inligtingsbron (mans 65,1 %, vrouens 61,8 %). 'n Verskil in respons tussen manlike en vroulike respondent kom voor by ouers as inligtingsbron.

Die vroulike respondent dui, relatief gesproke, baie meer hulle ouers as inligtingsbron aan as die manlike respondent (mans 13,3 %, vrouens 31,2 %).

c) Gevolgtrekking

Die algemene afleiding wat gemaak kan word uit die gegewens verskaf in figure 4.1, 4.2(a), (b) en (c) is dat die grootste persentasie van al die respondent (ouers en onderwyskorps) hoofsaaklik hul kennis ten opsigte van geslagsaangeleenthede buite gesinsverband en wel by maats en deur eie ervaring opgedoen het. Die vraag ontstaan dadelik na die toereikendheid van dié kennis. Met ander woorde, aangesien kennis hoofsaaklik buite die primêre opvoedingsituasie (gesin) opgedoen is, is die vraag of daar van normsentrisiteit en korrekte feitelike inligting sprake was by die opdoen van dié kennis. Die vraelys was nie ingestel om die toereikendheid van die kennis, korrektheid van die inligting ontvang of die normatiewe aard daarvan te bepaal nie. Soos gestel in hoofstuk 3 is dié komponente van geslagsopvoeding noodsaaklik.

Opvoedkundig beskou kan geslagsinligting wat by maats of deur ervaring opgedoen is nie as toereikend beskryf word nie. Slegs as daar 'n verantwoordelike opvoeder, wat toereikende kennis en insig het ten opsigte van geslagsaangeleenthede, betrokke was om die kind te begelei deur die korrekte feitelike inligting te ontsluit en normatief voor te hou en voor te leef, kan daar van toereikende ge-

slagsopvoeding sprake wees.

4.2.2 Bron van inligting waar kinders hulle geslagskennis opdoen

Respondente (ouers en onderwyskorps) is gevra om volgens hul mening aan te dui waar hulle eie kinders (in die geval van ouers) en waar die skoolleerlinge (in die geval van die onderwyskorps) hulle kennis aangaande geslagsaangeleenthede opgedoen het (multikeuse-vraag). Figure 4.3(a) en (b) beeld grafies die menings van respondent uit.

a) Ouers

Die gegewens soos aangetoon in figuur 4.3(a) dui daarop dat geen inligtingsbron deur 'n baie hoë frekwensie kenmerk word nie. Ouers meen dat hulle kinders hulle geslagskennis by hulle moeders (28,2 %) en tweedens by albei ouers (25,4 %) kry. Sommige ouers (21,1 %) het aangedui dat hulle nie weet waar hulle kinders geslagskennis opdoen nie, terwyl boeke (23,0 %) ook deur ouers as inligtingsbron aangetoon word.

b) Onderwyskorps

Die onderwyskorps se keuse was beperk tot vier bronne, te wete ouers, broers/susters, maats en ervaring. Die gegewens soos verstrek deur die respondent van die onderwyskorps word in figuur 4.3(b) aangedui.

Die mees opvallende kenmerk van dié gegewens is dat 88,5 % van die respondent wat die onderwyskorps verteenwoordig van mening is dat leerlinge hul kennis hoofsaaklik by maats opdoen. Ervaring as inligtingsbron word tweede hoogste aangeslaan, naamlik 32,3 %. Slegs 20,8 % van dié respondent het ouers as die primêre inligtingsbron aangedui.




%

100
95
90
85
80
75
70
65
60
55
50
45
40
35
30
25
20
15
10
5


FIGUUR 4.3(a)

BRON VAN INLIGTING WAAR KINDERS HUL KENNIS RAKENDE GESLAGSAANGELEENTHEDDE
OPDOEN (OUERS SE MENING)

93



BRON VAN INLIGTING WAAR KINDERS HUL KENNIS RAKENDE GESLAGSAANGELEENTHEDÉ
OPDOEN (ONDERWYSKORPS SE MENING)



c) Gevolgtrekking

Die algemene afleiding wat uit voorgaande gegewens gemaak kan word, is dat ouers en die onderwyskorps nie dieselfde mening huldig oor waar die kinders hulle geslagskennis opdoen nie. Die vraag wat hier gevra kan word, is waarom die ouers se mening so drasties van die onderwyskorps se mening verskil. Verskeie moontlike antwoorde kan dié vraag beantwoord. Eerstens ken ouers hulle kinders meer intiem en is gevolglik meer bewus van waar hulle kinders kennis rakende geslagsaangeleenthede opdoen. Die teenpool van dié antwoord is dat ouers subjektief gemoeid is by hulle kinders en gevolglik graag wil glo dat hulle self hul kinders se bron van inligting is. Die onderwyskorps aan die anderkant ken die leerlinge moontlik nie so intiem nie maar hulle benader die kinders en die onderwerp meer objektief en kom gevolglik tot 'n ander gevolgtrekking as die ouers.

Die gegewens in die hieropvolgende paragrawe sal die verskil in mening verder beklemtoon.

4.2.3 Kinders se kennis aangaande geslagsaangeleenthede

Respondente is versoek om aan te dui of hulle van mening is dat kinders wel oor genoegsame en behoorlike kennis aangaande geslagsaangeleenthede beskik. Die menings word in tabel 4.10 weergegee.

Die verskil in die menings van ouers en die respondente wat die onderwyskorps verteenwoordig, is opvallend. Die ouers se mening is hoofsaaklik dat hulle kinders oor voldoende en behoorlike geslagskennis beskik (63,2%). Vyf-en-tagtig persent van die onderwyskorps is egter van mening dat kinders NIE oor behoorlike en voldoende geslagskennis beskik nie. Hierdie diskrepansie in menings leen sig nie tot 'n verklaring wat bloot op statistiek gegrond is nie. Die algemene afleiding kan egter dieselfde wees soos genoem onder paragraaf 4.2.2(c).

TABEL 4.10

MENINGSPEILING: BESKIK KINDERS OOR VOLDOENDE EN BEHOORLIKE KENNIS RAKENDE GESLAGSAANGELEENTHEDE?

Menings	Ouers		Onderwyskorps	
	N	%	N	%
Ja	247	63,2	19	7,1
Nee	81	20,7	238	88,5
Weet nie	34	8,7	5	1,9
Onseker	29	7,4	7	2,5
TOTAAL	391*	100,0	269	100,0

* Twee respondentte het nie die vraag beantwoord nie.

4.2.4 Kinderbegeleiding deur ouers ten opsigte van geslagsopvoeding

Ouers en onderwyskorpsrespondente is gevra om hul menings uit te spreek oor die vraag of ouers genoeg leiding aan hul kinders bied met betrekking tot geslagsaangeleenthede.

TABEL 4.11

MENINGSPEILING: BIET OUERS GENOEGSAME LEIDING MET BETREKKING TOT GESLAGSAANGELEENTHEDE AAN HUL KINDERS?

Menings	Ouers		Onderwyskorps	
	N	%	N	%
Ja	223	57,1	6	2,2
Nee	101	25,8	252	93,7
Weet nie	29	7,4	6	2,2
Onseker	38	9,7	5	1,9
TOTAAL	391*	100,0	269	100,0

* Twee respondentte het nie die vraag beantwoord nie.

Die opvallende verskil tussen die menings van ouers en onderwysers is net so duidelik in die geval van ouerlike leiding as in tabel 4.10, wat oor genoegsame geslagskennis van kinders gehandel het. Meer as die helfte van die ouers (57,1 %) het aangedui dat hulle genoeg leiding verskaf. Die onderwyskorpsrespondente is egter baie negatief ten aansien van ouerlike leiding aangesien 93,7 % van mening is dat ouers nie hul kinders genoeg leiding ten opsigte van geslagsaangeleenthede bied nie. Ongeveer 'n kwart van die ouers het aangedui dat hulle nie genoeg leiding aan hulle kinders gee nie.

Vervolgens is die ouers wat aangetoon het dat hulle nie genoegsame leiding bied nie gevra om redes aan te dui vir hierdie mening. Hierdie gegewens word in tabel 4.12 uitgesesit.

TABEL 4.12

REDES HOEKOM OUERS NIE GENOEG LEIDING GEE NIE

Redes	Ouers wat nie genoeg leiding gee nie	
	N	%
Ouers beskik self nie oor genoeg kennis nie	56	33,3
Huiwerig om oor geslagsaangeleenthede te praat	71	42,3
Ouers onseker oor hul eie vermoë om leiding te bied	41	24,4
TOTAAL	168*	100,0

*N = ouers wat aangedui het dat hulle nie genoegsame leiding aan hulle kinders bied nie.

Die redes soos aangedui in tabel 4.12 hou met mekaar verband want as 'n ouer nie oor genoegsame kennis beskik nie is die moontlikheid daar dat hy nie oor geslagsaangeleenthede sal wil praat nie, of dat hy bang sal wees dat die leiding wat hy gee verkeerd kan wees. Ouers mag ook moontlik om persoonlike redes (byvoorbeeld skaamte) nie geslagsaangeleenthede met hulle kinders wil bespreek nie.

Nie een van die redes kan in tabel 4.12 uitgesonder word as die oorwegende motief waarom ouers nie voldoende geslagsopvoeding gee nie. Dit wil egter voorkom asof meer ouers huiverig is om geslagsaangeleenthede met hul kinders te bespreek (42,3 %) as die ander motiewe aangedui.

Ouers wat te kenne gegee het dat hul leiding onvoldoende is, is verder versoek om aan te dui wie se taak dit volgens hulle mening is om geslagsopvoeding te gee.

TABEL 4.13

MENINGSPEILING: WIE MOET VERANTWOORDELIKHEID AANVAAR VIR GESLAGSOPVOEDING?

Wie moet verantwoordelikheid aanvaar	Ouers (wat self nie genoeg leiding verskaf nie)	
	N	%
Ouers is self nie verantwoordelik nie	13	7,7
Hoofsaaklik die skool	127	75,6
Hoofsaaklik die kerk	2	1,2
Hoofsaaklik ander instansies	6	3,6
Kinders moet self leer	20	11,9
TOTAAL	168*	100,0

* N = ouers wat aangedui het dat hul nie genoeg leiding aan hul kinders gee nie.

Die gegewens soos aangetoon in tabel 4.13 dui daarop dat die meerderheid van dié groepie ouers (75,6 %) van mening is dat die skool hoofsaaklik die verantwoordelikheid moet aanvaar vir leiding ten aansien van geslagsaangeleenthede.¹⁾ Wat egter kommer wek, is dat daar ouers is wat aangedui het dat hulle self geen verantwoordelikheid hoef te aanvaar ten opsigte van geslagsopvoeding nie (7,7 %) en dat kinders self deur middel van ervaring moet leer (11,9 %).

4.2.5 Faktore in die gesin wat 'n nadelige invloed op die geslagsopvoeding van kinders kan uitoefen

In hoofstuk 3 is stabiele gesinsverhoudinge en gunstige opvoedingsituasie as baie belangrik uitgewys ten aansien van toereikende geslagsopvoeding. Enkele problemesituasies wat 'n nadelige effek op die geslagsopvoeding van die kind kan uitoefen, is ook aangetoon. Een-en-twintig faktore is op die vraelys genoem en respondenten is versoeke om aan te toon watter van dié faktore 'n sterk, matige of geen invloed op geslagsopvoeding uitoefen.

Tabel 4.14 toon die menings van die respondenten op dié vraag aan. Figuur 4.4 beeld grafies die persentasie respondenten wat die faktore as "sterk" nadelig beskryf het, uit.

Die drie faktore wat deur beide die ouers en die onderwyskorps as die mees nadelige (volgens frekwensie) invloede op geslagsopvoeding beskryf is, is

- * drankmisbruik (ouers 80 %; onderwyskorps 87 %)
- * dwelmmisbruik (ouers 82 %; onderwyskorps 81 %)
- * onsedelikheid (ouers 72 %; onderwyskorps 80 %).

Ander faktore wat ook deur respondenten aangewys is as sterk nadelig vir geslagsopvoeding is:

1) In hoofstuk 5 word verdere gegewens in verband met die skool se geslagsopvoedingstaak bespreek.

TABEL 4.14

MENINGSPEILING: NADELIGE INVLOEDE VANUIT DIE GESIN OP GESLAGSOPVOEDING


NADELIGE INVLOEDE VANUIT DIE GESIN OP GESLAGSOPVOEDING	Respon=dente	STERK INVLOED		MATIGE INVLOED		GEEN INVLOED	
		N	%	N	%	N	%
1. Ouers is te veel uithuisig	Ouers	289	74	75	19	29	7
	Ond. korps	214	79	47	17	9	3
2. Die moeder moet werk en moet nog huishou ook	Ouers	245	62	117	30	31	8
	Ond. korps	169	63	88	33	12	4
3. Egskeiding is te maklik	Ouers	252	64	123	31	17	4
	Ond. korps	100	38	121	45	45	17
4. Armoede of geldelike probleme	Ouers	265	67	97	25	31	8
	Ond. korps	183	68	67	25	20	4
5. Die kind is gekant teen die opvoeding van sy ouers	Ouers	194	49	164	42	35	9
	Ond. korps	84	32	145	54	38	14
6. Die kind ontvang te min liefde van sy ouers	Ouers	279	71	96	24	18	5
	Ond. korps	181	67	80	30	9	3
7. Die kind ontvang te veel liefde van sy ouers	Ouers	224	57	128	33	41	10
	Ond. korps	56	21	117	44	94	35
8. Gebrek aan dissipline in die gesin	Ouers	228	58	142	36	22	6
	Ond. korps	153	57	104	39	12	4
9. Ouers is nie altyd ewe streng nie	Ouers	194	49	163	41	36	9
	Ond. korps	101	38	152	57	16	6
10. Ouers stel nie belang in hul kinders se welvaart nie Die ouers is te streng	Ouers	281	72	83	21	28	7
	Ouers	238	61	131	33	23	6
	Ond. korps	100	38	134	50	32	12
11. Die ouers is onseker oor hoe om hulle kinders op te voed	Ouers	213	54	153	39	27	7
	Ond. korps	144	54	103	38	21	8
12. Die ouers en kinders verstaan mekaar nie	Ouers	253	64	116	30	24	6
	Ond. korps	158	59	95	35	16	6
13. Versteurde opvoedingsverhoudinge	Ouers	242	62	132	34	19	5
	Ond. korps	121	45	99	37	46	17
14 Versteurde verhouding tussen die ouers	Ouers	269	68	108	27	16	4
	Ond. korps	184	69	73	27	10	4

Tabel 4.14 (vervolg)

NADELIGE INVLOEDE VANUIT DIE GESIN OP GESLAGSOPVOEDING	Respon= dente	STERK INVLOED		MATIGE INVLOED		GEEN INVLOED	
		N	%	N	%	N	%
15. Die vader ontbreek in die gesin	Ouers	259	66	114	29	20	5
	Ond. korps	164	61	91	34	15	6
16. Die moeder ontbreek in die gesin	Ouers	278	71	98	25	17	4
	Ond. korps	182	67	74	27	14	5
17. Die huislike atmosfeer is te onper= soonlik	Ouers	266	68	103	26	23	6
	Ond. korps	187	69	71	26	12	4
18. Gesinne is te groot	Ouers	239	61	106	27	45	11
	Ond. korps	150	56	87	32	32	12
19. Drankmisbruik	Ouers	316	80	56	14	20	5
	Ond. korps	236	87	30	11	4	1
20. Onsedelikheid	Ouers	282	72	79	20	27	7
	Ond. korps	214	80	45	17	10	4
21. Dwelmmiddelmisbruik	Ouers	322	82	48	12	23	6
	Ond. korps	218	81	43	16	8	3

% : N TEENOOR AANTAL VRAELYSTE WAT BEANTWOORD IS

FIGUUR 4.4
RESPONDENTE WAT INVLOEDE AS STERK NADELIG BESKRYF HET



SLEUTEL VIR FIGUUR 4.4

- 1 = Ouers is te veel uithuisig
- 2 = Moeder moet werk en huishou
- 3 = Egskeiding is te maklik
- 4 = Armoede of geldelike probleme
- 5 = Kind is gekant teen opvoeding van sy ouers
- 6 = Kind ontvang te min liefde
- 7 = Kind ontvang te veel liefde
- 8 = Gebrek aan dissipline in die gesin
- 9 = Die ouers is nie altyd ewe streng nie
- 10 = Ouers stel nie belang in hul kinders se welvaart nie/
ouers is te streng
- 11 = Ouers is onseker oor hoe om hulle kinders op te voed
- 12 = Ouers en kinders verstaan mekaar nie
- 13 = Versteurde opvoedingsverhoudinge
- 14 = Versteurde verhouding tussen die ouers
- 15 = Vader ontbreek in die gesin
- 16 = Moeder ontbreek in die gesin
- 17 = Huislike atmosfeer is te onpersoonlik
- 18 = Gesinne is te groot
- 19 = Drankmisbruik
- 20 = Onsedelikheid
- 21 = Dwelmmiddelmisbruik

- * Ouers te veel uithuisig (ouers 74 %; onderwyskorps 79 %)
- * Kind ontvang te min liefde van sy ouers (ouers 71 %; onderwyskorps 67 %)
- * Moeder ontbreek in die gesin (ouers 71 %; onderwyskorps 67 %)
- * Huislike atmosfeer is te onpersoonlik (ouers 68 %; onderwyskorps 69 %)
- * Versteurde verhouding tussen die ouers (ouers 68 %; onderwyskorps 69 %)
- * Armoede (ouers 67 %; onderwyskorps 68 %).

Oor die algemeen verskil die menings van ouers en die onderwyskorps nie drasties van mekaar nie behalwe ten aansien van dié wat betrekking het op:

- * Egskeiding is te maklik (ouers 64 %; onderwyskorps 38 %)
- * Kind ontvang te veel liefde van sy ouers (ouers 57 %; onderwyskorps 21 %)
- * Ouers is te streng (ouers 61 %; onderwyskorps 38 %)
- * Versteurde opvoedingsverhoudinge (ouers 62 %; onderwyskorps 45 %).

Die algemene afleiding wat van die gegewens van tabel 4.14 en figuur 4.4 gemaak kan word, is dat al die genoemde faktore deur die meerderheid van respondenten as 'n sterk tot matig nadelige invloed ten opsigte van geslagsopvoeding beskryf word.

Die algemene gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat indien voorgenoemde faktore wel teenwoordig is in 'n opvoedingsituasie, die meerderheid van respondenten dit as nadelig beskou vir toereikende opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede.

4.2.6 Gevolgtrekking aangaande huidige stand van geslagsopvoeding in gesinsverband

Die gegewens soos uiteengesit in figure 4.1(a) en (b),

4.2(a), (b) en (c), 4.3(a) en (b), en tabelle 4.10, 4.11, 4.12 en 4.13 dui op die huidige stand van geslagsopvoeding in gesinsverband soos dit deur die respondenten beskou word. Op grond van dié bevindinge kan die volgende afleidings gemaak word:

- * Respondente het self hul kennis in verband met geslagsaangeleenthede buite gesinsverband opgedoen en wel in die meeste gevalle by maats of deur eie ervaring.
- * Dit blyk duidelik dat daar 'n verskil van opinie bestaan tussen ouers en onderwysers aangaande sowel die inligtingsbron waar kinders hul geslagkennis opdoen, asoor die vraag of dié kennis behoorlik en voldoende is.
- * Onderwysers is sterk van mening dat ouers nie genoegsame leiding aan hul kinders bied ten opsigte van geslagsaangeleenthede nie. Die ouers self was nie oortuig in hulle mening oor die leiding wat hulle verskaf nie aangesien 'n redelike persentasie (42,9 %) aangetoon het dat hulle glad nie leiding bied nie of onseker is oor hulle leiding. Die redes wat aangevoer word sluit dan ook in dat hulle onseker oor hulle eie kennis is, bang is dat hulle die verkeerde leiding sal gee of huiwerig is om geslagsaangeleenthede met hul kinders te bespreek.
- * Samevattend kan dit dus gestel word dat huidige geslagsopvoeding in gesinsverband nie toereikend is nie. Indien een of meer van die faktore wat in tabel 4.14 en figuur 4.4 deur respondenten as sterk nadelig aangedui is vir geslagsopvoeding, in 'n gesinsituasie werksaam is moet die toereikendheid van die geslagsopvoeding in daardie gesin bevraagteken word. Navorsing rakende die Kleurlingbevolking toon aan dat hierdie faktore wel in 'n mindere of meerdere mate voorkom en gegrond op dié gegevens moet 'n problematiese opvoedingsituasie met betrekking tot die aanbieding van geslagsopvoeding geantiseer word.

4.3 FAKTORE IN DIE SAMELEWING WAT 'N INVLOED OP GESLAGSOPVOEDING KAN UITOESEN

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat die opvoedingsituasie in die breë samelewingsmilieu ingebed is. Die opvoedingsituasie kan nie losgedink word van die samelewing nie, met die gevolg dat samelewingsinvloede positief of negatief mag inwerk op die opvoeding van kinders in 'n bepaalde samelewning.

4.3.1 Invloede vanuit die samelewing wat moontlik 'n nadelige invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen

Aangesien opvoeding en samelewing in 'n noue wisselwerkende verband staan, is respondentे versoek om aan te dui in watter mate sosiale omstandighede nadelig inwerk op die geslagsopvoeding van leerlinge.

Die menings van die respondentе word in tabel 4.15 weergegee. In figuur 4.5 word slegs die frekwensies ten aansien van "sterk invloede" soos deur respondentе aangetoon, uitgebeeld.

Invloede wat beide deur ouers en die onderwyskorps as die nadeligste beskryf word, is:

- * Mense woon te dig opmekaar (ouers 77%; onderwyskorps 84%).
- * Swak behuisingsstoestande (ouers 79%; onderwyskorps 83%).
- * Te veel mense is werkloos en ledig (ouers 81%; onderwyskorps 80%).
- * Daar is te min ontspanningsruimte in die stede (ouers 64%; onderwyskorps 80%).
- * Daar is te min georganiseerde ontspanning en jeugverenigings (ouers 58%; onderwyskorps 80%).

Voorgenooemde invloede ontstaan as gevolg van sosio-ekonomiese toestande en word algemeen as opvoedingsbelemmerend beskou


TABEL 4.15

MENINGSPEILING: INVLOEDE VANUIT DIE SAMELEWING WAT 'N NADELIGE UITWERKING OP GESLAGSOPVOEDING KAN UITOEKEN

SAMELEWINGSINVLOEDE	Respon=dente	STERK INVLOED		MATIGE INVLOED		GEEN INVLOED	
		N	%	N	%	N	%
1. Die samelewing is baie saaklik en on=persoonlik	Ouers	198	50	143	36	51	13
	Ond.korps	98	39	121	48	34	13
2. Mense woon te dig op mekaar	Ouers	302	77	71	18	20	5
	Ond.korps	226	84	37	14	7	3
3. Die samelewing is te permissief en laat te veel vryhede toe	Ouers	239	61	128	33	25	6
	Ond.korps	184	69	72	27	11	4
4. Die kerke en geloofsbeginnels het te min invloed	Ouers	147	37	187	48	59	15
	Ond.korps	80	30	149	56	38	14
5. Kinders het te veel vrye tyd	Ouers	267	68	104	26	20	5
	Ond.korps	172	64	78	29	19	7
6. Te veel mense is werkloos en ledig	Ouers	317	81	61	16	15	4
	Ond.korps	213	80	43	16	13	5
7. Daar is te min georganiseerde ont=spanning en jeugverenigings	Ouers	228	58	136	35	29	7
	Ond.korps	214	80	46	17	9	3
8. Daar is te min ontspanningsruimte in die stede	Ouers	252	64	118	30	23	6
	Ond.korps	215	80	44	16	10	4
9. Die ouer geslag en jonger geslag ver=staan mekaar nie	Ouers	268	68	105	27	20	5
	Ond.korps	127	47	126	47	16	6
10. Voorbehoedmiddels is te maklik ver=krybaar	Ouers	261	66	96	24	36	9
	Ond.korps	136	51	95	35	37	14
11. Morele standaarde het verswak	Ouers	235	60	124	32	34	9
	Ond.korps	187	69	71	26	12	4
12. Kinders word op 'n jonger leeftyd as vroeër liggaamlik ryp	Ouers	276	70	90	23	26	7
	Ond.korps	139	52	107	40	22	8
13. Die hedendaagse modes	Ouers	239	61	100	25	54	14
	Ond.korps	105	39	123	46	40	15
14. Die invloed van maats	Ouers	265	67	105	27	20	5
	Ond.korps	172	64	86	32	9	3
15. Swak behuisingsstoestande	Ouers	312	79	64	16	16	4
	Ond.korps	224	83	41	15	5	2
16. Massamedia (televisie, radio, boeke, tydskrifte en films)	Ouers	155	39	168	43	70	18
	Ond.korps	126	47	128	48	14	5

FIGUUR 4.5

RESPONDENTE WAT INVLOEDE VANUIT SAMELEWING AS STERK NADELIG VIR
GESLAGSOPVOEDING BESKRYF



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBUSITHI YA PRETORIA

SLEUTEL VIR FIGUUR 4.5

- 1 = Die samelewing is baie saaklik en onpersoonlik
- 2 = Mense woon te dig op mekaar
- 3 = Die samelewing is te permissief
- 4 = Kerke en geloofbeginsels het te min invloed
- 5 = Kinders hette veel vrye tyd
- 6 = Te veel mense is werkloos en ledig
- 7 = Daar is te min georganiseerde ontspanning en jeugverenigings
- 8 = Daar is te min ontspanningsruimte in die stede
- 9 = Ouer en jonger geslag verstaan mekaar nie
- 10 = Voorbehoedmiddels is te maklik verkrygbaar
- 11 = Morele standaarde het verswak
- 12 = Kinders word op 'n jonger leeftyd as vroeër liggaamlik ryp
- 13 = Hedendaagse modes
- 14 = Invloed van maats
- 15 = Swakbehusingstoestande
- 16 = Massamedia - televisie, radio, boeke, tydskrifte, films.

(vergelyk die probleme van die milieugestremde kind).¹⁾

Wat in voorgenoemde gegewens opval, is die verskil in mening tussen ouers en die onderwyskorps ten opsigte van ontspanningsfasilitete vir kinders en jeugdiges. 'n Moontlike rede vir die verskil is dat die onderwysers moontlik meer bewus is van die belangrikheid van konstruktiewe rekreasie by kinders en jeugdiges asook van die noodsaaklikheid om belangstelling by hulle te wek vir aktiwiteite wat jeugdiges "van die strate" sal hou. Navorsing (opvoedkundig, sosilogies en psigologies) hier te lande en oorsee het bewys dat konstruktiewe gebruik van vrye tyd, deur byvoorbeeld sport, rekreasie en stokperdjies, 'n positiewe en selfs terapeutiese invloed op mense uitoefen (vergelyk Van Gelder en Van der Velde (1968), Gresse (1973), RGN-sportondersoek (1982)).

Die respondente het in 'n groot mate saamgestem dat te veel vrye tyd 'n nadelige invloed op kinders se gedrag ten aansien van geslagsaangeleenthede kan uitoefen (ouers 68 %; onderwyskorps 64 %).

Die faktore wat volgens respondenten, geen nadelige invloed op geslagsopvoeding uitoefen nie, is -

- * onpersoonlikheid en saaklikheid van die samelewing (ouers 13 %; onderwyskorps 13 %),
- * gebrekkige invloed van kerke en geloofsbeginnels (ouers 15 %; onderwyskorps 14 %),
- * hedendaagse modes (ouers 14 %; onderwyskorps 15 %),
- * massamedia (ouers 18 %; onderwyskorps 5 %).

Die algemene afleiding wat gemaak kan word van die gegewens soos weergegee in tabel 4.15 en figuur 4.5 is dat respondenten in 'n groot mate saamstem dat genoemde faktore vanuit die samelewing 'n sterk tot matig nadelige invloed op geslagsopvoeding uitoefen.

1) Kyk verslag van Werkkomitee: Onderwys vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes, RGN-ondersoek na die onderwys (1981).

Die ouers en die onderwyskorps het oor die algemeen hulle kennis met betrekking tot geslagsaangeleenthede buite hulle eie gesinsverband verwerf. Ouers en onderwysers verskil in 'n groot mate wat betref hul opvattinge oor die toereikendheid van die kinders se geslagskennis.

Ouers en onderwysers verskil ook in hulle menings oor die toereikendheid van die leiding wat ouers aan hulle kinders ten opsigte van geslagsaangeleenthede bied.

Oor die algemeen blyk dat die ouers en die onderwyskorps nie optimisties en positief is ten aansien van die huidige geslagsopvoeding wat kinders in gesinsverband ontvang nie, veral nie wanneer negatiewe faktore (soos drankmisbruik) in die gesin of nadelige samelewingsinvloede (soos swak behuising) teenwoordig is nie.

4.4 MENINGS VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

4.4.1 Deskundige advies en hulp aan ouers met betrekking tot geslagsopvoeding van kinders

Geslagsopvoeding word oor die algemeen beskou as die ouers se taak. Die onderhawige ondersoek moes gevolglik vasstel of ouers van mening is dat hulle gesin deskundige advies en hulp nodig het met dié opvoedingstaak of nie. Die vraag het belangrike implikasies vir die onderhawige ondersoek aangesien die skool nie so 'n sensitiewe terrein kan of mag betree indien ouers oor die algemeen van mening is dat hulle nie 'n behoeftte het aan hulp van buite die gesinsituasie nie. Ouers is gevolglik gevra om aan te toon of hulle enigsins deskundige advies en hulp nodig het met betrekking tot die geslagsopvoeding van

- * voorskoolse kinders,
- * dogters in primêre onderwys,¹⁾

1) Junior- en seniorprimêreskoolfase

- * seuns in primêre onderwys,
- * dogters in sekondêre onderwys,¹⁾ en
- * seuns in sekondêre onderwys.

TABEL 4.16

MENINGSPEILING: VERSKAFFING VAN DESKUNDIGE ADVIES EN HULP AAN OUERS

Menings	Voorskoolse kinders		Dogters in primêre onderwys		Seuns in primêre onderwys		Dogters in sekondêre onderwys		Seuns in sekondêre onderwys	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	207	52,7	277	70,5	273	69,5	309	78,6	299	76,1
Nee	142	36,1	103	26,2	102	26,0	74	18,8	80	20,4
Onseker	34	8,7	7	1,8	12	3,0	5	1,3	8	2,0
Weet nie	10	2,5	6	1,5	6	1,5	4	1,0	4	1,0
Onbeantwoord	0	0	0	0	0	0	1	0,3	2	0,5
TOTAAL	393	100	393	100	393	100	393	100	393	100

% : N uitgedruk teenoor totale aantal respondente wat vraelyste beantwoord het

Volgens die gegewens soos uiteengesit in tabel 4.16 blyk dat ouers ten opsigte van sowel kinders in primêre onderwys as kinders in sekondêre onderwys 'n behoefte het aan deskundige advies en leiding (primêre onderwys: 70,5 % dogters, 69,5 % seuns; sekondêre onderwys: 78,6 % dogters, 76,1 % seuns). Ongeveer die helfte van die ouers (52,7 %) het ook aangedui dat ouers deskundige hulp en advies nodig het ten opsigte van voorskoolse kinders. Oor die algemeen kan afgelui word dat die meeste van die ouers van mening is dat ouers baat kan vind by deskundige raad en hulp insake die geslagsopvoeding van hul kinders.

1) Junior- en seniorsekondêreskoolfase



Vir doeleteindes van die onderhawige ondersoek is nie ingegaan op die vraag wie die deskundige advies en hulp aan die ouers moet lewer nie maar slegs of die ouers 'n behoefte het aan deskundige advies en hulp.

4.4.2 Geslagsopvoeding op skool

Ouers is voorts gevra of hulle persoonlik ten gunste is van geslagsopvoeding op skool al dan nie. Die response op dié vraag word in tabel 4.17 weergegee.

TABEL 4.17

MENINGSPEILING: OUERS TEN GUNSTE VAN OF TEEN GE= SLAGSOPVOEDING OP SKOOL

Menings	Ouers	
	N	%
Ja	376	95,7
Nee	14	3,6
Onseker	3	0,7
TOTAAL	393	100,0

Die gegewens soos aangetoon in tabel 4.17 dui daarop dat die oorgrote meerderheid van ouers (95,7 %) ten gunste is van geslagsopvoeding op skool. Indien hierdie gegewens met dié van die onderwyskorps vergelyk word (kyk tabel 4.24) blyk dat 92,6 % van die onderwyskorps ten gunste van geslagsopvoeding op skool is. Die algemene afleiding kan dus gemaak word dat die ondersoekgroep oorwegend van mening is dat geslagsopvoeding deel van die skool se taak behoort te vorm.

Die 17 ouers wat aangedui het dat hulle nie ten gunste is van skoolse geslagsopvoeding nie, is voorts gevra om die rede vir hul mening te verskaf. Die gegewens word in tabel 4.18 weergegee.

TABEL 4.18

REDES WAAROM OUERS NIE TEN GUNSTE IS VAN GESLAGS=OPVOEDING OP SKOOL NIE

Redes	Ouers	
	N*	%
Slegs ouers se taak	8	47,1
Gewetensbesware	2	11,8
Mors van tyd	1	5,9
Ander (ongespesifiseerd)	6	35,3
TOTAAL	17	100,0

N* = slegs die ouers wat teen geslagsopvoeding op skool gekant is

Van die 17 respondenten het agt aangetoon dat geslagsopvoeding slegs die ouers se taak is en ses respondenten het ander (ongespesifiseerde) redes aangedui. Slegs twee respondenten (uit 393) het gewetensbesware teen die aanbieding van geslagsopvoeding op skool en een respondent beskou geslagsopvoeding as 'n mors van tyd.

Die ouers wat wel ten gunste was van geslagsopvoeding op skool (376 respondenten) is voorts gevra om aan te dui wie hulle as die geskikste persoon beskou om dit aan te bied. Meer as een persoon kan aangedui word.

Ongeveer 'n driekwart van die ouers (74,5 %) het aangetoon dat 'n spesiaal opgeleide onderwyser(es) die aangewese persoon is om geslagsopvoedinginhoude op skool aan te bied. Die hoë persentasie respondenten wat 'n spesiaal opgeleide onderwyser in dié vakterrein verkies, kan beskou word as 'n aanduiding dat ouers besef dat spesiale opleiding noodsaaklik is om geslagsopvoedingsinhoude aan te bied. Die uitspraak word verder ondersteun deur die getal respondenten (53,2 %) wat ook aangedui het dat mediese dokters/beamptes geslagsopvoeding behoort aan te bied aangesien hierdie persone uiteraard deur die samelewing beskou word as deskundiges

TABEL 4.19

MENINGSPEILING (OUERS): DIE GESKIKSTE PERSOON OM
GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL AAN TE BIED

Geskikte persoon/ persone	JA		NEE		TOTAAL	
	N	%	N	%	N*	%
Spesiaal opge= leide onderwyser	280	74,5	96	25,5	376	100,0
Enige onderwyser	58	15,4	318	84,6	376	100,0
Mediese dokter/ beampte wat skool besoek	200	53,2	176	46,8	376	100,0
Predikant wat skool besoek	24	6,4	352	93,6	376	100,0
Hoof van die skool	27	7,2	349	92,8	376	100,0
Ander	9	2,4	367	97,6	376	100,0

N* = aantal ouers ten gunste van geslagsopvoeding op skool
op die gebied van geslagsaangeleenthede en meer spesifiek
op die gebied van die fisiologiese/anatomiese aspekte.
Die afleiding blyk ook korrek te wees indien die lae re=
spons met betrekking tot die ander kategorieë persone met
voorgaande vergelyk word. Lae aanduidings is gegee ten
aansien van 'n gewone onderwyser (15,4 %), predikant (6,4 %)
en skoolhoof (7,2 %).

Indien die klem in die aanbieding van geslagsopvoeding net
op die biologiese/fisiologiese aspekte geplaas word, skep
dit 'n skwee beeld van geslagsopvoeding en die doel en
sinvolheid daarvan kan daardeur belemmer word. Die ouers
wat die mediese dokter/beampte as 'n geskikte persoon be=
skou om geslagsopvoeding in die skool aan te bied, het
moontlik in gedagte gehad dat so 'n persoon die onderwyser
in die besondere taak kan bystaan en help. Dit is egter

opvoedkundig nie verantwoordbaar om slegs die mediese dokter/beampte uit te sonder om geslagsopvoeding waar te neem nie.

Oorsese lande waar geslagsopvoeding in skole aangebied word, is nie konsekwent in hulle benadering ten opsigte van die verpligte bywoning van klasse deur leerlinge en oor die vraag of seuns en dogters saam of apart sodanige lesse moet bywoon nie. Ouers is gevra om hulle menings oor die twee aspekte uit te spreek. Die menings word in tabelle 4.20 en 4.21 weergegee.

TABEL 4.20

MENINGSPEILING (OUERS): MOET LEERLINGE VERPLIG WORD OM GESLAGSOPVOEDINGSLESSSE BY TE WOON?

Menings	OUERS	
	N	%
Ja	319	81,2
Nee	51	13,0
Onseker	19	4,8
Weet nie	4	1,0
TOTAAL	393	100 ,0

Meer as 80 % (81,2 %) van die respondentie het aangedui dat leerlinge verplig moet word om geslagsopvoedingslesse by te woon.

Die gegewens soos uiteengesit in tabel 4.21 toon duidelik 'n verskil in mening onder ouers aan oor die vraag of seuns en dogters saam of apart geslagsopvoedingslesse moet bywoon. Indien die klein persentasie respondentie wat "onseker" aangedui het, buite rekening gelaat word, is respondentie feitlik gelykop verdeel wat betref die opvatting enersyds dat seuns en dogters saam in een klas moet bly en die opvatting andersyds dat seuns en dogters dié lesse apart moet

TABEL 4.21

MENINGSPEILING (OUERS): MOET SEUNS EN DOGTERS SAAM OF APART GESLAGSOPVOEDING ONTVANG?

Menings	OUERS	
	N	%
Seuns en dogters apart	179	45,7
Saam in dieselfde klas	175	44,6
Weet nie	10	2,6
Onseker	10	2,6
Dit maak nie saak nie	18	4,5
TOTAAL	392*	100,0

* Een respondent het nie die vraag beantwoord nie

bywoon (45,7 % teenoor 44,6 %). 'n Moontlike oplossing vir die situasie is dat sensitiewe onderwerpe soos voorbehoedmiddels, aborsie en verkragting (indien dit in 'n sillabus ingesluit word) apart aan seuns en dogters in klasverband aangebied kan word.

4.5 MENINGS VAN DIE ONDERWYSKORPS TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

4.5.1 Meningspeiling ten aansien van die noodsaaklikheid van geslagsopvoeding

Die onderwyskorps is gevra om aan te dui of hulle van mening is dat dit enigsins nodig is om kinders met betrekking tot geslagsaangeleenthede op te voed. Die response op dié vraag word in tabel 4.22 aangedui.

TABEL 4.22

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): IS GESLAGSOPVOEDING ENIGSINS NODIG?

Menings	ONDERWYSKORPS	
	N	%
Ja	263	97,8
Nee	4	1,5
Weet nie	0	0,0
Onseker	2	0,7
TOTAAL	269	100,0

Volgens die gegewens in tabel 4.22 bestaan daar baie min twyfel by respondentie wat die onderwyskorps verteenwoordig dat geslagsopvoeding noodsaaklik is. Slegs 4 persone (1,5 %) het aangetoon dat geslagsopvoeding nie nodig is nie.

4.5.2 Persone wat verantwoordelikheid vir geslagsopvoeding moet aanvaar

Die respondentie is versoek om aan te dui wie verantwoordelik behoort te wees vir die aanbieding van geslagsopvoeding. In tabel 4.23 word die response op die vraag aangetoon.

TABEL 4.23

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): WIE SE TAAK IS GESLAGSOPVOEDING?

Menings	ONDERWYSKORPS	
	N	%
Taak van die ouers alleen	2	0,7
Taak van die skool alleen	0	0,0
Taak van die kerk alleen	0	0,0
Gesamentlike taak van ouers en skool	74	27,6
Gesamentlike taak van ouers/skool/kerk	191	71,0
Ander	2	0,7
TOTAAL	269	100,0

Volgens die menings van die onderwyskorps is geslagsopvoeding nie 'n taak wat slegs deur die ouers of kerk of skool verrig kan word nie. Dit blyk duidelik uit die gegewens soos verskaf in tabel 4.23 dat die onderwyskorps geslagsopvoeding as die gesamentlike taak van die ouers, skool en kerk beskou aangesien 71,0 % van die respondenten sodanige mening uitgespreek het. Naas hierdie aanduiding het die ander respondenten (27,6 %) oorwegend aangetoon dat dit die taak van die ouers en die skool is.

4.5.3 Meningspeiling insake onderskeie aspekte van geslagsopvoeding op skool

a) 'n Formele geslagsopvoedingsprogram op skool

Die respondenten is versoek om aan te dui of hulle ten gunste is van geslagsopvoeding op skool of nie. Die response op dié vraag word in tabel 4.24 aangedui.

TABEL 4.24

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): TEN GUNSTE VAN OF TEEN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

Menings	ONDERWYSKORPS	
	N	%
Ja	249	92,6
Nee	6	2,2
Onseker	8	2,2
Weet nie	6	3,0
TOTAAL	269	100,0

Volgens die gegewens soos uiteengesit in tabel 4.24 is die oorgrote meerderheid van respondenten (92,6 %) ten gunste van geslagsopvoeding op skool. Dit stem uiteraard ooreen met tabel 4.23 waarin duidelik aangetoon word dat die skool met betrekking tot geslagsopvoeding 'n taak het.

b) Verpligte bywoning van geslagsopvoedingslesse

Vervolgens is respondent se versoek om aan te dui of, indien geslagsopvoeding wel in skole aangebied sou word, hulle van mening sou wees dat alle kinders verplig moet word om die lesse by te woon. Die response op die vraag word in tabel 4.25 weergegee.

TABEL 4.25

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): MOET KINDERS VERPLIG WORD OM GESLAGSOPVOEDINGSLESSSE BY TE WOON?

Menings	ONDERWYSKORPS	
	N	%
Ja	176	65,4
Nee	85	31,7
Weet nie	2	0,7
Onseker	6	2,2
TOTAAL	269	100,0

Die meerderheid respondent se (65,4 %) het aangedui dat hulle van mening is dat leerlinge verplig moet word om dié lesse by te woon. Indien die ouers se mening hier in berekening gebring word (kyk tabel 4.20) dan kan aanvaar word dat die meerderheid van al die respondenten ten gunste is van die verpligte bywoning van geslagsopvoedingslesse.

c) Gesamentlike of aparte bywoning van geslagsopvoedingslesse deur seuns en dogters

Respondente is voorts gevra om hul mening uit te spreek oor die vraag of seuns en dogters saam in dieselfde klas geslagsopvoeding moet ontvang. Die response word in tabel 4.26 uiteengesit.

TABEL 4.26

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): MOET SEUNS EN DOGTERS SAAM IN DIESELFDE KLAS GESLAGSOPVOEDING ONTVANG?

Menings	ONDERWYSKORPS	
	N	%
Ja	105	39,0
Nee	154	57,3
Weet nie	4	1,5
Onseker	6	2,2
TOTAAL	269	100,0

Dit blyk uit tabel 4.26 dat die onderwyskorps, soos in die geval van die ouers (kyk tabel 4.21), nie 'n bepaalde voorkeur aan een van die alternatiewe verleen nie. Van die respondenten het 57,3 % aangetoon dat hulle teen gesamentlike klasse gekant is, terwyl 39,0 % ten gunste daarvan is. Dit dui op 'n redelike mate van teenkanting. Hierdie aspek van geslagsopvoeding behoort egter op 'n theoreties-opvoedkundigevlak ten opsigte van elke lesontwerp en standerdgroep oorweeg te word om uitsluitsel oor die vraag te verkry.

d) Geslagsopvoeding as middel ter vermindering van bepaalde geslagtelike probleme

Probleme wat ontstaan as gevolg van onverantwoordelike geslagtelike gedrag is reeds in vorige hoofstukke bespreek. Na aanleiding van enkele van dié probleme is die onderwyskorps gevra om aan te dui of hulle van mening is dat toereikende en verantwoordbare geslagsopvoeding moontlik tot 'n vermindering in die voorkoms van dié probleme kan lei. In tabel 4.27 word die response op die vraag uiteengesit.

TABEL 4.27

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): KAN TOEREIKENDE GE=SLAGSOPVOEDING TOT 'N VERMINDERING VAN GESLAGS=PROBLEME AANLEIDING GEE?

Probleme	ONDERWYSKORPS - menings									
	Ja		Nee		Weet nie		Onseker		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Voorhuwelikse geslagsomgang	143	53,2	71	26,4	27	10,0	28	10,4	269	100,0
Buite-egtelike geboortes	209	77,7	30	11,1	11	4,1	9	7,1	269	100,0
Veneriese siektes	177	65,8	55	20,5	17	6,3	20	7,4	269	100,0
Aborsies	142	53,2	56	21,0	37	13,9	32	12,0	267*	100,0
Egskeidings	99	36,8	67	24,9	49	18,2	54	20,1	269	100,0

* Twee respondente het nie die vraag beantwoord nie

Volgens die gegewens uiteengesit in tabel 4.27 is die respondenten van mening dat toereikende geslagsopvoeding veral ten opsigte van buite-egtelike geboortes (77,7 %) en vene-riesie siektes (65,8 %) wel tot 'n vermindering in die voorkoms van dié probleme kan aanleiding gee. Wat voorhuwelikse geslagsomgang en aborsies betref, is die respondenten nie so oortuig dat toereikende geslagsopvoeding 'n positiewe invloed ter voorkoming van dié probleme kan uitoeft nie, alhoewel meer as die helfte van die respondenten aangedui het dat dit moontlik is (53,2 % in albei gevalle). Definitiewe twyfel bestaan by respondenten oor die vraag of geslagsopvoeding tot 'n afname in egskeidings sal lei, aangesien net 33,8 % respondenten aangetoon het dat geslagsopvoeding moontlik tot die voorkoming van sodanige probleem kan lei. Oor die algemeen blyk die onderwyskorps redelik positief te wees oor die moontlike voorkomende rol wat toereikende geslagsopvoeding kan speel ten aansien van probleme wat uit onverantwoordelike geslagtelike gedrag voortspruit.

e) Die wyse van aanbieding van geslagsopvoeding

Navorsing oor geslagsopvoeding in oorsese lande het getoon dat daar nie eenvormigheid bestaan oor die wyse waarop inhoud rakende geslagsaangeleenthede in skole aangebied moet word nie (Bongers en D.e Klerk 1980). Daarmee word bedoel dat sommige skole dit as 'n aparte vak of program aanbied. In hierdie gevalle word verskillende betitelings soos onder ander "Health Guidance", "Family Guidance" en "Sex Education" gebruik. Ander skole bied geslagsopvoeding wat geïntegreer is in die sillabus van ander vakke aan sonder 'n naam, met ander woorde 'n meer versluierde vorm van geslagsopvoeding. Aangesien die twee benaderingswyses tot die aanbieding van inhoud 'n belangrike invloed uitoefen op die wyse waarop 'n geslagsopvoedingsprogram saamgestel word, is die respondentie versoek om aan te dui watter wyse van aanbieding na hul mening die mees aanvaarbare sou wees. Die response op dié vraag word in tabel 4.28 weergegee.

TABEL 4.28

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): MOET GESLAGSOPVOEDING AS APARTE VAK AANGEBIED WORD?

Menings	Apart	
	N	%
Ja	85	31,6
Nee	180	66,9
Weet nie	1	0,4
Onseker	3	1,1
TOTAAL	269	100,0

Uit die gegewens soos aangedui in tabel 4.28 blyk dat die meerderheid respondentie (66,9 %) van mening is dat geslagsopvoedingsinhoud met ander vakke geïntegreer behoort te word, eerder as om dit as 'n aparte vak aan te bied.

In samehang met voorgenoemde vraag is dié respondent wat aangedui het dat geslagsopvoeding met ander vakke geïntegreer moet word, versoek om uit 'n reeks gestelde skoolvakke dié vakke te kies waarby geslagsopvoedingsinhoude moontlik geïntegreer kan word. Die respondent kon meer as een vak aandui.

Die volgende vakke is deur die oorgrote meerderheid respondent aangedui as die mees aanvaarbare vakke waarby geslagsopvoedingsinhoude geïntegreer kan word:

- * Skoolvoorligting (84,4 %)
- * Biologie (81,1 %)
- * Huishoudkunde (79,9 %)
- * Liggaamlike opvoeding (72,8 %).

Die algemene afleiding wat gemaak kan word van die gegewens verskaf in tabelle 4.28 en 4.29 is dat respondent eerstens verkies dat geslagsopvoeding nie as 'n aparte vak aangebied moet word nie, maar wel dat relevante inhoud in die sillabusse van ander vakke geïntegreer moet word. Ten tweede blyk dat Skoolvoorligting, Biologie, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding die aangewese vakke vir die integrasie van geslagsopvoedingsinhoude is.

TABEL 4.29

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): BY WATTER VAKKE KAN GESLAGSOPVOEDING GEINTEGREER WORD?

Menings	Onderwyskorps - menings					
	Ja		Nee		Totaal	
	N	%	N	%	N*	%
Tale	29	16,1	151	83,9	180	100,0
Biologie	146	81,1	34	18,9	180	100,0
Wetenskap	82	45,6	98	54,4	180	100,0
Geskiedenis	13	7,2	167	92,8	180	100,0
Aardrykskunde	12	6,7	168	93,3	180	100,0
Liggaamlike Opvoeding	131	72,8	49	27,2	180	100,0
Godsdien	110	61,1	70	38,9	180	100,0
Skoolvoorligting	152	84,4	28	15,6	180	100,0
Huishoudkunde (slegs dogters)	142	79,9	38	21,1	180	100,0
Alle vakke	7	3,9	173	96,1	180	100,0

* N = aantal respondent wat verkies dat geslagsopvoeding by ander vakke geïntegreer moet word

In die ondersoek is die respondentie nie versoek om aan te dui hoe en/of watter geslagsopvoedingsinhoude by die betrokke skoolvakke geïntegreer behoort te word nie. Indien geslagsopvoeding op skool geïmplementeer sou word, regverdig hierdie aspek dus verdere navorsing ten einde sinvolle kurrikulum- en sillabusontwerp te verseker. Hierdie aspek is van wesentlike belang vir die instelling van 'n suksesvolle, toereikende en verantwoordbare geslagsopvoedingsprogram in die skool.

f) Evaluering van geslagsopvoedingskennis

Vervolgens is respondentie versoek om hul mening uit te spreek oor die metode wat gebruik moet word om leerlinge se kennis oor geslagsaangeleenthede te evaluateer. Hierdie gegewens word in tabel 4.30 uiteengesit.

TABEL 4.30

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): EVALUERING VAN GESLAGSOPVOEDINGSKENNIS

Metode	Onderwyskorps	
	N	%
Formele kennistoetsing	30	11,2
Gedragsevaluering	90	33,5
Kennistoetsing en gedrags-evaluering	136	50,5
Ander	13	4,8
TOTAAL	269	100,0

Die gegewens soos weergegee in tabel 4.30 toon aan dat slegs kennistoetsing gepaard met gedragsevaluering 'n redelike mate van steun by respondentie geniet (50,5%). Die evaluering van geslagsopvoeding is problematies aangesien kennisverwerwing nie die enigste kriterium vir toereikende geslagsopvoeding is nie. Die kind se gedrag

en houding ten opsigte van geslagsaangeleenthede is die primêre maatstaf vir toereikende geslagsopvoeding. Gedragsevaluering van leerlinge in die skool en veral buite die skoolsituasie is egter nie 'n eenvoudige of eenmalige taak nie.

g) Onderwysersopleiding vir die aanbieding van geslagsopvoeding

Uit navorsing oor geslagsopvoeding in lande waar sodanige programme wel in skole aangebied word, blyk duidelik dat die sukses of mislukking van 'n geslagsopvoedingsprogram in 'n groot mate afhanklik is van die onderwyser(es) wat die program aanbied (Bongers en De Klerk 1980). Hierdie navorsing toon dan ook dat dit essensieel is dat leerkragte toereikende en verantwoordbare opleiding om geslagsopvoeding aan te bied, sal ontvang.

Die aard, sensitiwiteit en komplekse struktuur van die verantwoordelike aanbieding van geslagsopvoeding is in sigself voldoende stawing van die argument dat korrekte en gespesialiseerde opleiding noodsaaklik is. Keuring van leerkragte wat in dié rigting belangstel, is van wesenlike belang vir toereikende geslagsopvoeding op skool. Die geskiedenis van geslagsopvoeding in oorsese lande het aangetoon dat geslagsopvoeding in die hande van onbekwame en belangeloze leerkragte tot mislukking gedoem is. Met inagneming van voorgaande is die onderwyskorps gevra om aan te dui wat hulle mening is ten opsigte van die sosiale opleiding van leerkragte in geslagsopvoeding. Die response word in tabel 4.31 uiteengesit.

Die response soos weergegee in tabel 4.31 toon duidelik dat die oorgrote meerderheid respondentie (89,3 %) van mening is dat dit nodig is dat leerkragte wat geslagsopvoeding sal aanbied spesiale opleiding moet ontvang. Indien hierdie gegewens vergelyk word met die response van ouers oor dié vraag blyk dat 74,5 % van die ouers aangedui het dat geslagsopvoeding deur 'n spesiaal opgeleide onderwyser aan-

TABEL 4.31

MENINGSPEILING (ONDERWYSKORPS): MOET LEERKRAGTE SPESIALE OPLEIDING IN GESLAGSOPVOEDING ONTVANG?

Menings	Onderwyskorps	
	N	%
Ja	240	89,3
Nee	21	7,8
Weet nie	2	0,7
Onseker	6	2,2
TOTAAL	269	100,0

gebied moet word (kyk tabel 4.19). Daar kan dus aanvaar word dat die gespesialiseerde opleiding van onderwysers in geslagsopvoeding 'n essensiële voorvereiste is alvorens oorweging geskenk word aan die implementering van 'n geslagsopvoedingsprogram op skool.

4.6 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN RESPONDENTE SE MENINGS OOR GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

Na aanleiding van die menings van respondente (ouers én onderwyskorps) is tot die volgende algemene gevolgtrekkings ten opsigte van geslagsopvoeding op skool gekom:

- * Ouers het hulp nodig met die geslagsopvoeding van hulle kinders.
- * Die aangewese persone wat ouers in dié opsig kan bystaan, is spesiaal opgeleide onderwysers en mediese dokters/beamptes.
- * Weinig twyfel bestaan by respondente dat geslagsopvoeding wel in skole aangebied moet word. Respondente meen dan ook dat dit noodsaaklik is dat alle kinders ten opsigte van die korrekte norme en relevante feitekennis aangaande geslagsaangeleenthede onderrig moet word.

- * Daar is 'n redelike mate van teenkanting teen die idee dat seuns en dogters saam in een klasgroep geslagsopvoeding moet ontvang.
- * Gespesialiseerde opleiding vir leerkragte om die klasse aan te bied word as noodsaaklik beskou.
- * Geslagsopvoeding behoort nie as 'n aparte vak aangebied te word nie maar die inhoud daarvan moet met inhoud van relevante vakke soos byvoorbeeld Skoolvoorligting, Biologie, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding geïntegreer word.

HOOFTUK 5

DIE OPVOEDINGSOPGawe TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKHEID

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 van die onderhawige studie word gestel dat geslagtelikheid met mens-wees gegee is en dus wesenlik van mens-wees is. Die klein kindjie word a-geslagtelik en a-sedelik gebore - hy is nog nie bewus van sy eie geslagtelikheid of van sedelik-morele norme en waardes nie. Die vraag word derhalwe gevra na die opgawe wat die geslagtelikheid van die mens aan die opvoeder stel.

In hoofstukke 2 en 3 is geslagsopvoeding as besondere wyse van opvoeding ontleed en beskrywe met die oog op die daarstelling van 'n doel met geslagsopvoeding asook die beskrywing van faktore in die gesin en samelewing wat geslagsopvoeding belemmer. Die bevindinge van 'n meningspeiling ten opsigte van geslagsopvoeding is in hoofstuk 4 aan die hand van empiriese gegewens bespreek.

5.2 DIE DOEL MET GESLAGSOPVOEDING

Die doel met geslagsopvoeding is om die opvoedeling te begelei tot kennis, insig en waardering van sy eie en ander se geslagtelikheid. Hierdie kennis, begrip en waardering van die appèl wat die geslagtelikheid van die mens tot die opvoedeling rig, moet toenemend in die sosiaal-aanvaarbare en genormeerde gedrag, houdinge en gesindhede van die opvoedeling ten opsigte van geslagtelikheid vergestalting vind.

Verbesonderde doelstellinge met geslagsopvoeding sluit die volgende in:

- (i) Die opvoeder moet feitelikhede ten opsigte van geslagtelikheid op 'n sinvolle wyse en op die korrekte leeftydfase vir die kind ontsluit.

- (ii) Die opvoeder moet die kind begelei om die kennis en insig van sy geslagtelikheid sinvol in sy self=beeld te integreer sodat hy die positiewe waarde van sy geslagtelikheid kan ervaar en beleef.
- (iii) Die opvoeder moet die kind begelei om uit eie keuse gesonde, verantwoordelike heteroseksuele verhoudinge, wat op wedersydse vertroue gebaseer is, aan te knoop.
- (iv) Die opvoeder moet die kind help om faktore vanuit die samelewing, wat 'n invloed op die verwerkliking van sy geslagtelikheid kan uitoefen, te kan uitken. Kennis en insig van sodanige faktore moet die kind in staat stel om positiewe invloede te aanvaar en te verwerk maar om negatiewe faktore as nie-betekenisvol-vir-my te beleef. Met ander woorde, die kind moet leer om faktore in die samelewing te interpreteer en in juiste perspektief te stel ter wille van die sinvolle verwerkliking van sy eie geslagtelikheid.
- (v) Die opvoeder moet die kind begelei tot kennis en insig ten opsigte van die rol wat man en vrou moet vertolk in die toenemend-veranderende eietydse samelewing. Hierdie aspek het veral betrekking op die veranderende rol wat man en vrou in die gesin moet vertolk.
- (vi) Die kennis en insig wat die kind toenemend ten opsigte van geslagtelikheid verwerf, moet hom in staat stel om verkeerde inligting ten opsigte van geslagsaangeleenthede te identifiseer, asook om verdraaide inligting te korrigier.
- (vii) Die kind moet die norme wat betrekking het op geslagtelikheid leer ken, begryp, aanvaar en waardeer sodat hy toenemend op eie verantwoordelikheid selfstandig in enige gegewe situasie tussen die

behoorlike en onbehoorlike kan kies.

5.3 DIE AARD VAN GESLAGSOPVOEDING

Inhoude vanuit verskillende vakdissiplines het segwaarde in die teorievorming van geslagsopvoeding. Sielkunde, Sosiologie, Opvoedkunde, Wysbegeerte en Anatomie is van die dissiplines wat 'n bydrae kan lewer om geslagsopvoedingsteorieë te formuleer. Geslagsopvoedingsinhoude is gevolglik eklekties van aard. Die operasionalisering van dié teorieë in die praktyk (in die gesin en in die skool) is 'n besondere moeilike opgawe weens sekere kontroversiële en "intieme" aspekte van geslagtelikheid, voortplanting, menarge, geboortebeperking ensovoorts) wat bespreek moet word.

Die problematiek van die praktykwording van geslagsopvoeding word geïntensiever deur die belangrike inspraak van norme by toereikende geslagsopvoeding. Dié norme is nie eenvormig of staties nie en individue interpreter dié norme om by individuele en persoonlike situasies te geld. Vir toereikende geslagsopvoeding moet eenvormige norme wat in 'n bepaalde gemeenskap geld aan die kind voorgehou word, ten minste totdat die kind sodanige toereikende volwas-senheid bereik het dat hy na eie oordeel selfstandig en verantwoordelik kan kies.

Toereikende geslagsopvoeding impliseer dat die kind insig sal verwerf in sy eie ontwakende geslagtelikheid en daarvoor is nie slegs kennis, insig en waardering van feitelikhede en norme van belang nie, maar veral ook die korrekte en behoorlike voorlewing (houding, gesindhede en gedrag ten opsigte van geslagtelikheid) van dié persone met wie die kind identifiseer.

'n Derde faktor in die aard van geslagsopvoeding wat probleme in die praktyk kan veroorsaak, is die gevoelsmatige momente in geslagtelikheid wat subjektief en individueel is en nie "onderrig" kan word nie. Die sin van die geestelike (liefde) in die verwerkliking van geslagtelikheid

moet aan die kind uitgewys word. Op grond van die aard van die liefde is dit egter onmoontlik om dit kategorial in 'n definisie vas te vang. Vir elke mens is die belewing van liefde 'n unieke ervaring.

5.4 OPVOEDERS WAT VERANTWOORDELIKHEID MOET AANVAAR VIR GESLAGSOPVOEDING

5.4.1 Die taak van die ouers ten opsigte van geslagsopvoeding

Die ouers word allerwee beskou as die aangewese persone om geslagsopvoeding in die intiem-persoonlike atmosfeer van die gesin waar te neem.

Die problematiek rondom dié siening is daarin geleë dat sommige ouers geslagsopvoeding nie kan of wil hanteer nie en gevvolglik die aangeleentheid doodswyg. Die stelling word onder andere deur Gordon (1977) ondersteun met sy bevinding dat slegs 20 % van ouers in die VSA hulle kinders met betrekking tot geslagsaangeleenthede toereikend opvoed.

'n Ondersoek na geslagsopvoeding in die Verenigde Koninkryk deur Michael Schofield (in Rogers 1964) bevestig ook dié bevinding van Gordon.

Ouers is egter nie normaalweg bereid om te erken dat hulle die geslagsopvoeding van hul kinders verwaarloos nie. Hierdie stelling word ondersteun deur die ouers en onderwyskorps se menings ten opsigte van die geslagsleiding wat ouers aan hul kinders bied te vergelyk. (hoofstuk 4 paragraaf 4.2.5). Die onderwyskorps het oorwegend aangedui (93,7 %) dat ouers nie genoegsame leiding aan hulle kinders bied nie, terwyl slegs 42,9 % van die ouers aangedui het dat hulle nie genoegsame leiding ten opsigte van geslagsopvoeding bied nie.

Verdere faktor wat ouers se geslagsopvoedingstaak bemoei-

lik is die feit dat ouers onseker is oor presies hoe hulle die aangeleentheid moet benader asook hul eie onkunde ten opsigte van biologiese/fisiologiese aangeleenthede rakende geslagsopvoeding. Hierdie stelling word in die meningspeiling bevestig deurdat respondenten aangedui het dat hulle meestal hul eie kennis by maats en deur ondervinding opgedoen het (hoofstuk 4, paragraaf 4.2.2).

Die korrektheid van sodanige kennis kan bevraagteken word. Voortgekomende stelling word verder ondersteun deur die navorsing van De Kock onder 276 Kleurlingmoeders van buite-egtelike kinders. Hy het onder andere gevind dat slegs twee persent van die ondersoeksgroep geweet het wan-neer konsepsie in die menstruasieklus moontlik is (De Kock 1980).

Die bevindinge van die meningspeiling wat vir die onderhavige studie onderneem is, dui daarop dat ouers deskundige advies en leiding nodig het ten opsigte van die geslagsopvoeding van hulle kinders in die juniorprimêre- tot seniorsekondêreskoolfases (hoofstuk 4, paragraaf 4.4.1).

Waar ouers nie hulle geslagsopvoedingstaak na behore kan of wil volvoer nie, moet daar na alternatiewe wyses gesoek word om die ouers in hul geslagsopvoedingstaak te ondersteun en te help, maar nie om hulle te vervang nie.

5.4.2 Die skool se taak ten opsigte van geslagsopvoeding

In voorgaande paragrawe is aangetoon dat sekere ouers nie hulle verantwoordelikheid kan of wil nemen nie, of, indien hulle wel die verantwoordelikheid aanvaar, hulle self nie oor genoegsame kennis beskik om geslagsopvoeding op 'n verantwoordbare wyse aan te bied nie.

Die kind het oor die algemeen 'n natuurlike nuuskierigheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede. Indien hy nie bevredigende antwoorde of leiding by sy ouers ontvang nie,

probeer hy antwoord en inligting by ander vind - gewoonlik maats - te kry.

Aangesien 'n gebrek aan leiding ontoereikende verwerkliking van geslagsopvoeding tot gevolg het, moet alternatiewe weë gesoek word om die ouer tot hulp te wees. Die skool as geïnstitutionaliseerde sekondêre opvoedingsinstansie word oor die algemeen beskou as dié een wat op 'n opvoedkundig-verantwoordbare wyse die ouers kan help en ondersteun in hulle geslagsopvoedingstaak.

Die respondentie is in die meningspeiling versoek om aan te dui wie die verantwoordelikheid van geslagsopvoeding moet aanvaar.

Slegs 2 % van die ouers was van mening dat geslagsopvoeding uitsluitlik die ouers se taak is. Respondente van die onderwyskorps het insgelyks aangedui dat hulle ten gunste is van geslagsopvoeding op skool (92,6 % het sodanige aanduiding gegee). Die ouers (74,5 %) en die onderwyskorps (89,3 %) was ook oortuig dat onderwysers wat geslagsopvoeding moet waarneem spesiale opleiding moet ondergaan. Hierdie siening word sterk ondersteun deur gevengewens verkry van oorsese lande waar die sukses van 'n geslagsopvoedingsprogram gekoppel word aan die opleiding en persoonlikheid van die individuele onderwyser (Bongers en De Klerk, 1980).

Die meningspeiling onder die onderwyskorps het verder aangedui dat die respondentie oor die algemeen ten gunste daarvan is dat geslagsopvoedingsinhoude by relevante vakke geïntegreer moet word. Die vakke wat as relevant of geskik beskou word, is Skoolvoorligting, Biologie, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding.

5.4.3 Probleme rondom die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram op skool

Die problematiek rondom die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram op skool word vervolgens kortliks bespreek:

a) Die terreinafbakening

Geslagsopvoedingsinhoude is afkomstig vanuit verskillende en soms uiteenlopende dissiplines (vergelyk religie en anatomie).

Die probleem word geïntensiever deur die mensbeskouing van die samestellers van sodanige geslagsopvoedingsprogram en deur die mensbeskouing van die dissipline waaruit die inhoud geselekteer word. Die mensbeskouing kan byvoorbeeld oorwegend naturalisties wees waar die mens as 'n bio-psigiese en verlengstuk van die dier beskou word en by die behaviouristiese siening van die kousaliteitsleer (oorsak en gevolg). Met ander woorde die norm staan nie sentraal in dié mensbeskouing nie en die opvoedingsimplikasies is dat daar vir die volwassene niks anders oorbly as om ideale "groeikondisies" vir die kind se "rypwording" te skep nie. In teenstelling hiermee kan die antropologies-personologiese mensbeskouing, waar die mens as waardewese beskou word, onderskei word. Met dié mensbeskouing as vertrekpunt word aanvaar dat die mens onder andere vry is om sy eie keuses te maak en self 'n aandeel te neem in sy volwasse wording.

Die mens is dus nie uitgelewer aan sy biologiese rypwording nie en is nie 'n drifgedreve wese nie. Die norm (die behoorlike) staan sentraal in die antropologies-personologiese mensbeskouing met die implikasie dat die opvoeding kindgerig maar normsentries sal wees.

Die invloed wat die mensbeskouing van programsamestellers op geslagsopvoedingsteorieë uitoeft, kan afgelei word uit die verskillende doelstellings en inhoudsamestelling van onderskeie geslagsopvoedingsprogramme in oorsese lande (Bongers en De Klerk 1980).

Die keuse van inhoud, doelstellings en wyse van aanbieding van geslagsopvoeding in die skool sal dus deur die geslagsopvoedingsprogramsamestellers bepaal word. Indien sodanige samestelling op 'n lukrake wyse geskied, is die

moontlikheid van toereikende geslagsopvoeding in die skool beperk.

b) Die aard van geslagsopvoeding

Die aard van bepaalde geslagsopvoedingsinhoude (liggaamlike feitelikhede, geestelike en normatiewe) mag vir sommige onderwysers 'n wesenlike probleem skep om dit te ontsluit en dit mag die kind nadelig beïnvloed indien dit nie op die korrekte wyse aangebied word nie.

c) Die seleksie van inhoud

Dit is van wesenlike belang vir die sukses van 'n geslagsopvoedingsprogram dat die inhoud normatief aangebied sal word en vir die kind lewensnaby en sinvol sal wees. Dié stelling impliseer dat die kind nie alleen die feitekennis moet kan verstaan en verwerk nie maar bowe al dat hy die norm wat verbandhou met die feitekennis as sinvol-vir-my sal kan aanvaar om tot waardeverwerkliking te kan kom. Voorgenoemde impliseer nie "sede-prediking" nie.

Indien bepaalde norme vir die kind sinloos voorkom, sal blote feitekennis nie die kind/jeugdige aanspoor tot meer toetereikend verantwoordelike geslagtelike begrip nie. Die opvoeder het dus veral as taak om die normatiewe op so 'n wyse oor te dra dat die kind dit as sinvol en waardevol aanvaar met die uitkoms dat hy SELF volgens die norm WIL leef.

Inhoude wat verband hou met geslagtelike feitelikhede soos menarge, voorplanting, geslagsiektes en geboortebeperking is sensitief en kontroversieel. Fyn beplanning van spesifieke sensitiewe inhoud, om die menswaardigheid van beide leerkrug en kind te handhaaf, is noodsaaklik.

d) Koëdukasie teenoor enkelgeslagonderrig

Vanweë die intieme aard van bepaalde geslagsopvoedingsinhoude kan dit wees dat dit enersyds meer verantwoord-

baar sou wees om enkelgeslagonderrig te verskaf en ander= syds dat onderwysers voorkeur sal verleen aan enkelgeslag= onderrig. In die ondersoek is gevind dat twyfel by res= pondente bestaan oor die koëdukasie of enkelgeslagonderrig van geslagopvoeding.

e) Geslagsopvoeding as afsonderlike program

Geslagsopvoeding kan as 'n afsonderlike program/vak of geïntegreerd met ander vakke aangebied word. Die aanbie= ding van geslagsopvoeding as 'n afsonderlike vak geniet nie veel steun nie. Een rede vir hierdie siening is dat die inhoud van geslagsopvoeding van so 'n aard is dat dit nie 'n afsonderlike vak regverdig nie.

Respondente van die onderwyskorps is van mening dat geslagsopvoeding nie as 'n afsonderlike vak met eie inhoud aangebied moet word nie. 'n Program waar inhoud geselekt= teer word en dan by relevante vakke soos Skoolvoorligting, Biologie, Huishoudkunde en Liggaamlike Opvoeding geïnte= greer word, word ondersteun. Sodanige program het me= riete, maar daar bestaan bepaalde probleme ten opsigte van die praktykwording van 'n geïntegreerde geslagsopvoedings= program. Enkele van die probleemvrae is die volgende:

- * Watter inhoud hoort by welke vak?
- * Hoe sal dit die sillabus van die vakke waarby die geslagsopvoedingsinhoud geïntegreer word, beïnvloed?
- * Hoe sal dit die opleiding van onderwysers beïnvloed?
- * Wat gebeur met die geslagsopvoeding van leerlinge wat in die seniorsekondêreskoolfase nie vakke soos Biologie en Huishoudkunde neem nie?

Die samestelling van 'n program waar geslagsopvoedings= inhoud by ander vakke geïntegreer word, noodsaak verdere navorsing.

5.5 FAKTORE WAT GESLAGSOPVOEDING BELEMMER

5.5.1 Faktore in die gesin

In hoofstuk 2 en hoofstuk 3 is die noodsaaklikheid van ouerlike begeleiding ten opsigte van geslagsopvoeding beskryf. In die meningspeiling (paragraaf 4.2.5) is aangetoon dat 57,1 % van die ouers van mening is dat ouers genoegsame leiding bied ten opsigte van geslagsopvoeding maar slegs 2,2 % van die onderwyskorps was dié mening toegedaan.

Die volgende faktore in die gesin wat geslagsopvoeding kan belemmer, is deur die meningspeiling geverifieer (die persentasie tussen hakies verteenwoordig eerstens die ouers en tweedens die onderwyskorps - vergelyk tabel 4.14):

- * Die ouers is te veel uithuisig (74 % en 79 %).
- * Die moeder werk en moet huishou daarby (62 % en 63 %).
- * Egskeiding is te maklik (64 % en 38 %).
- * Die kind ontvang te min liefde (71 % en 67 %).
- * Ouers laat hul kinders maar begaan (tekort aan gesag en gebrekke normatiewe opvoeding) (72 %).
- * Versteurde verhouding tussen ouers (68 % en 69 %).
- * Die vader ontbreek in die gesin (66 % en 61 %).
- * Die moeder ontbreek in die gesin (71 % en 67 %).
- * Die atmosfeer in die huis is onpersoonlik (gebrek aan liefdevolle samesyn) (68 % en 69 %).

1) Die vraag is slegs aan ouers gevra.

- * Gesinne is te groot (61 % en 56 %).
- * Drankmisbruik (80 % en 87 %).
- * Onsedelikheid (byvoorbeeld swak voorbeeld van gesinslede) (72 % en 80 %).
- * Dwelmmiddelmisbruik in die gesin (82 % en 81 %).

Verder is bevind dat ouers self die meeste van hul kennis ten opsigte van geslagsaangeleenthede by maats of deur eie ervaring opgedoen het. Die kwaliteit van sodanige kennis kan derhalwe bevraagteken word.

5.5.2 Faktore in die samelewning

In hoofstuk 3 is 'n teoretiese uiteensetting van faktore vanuit die samelewning, wat 'n belemmerende invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen, gegee. Die respondenten is versoek om die samelewingsfaktore wat hulle as die mees belemmerend vir geslagsopvoeding beskou, aan te dui.

Die menings was soos volg:

- * Mense woon te dig opmekaar (ouers 77 %; onderwyskorps 84 %).
- * Swak behuisingstoestande (ouers 79 %; onderwyskorps 83 %).
- * Te veel mense is werkloos en ledig (ouers 81 %; onderwyskorps 80 %).
- * Daar is te min ontspanningsruimte in die stede (ouers 64 %; onderwyskorps 80 %).
- * Daar is te min georganiseerde ontspanning en jeugverenigings (ouers 58 %; onderwyskorps 80 %).

Uit voorgaande gegewens blyk dat die ondersoekgroep sosio-ekonomiese faktore as dié faktore beskou wat die

mees belemmerende invloed op geslagsopvoeding uitoefen.

Ander faktore wat ook as belemmerend beskou word is:

- * Morele standaarde het verswak (ouers 60 %; onderwyskorps 69 %).
- * Kinders word op 'n jonger leeftyd as vroeër liggaamlik ryp (ouers 70 %; onderwyskorps 52 %).
- * Die invloed van maats (ouers 67 %; onderwyskorps 64 %).

Die massamedia en mode-invloede word nie as belemmerende faktore ten opsigte van geslagsopvoeding beskou nie.

5.6 MOONTLIKE GEVOLGE VAN ONTOEREIKENDE GESLAGSOPVOEDING

Ontoereikende verwerkliking van geslagsopvoeding kan moontlik in die volgende verskynsels manifesteer:

- (i) Die onvermoë van die individu om tot outonome, verantwoordelike selfverwerkliking ten opsigte van sy geslagtelikhed te kom. Hierby word ingesluit persone wat neuroses ten opsigte van geslagtelikhed (die seksuele) ontwikkel of probleme ondervind om normale en gesonde heteroseksuele verhoudinge aan te knoop.
- (ii) Persone wat oppervlakkige seksuele verhoudinge aan knoop in die waan dat dit eensaamheid ophef, of vir enige ander redes soos byvoorbeeld "populariteit" of ter wille van lusbestrewing.
- (iii) Buite-egtelike geboortes.
- (iv) Homoseksualisme.
- (v) Aborsies
- (vi) Buite-egtelike verhoudinge
- (vii) Bloedskande

(viii) Verkragting.

(ix) Pornografie.

(x) Egskeidings.

(xi) Versteurde huweliksverhoudinge.

(xii) Ontoereikende geslagsrolidentifikasie.

(xiii) Seksuele viktimisasie.

5.7 GEVOLGTREKKING

Met opvoeding word beoog om die kind te begelei tot volwaardige volwassenheid, waardeur hy sy lewenstaak as MENS verantwoordelik sal kan volvoer.

Geslagsopvoeding is 'n besonderse wyse van opvoeding, waarmee volwaardige MAN-WEES of VROU-WEES as besondere WYSES van volwasse-wees beoog word. Dit wil sê dat die vervulling van die lewenstaak, hoewel nie bloot geslagtelik bepaald nie, duidend sal wees van die wyse waarop 'n individu as man of vrou eksisteer.

Geslagsopvoeding beteken vir die opvoedeling die verwerwing van 'n intellektuele greep op die eie geslagtelike faktisiteit (as dit wat biologies gegee is en die betekenis daarvan); dit beteken dat geslagsopvoeding inderdaad 'n besondere wyse van opvoeding is, aangesien dit feitelikhede van die eie geslagtelikhed behels. Dit wil sê geslagsopvoeding het ook 'n onderwyskundige keerkant. Sonder korrekte kennis van die unieke feitelikhede wat geslagtelikhed kenmerk, kan toereikende geslagsopvoeding nie verwerklik word nie. Die normatiewe (die behoorlike) ten aansien van geslagsaangeleenthede kan nie deur die kind as sinvol beleef word indien hy nie die nodige feitkennis tot sy beskikking het nie. Slegs as hy kennis en begrip het van geslagtelikhed as 'n faktisiteit van mens-

wees sal hy die norme wat verband hou met kuisheid as waardevol kan ervaar.

Geslagsopvoeding is nie die panasee vir sosiale en persoonlike probleme ten opsigte van geslagtelikheid nie. Toereikende geslagsopvoeding bied slegs die moontlikheid tot 'n meer toe-reikende verwerkliking van die spesifieke lewenstaak wat man-wees en vrou-wees impliseer.

Samevattend kan gestel word dat opvoeding die aktualisering van waardes soos eerlikheid, lojaliteit, verantwoordelikheid en getrouheid impliseer, wat nie slegs spesifiek met die geslagtelikheid van die mens verband hou nie, alhoewel voornoemde waardes ook by geslagsopvoeding van belang is. Kuisheid as besondere waarde (met afgeleide norme) hou daarenteen direk verband met die geslagtelikheid van die mens.

Geslagsopvoeding stel dus, vanweë die unieke feitelikhede wat die geslagtelikheid van die mens kenmerk en die feit dat kuisheid 'n besondere wyse van lewe is, 'n besondere taak aan die opvoeder.

Vanweë verskeie faktore in die eietydse samelewing is daar ouers wat nie dié besondere opvoedingsopgawe kan hanteer nie. Die skool as sekondêre instansie het dus 'n verantwoordelikheid teenoor die kind in die samelewing om die ouers in hulle geslagsopvoedingstaak by te staan.

5.8 SLOTOPMERKINGS

Toenemende belangstelling in geslagsopvoeding op skool word in die RSA openbaar. As voorbeeld kan die volgende genoem word:

- * Die skole van die Kaapse Onderwysdepartement bied sedert 1979 'n gesinsvoorligtingsprogram aan.
- * In Januarie 1983 te Bloemfontein is daar by 'n seminaar vir Swart onderwysers 'n resolusie aanvaar dat geslagsopvoeding in Swart skole aangebied moet word.

- * Twee werkkomitees van die RGN-ondersoek na onderwys in die RSA (Skoolvoorligting en Gesondheids-, mediese- en paramediese dienste) het in hulle verslae aanbeveel dat aandag aan "seksvoorligting" geskenk moet word.

Dit is die oorwoë mening van skryfster dat, voordat enige geslagsopvoedingsprogram in ons skole ingestel word, daar eers deeglike navorsing onderneem moet word ten opsigte van

- * kurrikula
- * sillabusse (inhoude)
- * onderwysersopleiding.

Ten slotte die volgende woorde van die 10-jarige Toni van Duitsland:

Sex Education, that's a hard question! I think the father should tell the boys and the mother should tell the girls. The parents should tell the children before they hear it on the streets. Maybe when they are about ten years old.

I knew a lot but only half of everything, and why should parents be ashamed to tell children how nature works? Maybe they think we still believe in the stork, or that we fall into the room from heaven. It's quite simply the parents' job to explain to the children. After all, we have to do our homework ... (Lepman 1975: 75).

GESLAGSOPVOEDING VAN DIE KLEURLINGKIND

deur

JOSEPHINE THERESE DE KLERK

LEIER : PROF. J.W.M. PRETORIUS
DEPARTEMENT : PSIGO- EN SOSIOPEDAGOGIEK
FAKULTEIT : OPVOEDKUNDE
GRAAD : MAGISTER EDUCATIONIS

SAMEVATTING

Geslagtelikheid is 'n wesenskenmerk van die mens en stel dus 'n pedagogiese taak wat nie deur die opvoeder ontken of ontwyk mag word nie. Geslagsopvoeding as wyse van opvoeding het 'n partikuliere doel, aard en inhoud. Aangesien die inhoud van geslagsopvoeding onder meer betrekking het op die sensitiewe en persoonlike seksuele aspekte van mens-wees, veroorsaak dit vir baie ouers probleme. Dié potensieel problematiese situasie word geïntensiver deur faktore in die gesin en samelewing wat 'n nadelige invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen.

Die onderhawige studie het enersyds die vraag na die besondere opgawe wat die geslagtelikheid van die mens (kind) aan die opvoeder stel, deurskou. Andersyds is die menings van 'n groep Kleurlingouers en -onderwysers ten opsigte van die geslagsopvoeding van die Kleurlingkind ingewin. Die partikuliere vraag in dié verband is: Bestaan daar tans 'n behoefte by die Kleurlinggemeenskap aan die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in skole?

In die teoretiese analise van geslagsopvoeding is geslagsopvoeding as besondere wyse van opvoeding beskryf. Daar

is aangetoon dat die ontsluiting van feitelikhede insluitend fisiese (liggaamlike), geestelike, normatiewe en sosiale aspekte van geslagtelikheid sowel as die veranderende rol wat man/vrou in die samelewing moet vertolk, 'n wesenskenmerk van geslagsopvoeding is. In samehang met kennis en insig rakende dié feitelikhede is die verwerwing van verantwoordelikheid 'n fundamentele kenmerk van toereikende geslagsopvoeding. Die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies by toereikende geslagsopvoeding is voorts aangetoon.

Teen dié agtergrond is faktore in die gesin en samelewing, wat 'n nadelige invloed op geslagsopvoeding kan uitoefen, beskryf. Die manifestering van sosiale probleme as gevolg van ontoereikende geslagsopvoeding en faktore wat moontlik aanleiding kan gee tot sodanige probleme, is kortliks bespreek. Enkele van dié faktore is die volgende:

- * Die nivellerings, minimalisering en vervaging van geslagsnorme in die eietydse samelewing.
- * Die huiwering van sommige ouers om geslagsaangeleenthede openlik en op 'n natuurlike wyse met hulle kinders te bespreek.
- * Sosio-ekonomiese faktore soos armoede, drank- en dwelmmiddelmisbruik.
- * Die swak voorbeeld van volwassenes met wie die kind identifiseer.

Geslagsopvoeding kan nie as 'n "kuur" vir problematiese geslagtelike gedrag soos promiskuïteit of die vermindering van buite-egtelike geboortesyfers beskou word nie. Sodanige beskouing is 'n simptoombehandeling wat nie tot die werklike opvoedingsopgawe wat geslagtelikheid aan die mens stel, deurdring nie. Geslagsopvoeding het ten doel die normgerigte begeleiding van die kind tot kennis, begrip en waardering van sy eie en ander se geslagtelik-

heid. Hierdie kennis en insig moet toenemend in die sosiaal aanvaarbare en genormeerde gedrag, houdinge en gesindhede ten opsigte van geslagtelikheid van die kind vergestalting vind.

Die ouers is die aangewese persone om die geslagsopvoeding van hulle kinders te behartig. In 'n toenemend gekompliseerde en problematiese eietydse samelewing vind baie ouers egter dat hulle hulp en ondersteuning in die volvoering van dié taak nodig het. Die skool as sekondêre opvoedingsituasie met 'n mede-verantwoordelikheid vir die opvoeding van kinders het dus 'n taak om ouers in dié saak te help en te ondersteun.

Aan die hand van 'n meningspeiling onder 'n groep Kleurlingouers en -onderwysers is gevind dat 'n oorweldigende meerderheid respondentie van mening is dat daar 'n behoefte aan die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in skole is. Voorts is gevind dat die onderwyskorps van mening is dat geslagsopvoedingsinhoude by bestaande vaksyllabusse geïntegreer moet word eerder as om dit as 'n aparte vak aan te bied. Verskeie probleme ten opsigte van die instelling van 'n geslagsopvoedingsprogram in skole is uitgewys en daar is aanbeveel dat verdere navorsing in dié opsig noodsaaklik is.

SEX EDUCATION OF THE COLOURED CHILD

by

JOSEPHINE THERESE DE KLERK

SUPERVISOR : PROF. J.W.M. PRETORIUS
DEPARTMENT : PSYCHOPEDAGOGICS AND SOCIOPEDAGOGICS
FACULTY : EDUCATION
DEGREE : MAGISTER EDUCATIONIS

SUMMARY

Sex is a fundamental characteristic of mankind and consequently imposes a pedagogical task that may not be denied or evaded by the educator. Sex education as a part of school education, has a specific aim, content and nature.

Considering that the contents of sex education border on the sensitive and personal, sexual aspects give rise to problems for many parents. This potentially problematic situation is aggravated by factors in the family and society that have a detrimental effect on sex education.

This study in the first instance views the task of the educator (parent and teacher), and secondly the opinions of a group of Coloured parents and teachers with respect to the sex education of the Coloured child. The particular question in this regard is: Does the Coloured community at present feel a need for the implementation of a sex education programme in schools?

In the theoretical analysis, sex education is described as a particular facet of education. It is indicated in the study that physical (bodily), mental, normative and social aspects of sex as well as the changing role of man/woman in society must be taken into consideration

in sex education. For a sex education programme to be successful, pupils must not only acquire knowledge and understanding of sexual matters, but they must also be taught to act with responsibility in this regard. The study also sheds light on the actualisation of sociopædagogical essentials concerning adequate sex education.

It is in this light that factors in the family and society, that can have a detrimental effect on sex education, are described. The manifestation of social problems as a result of inadequate sex education and factors that could result in such problems are briefly discussed.

Some of the factors discussed are the following:

- * The levelling, minimising and blurring of sex norms in contemporary society.
- * The hesitation of some parents to discuss sex openly and in a natural way.
- * Socio-economic factors such as poverty, drunkenness and drug abuse.
- * The poor example of adults with whom children identify.

Sex education cannot be regarded as a "cure" for problematic sexual behaviour such as promiscuity or for reducing the illegitimacy rate. If sex education is regarded as a cure, only the symptom is treated and the actual task is not realized. Sex education aims at assisting the child to understand and appreciate his own sexuality and that of other people. This knowledge and understanding must progressively be embodied in the socially acceptable behaviour and attitude of the child towards sexuality.

The parents are the obvious people to accept responsibility

for the sex education of their children. However, in an increasingly complex and problematic contemporary society, many parents find that they need help and support in the fulfilment of this task. The school, which is also responsible for the education of children, has thus the task of helping and supporting the parents.

From the research data collected from a group of Coloured parents and teachers, it has been found that an overwhelming majority of respondents feel that there is a need for introducing a sex education programme in schools. It has also been found that the teachers feel that sex education must be integrated with other subject syllabuses and must not be offered as a separate subject. Different problems with respect to the introduction of a sex education programme in schools are indicated in the study and it is recommended that further research be conducted in this field.

BRONNELYS

AUSUBEL, D.P. *Theory and problems of child development.*
New York: Grune and Stratton, 1958.

BABOCK, P. ed. *Webster's Third International Dictionary.*
Massachusetts: Merriam, 1961.

BEETS, N. *Lichaamsbeleving en seksualiteit in de puberteit.* Utrecht: Bijleveld, 1969.

BIGOT, L.C.T., VAN HEES, G. *Het Kind.* Groningen:
Wolters, 1967.

BONGERS, C.J. *Geslagtelikheid as eksistensiaal in die beroepsoriënteringsituasie.* Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1980. (M.Ed.-verhandeling)

BONGERS, C.J., DE KLERK, J.T. *Opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede,* Deel 1: *Geslagsopvoedingsprogramme in enkele oorsese lande en in die RSA.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W., HIEMSTRA, L.W. *Tweetalige Woordeboek.* Kaapstad: Tafelberguitgewers, 1967.

BOTHA, T.R. *Die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding.* Pretoria: Pretoria Drukkers, 1977.

BRAUTIGAM, W. *Werden und Handeln.* Stuttgart: G.M.B.H., 1963.

BRINDLEY, M. *Western Coloured township: Problems of an urban slum.* Johannesburg: Ravan Press, 1976.

BRUESS, C.E., GREENBERG, J.S. *Sex education: Theory and practice.* Belmont: Wadsworth, 1981.

BUTLER, P., CARPENTER, C. *Teenage morality - Whose responsibility?* *The plain truth* Feb. 1980 : 14-17.

BUYTENDIJK, F.J.J. *De Vrouw.* Utrecht: Anla Boeken, 1967.

CHAFETZ, J.S. *Masculine/feminine or human.* Itasca: Peacock, 1974.

CHAMBERLIN, W.J. *Sex and today's children.* *The Clearing House* 54(9), May 1981 : 414-417.

CHILMAN, C.S. *Illegitimate births to adolescents.* *Marriage and Family Review* 2(4), 1979 : 1-10.

DALLAS, D.M. *Sex Education in school and society.* National Foundation for Educational Research in England and Wales, 1972.

DE KLERK, L. *De psychologie van de jonge man en de jonge vrouw van eenentwintig tot dertig jaar.* Haarlem: De Toorts, 1966.

DE KOCK, C.P. *Buite-egtelikheid by Kleurlinge in die Kaapse Skiereiland.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1980.

DOYLE, D.A. *But are the schools the best place for sex education?* *The American School Board Journal* Feb. 1975 : 40-41.

DREYFUS, E.A. *Youth : Search for meaning.* Columbus, Ohio: Merrill, 1972.

DU PLESSIS, P.J.J. *Sosiopedagogiek: Opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid.* Johannesburg: McGraw-Hill, voorw. 1974.

ENGELBRECHT, C.S., KOK, J.C., VAN BILJON, S.S. *Volwassenewording.* Pretoria: Butterworths, 1982.

FRANKL, V.E. *The doctor and the soul.* New York: Vintage Books, 1955.

GARBERS, J.G. *Ordening tot 'n opvoedkundige ontwikkellingsmodel.* Johannesburg: Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, A.51, 1972.

GORDON, S. A strong case for straightforward sex education in the home and school. *The American School Board Journal* Feb. 1975 : 37-40.

GORDON, S. Sex education is dead in the elementary schools. *Instructor* March 1977 : 132.

GRESSE, D.A. *Sosio-pedagogiese verkenning.* Kaapstad: Juta, 1973.

GUNTER, C.F.G. *Aspekte van die teoretiese Opvoedkunde.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers, 1977.

HAIMS, L.J. *Sex education and the public schools.* Massachusetts: Heath, 1973.

HOYMAN, H.S. Sweden's experiment in human sexuality and sex education. *Journal of School Health* 4(4), 1971 : 172-184.

JOHNSON, W.R., BELZER, E.G. *Human sexual behaviour and sexual education.* Philadelphia: Leo and Febinger, 1973.

KIDD, D.A. *Collins Latin Gem Dictionary.* London: Collins, 1957.

KILANDER, H.F. *Sex education in the schools.* Toronto: MacMillan, 1968.

KRIEKEMANS, A. *Gezins-paedagogiek.* Antwerpen: 1959.

KIRSTEIN, C.L. *Ontoereikende kommunikasie as opvoedingsbelemmering: 'n Sosio-ortopedagogiese perspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1977. (M.Ed.-verhandeling)

LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J., ROOS, S.G. *Fundamenteel-pedagogiese essensies.* Durban: Butterworths, 1975.

LANDMAN, W.A. *Enkele aksiologies-ontologiese momente in die volwassenheidsbelewing.* Pretoria: N.K. Kerk Boekhandel, 1970.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G., MENTZ, N.J. *Fundamentele Pedagogiek: Leerwyse en vakonderrig.* Durban: Butterworths, 1979.

LEPMAN, J. ed. *How children see our world.* New York: Avon, 1975.

LOUW, W.J. *Sosiodidaktiese Pedagogiek: 'n eerste oriëntering.* Hen R-Academica, 1982.

MARCEL, G. *De mens zichzelf, een vraagstuk.* Utrecht: Bijleveld, 1969.

NEL, B.F. *Fundamentele oriëntering in die psigologiese Pedagogiek.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers, 1968.

NIEWENHUIS, F.J. *Die sosiale lewe van die dowe kind-in-opvoeding.* Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1980. (M.Ed.-verhandeling)

OBERHOLZER, C.K. *Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde.* Pretoria: Moreau, 1954.

PERQUIN, N. *De pedagogische verantwoordelijkheid van de samenleven.* Roermond Maaseik: Romen en zonen, 1966.

PERQUIN, N. *Pedagogische psychologie.* Roermond Maaseik:
Romen en zoonen, 1962.

PIETROFESA, J.J., PIETROFESA, D.V. *Human Sexuality in schools. Journal of Research and Development in Education* 10(1), 1976: 5-12.

PISTORIUS, P. *Kind in ons midde.* Kaapstad: Tafelberg,
1971.

PRETORIUS, J.W.M. *Opvoeding, Samelewing, Jeug.*
Pretoria: J.L. Van Schaik, 1979.

RAPHAEL, P. ed. *Women in the modern world.* New York:
The Free Press, 1967.

RIENZO, B.A. *The status of sex education: an overview and recommendations.* *Phi Delta Kappan* 63(3), Nov.: 192-193.

ROGERS, R.S. ed. *Sex education.* London: Cambridge University Press, 1974.

ROSS, J.S. *Groundwork of educational theory.* London:
Harrap, 1952.

SCHOFIELD, M. *Sexual behaviour of young adults.*
London: Ebenezer Baylis and son, 1974.

SCHONEES, P.C. et al. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor-uitgewery, 1979.

SCHORNACK, L.L., SCHORNACK, E.M. *The new sex education and the sexual revolution: a critical review.* *Family Relations* 31, Oct. 1982: 531-544.

SEIDMANN, P. *Moderne jeugd.* Antwerpen: Nederlandsche Boekhandel, 1967.